# ‘n Verstaanbare verduideliking van Christelike volmaaktheid

(Vertaal uit ‘A PLAIN ACCOUNT OF CHRISTIAN PERFECTION’)

*deur eerw. John Wesley*

*Vertaal deur*

*Pieter WS Joubert*

*Met die samewerking van*

*Ds. M Griesel en Ds V Joubert*

# INHOUDSOPGAWE


Voorwoord 3

Nota oor datering en redigering van die Engelse weergawe 4

**Hoostuk 1 – Deel 1-7**

'n Agtergrondskets 6

Die boodskap oor 'Die Besnydenis van die Hart' 7

**Hoofstuk 2 – Deel 8-14**

Die eerste gesangeboek word uitgegee 10

Die Karakter van 'n Metodis[1] 11

Verdediging van die boodskap van Christelike Volmaaktheid 14

'n Verdere verduideliking van Christelike Volmaaktheid 18

**Hoofstuk 3 – Deel 15-21**

Kragtige Apologetiek vir Christelike Volmaaktheid 24

Die eerste Metodiste konferensies 28

Nog Gesangeboeke sien die lig 32

Die konferensie van 1759 35

Onkruid in God se koring 47

**Hoofstuk 4 - Deel 22-24**

Nog onkruid tussen God se koring 49

Die besielende verhaal van Jane Cooper 51

**Hoofstuk 5 - Deel 25**

Verdere oordenkings oor Christelike Volmaaktheid 56

Raad aan hulle wat waarlik ware geloof en heiligheid na streef 68

Kort oordenkings - Daaglikse voedsel vir die siel 76

**Hoofstuk 6 – Deel 26-28**

Eerw. Wesley se samevatting 82

Laaste gedagtes oor Christelike volmaaktheid 86

**Lys van Skrifverwysings** 87

**Woordverklarings en ander verduidelikings** 88

# VOORWOORD

## Waarom het ek hierdie boek in Afrikaans vertaal?

Soveel van ons Afrikaanse Christene mis die geleentheid om eerw. John Wesley se werk ten volle te begryp omdat ons dit nie in ons eie taal kan lees nie. '*A Plain Account of Christian Perfection*' is die fondasie van die boodskap van heiligmaking wat die Here spesifiek op die hart van John Wesley gelê het. Ek het op die internet gaan soek na 'n Afrikaanse weergawe van '*A Plain Account of Christian Perfection*' omdat ek dit graag in my eie taal wou lees. Ek kon dit nêrens opspoor nie, so, as daar 'n gepubliseerde weergawe bestaan weet ek nie daarvan nie. Dus het ek dit goed gedink om die boek in Afrikaans weer te gee.

## Dinge om in ag te neem:

Ek is geensins 'n taalkundige nie, en die Sewentiende eeuse Engelse taalgebruik verskil heelwat van moderne Engels. Dit is moontlik dat ek dalk in sommige gevalle uitdrukkings, idiome, ensovoorts misverstaan het, en ook soms swaarder geleun het op ons Afrikaanse taalvorme om 'n gedagte weer te gee. Indien daar verskille in opinies sou ontstaan oor wat eerw. Wesley wou sê, laat weet my gerus en foute kan in 'n hersiene uitgawe aangespreek word.

Dit is moeilik om skrifverwysings oral korrek aan te toon omdat daar in die twee Engelse weergawes van die boek wat ek het, op verskeie plekke geen versverwysings voorkom nie. Ek het aangeneem dat eerw. Wesley die 'King James' (KJV) Engelse vertaling van die Bybel sou gebruik het, en ek het wel waar dit duidelik was, sover moontlik die Engels opgelees, en verse uit die '33/53' Afrikaanse vertaling *in skuinsdruk* aangehaal, tensy anders aangetoon. In sommige gevalle moes ek woorde in hakies () invoeg om die aanhaling te laat sin maak in die konteks van wat eerw. Wesley wou sê. Voor die 'Authorised' weergawe van die KJV verskyn het, was daar boonop verskeie verskillende aanpassings van die oorspronklike 1611 vertaling in omloop. Dan kon eerw. Wesley moontlik ook uit die Apokriewe aangehaal het aangesien dit in die oorspronklike KJV ingesluit was. Somtyds kon ek nie moontlike aanhalings in die 'King James' vind nie, en het dus nie die Afrikaans aangehaal nie, maar die woorde net in Afrikaans vertaal. Let daarop dat sommige ander aanhalings ook in skuinsdruk is vir beklemtoning.

Ander invoegsels in hakies kon moontlik deur eerw. Wesley of 'n latere redakteur ingevoeg gewees het en is na alle aanduidings deel van die vroegste manuskripte van die boek. Ter verduideliking verskyn daar ook soms ingevoegde deeltjies wat gemerk is met 'Red' wat aantoon dat dit deur die vertalers ingevoeg is.

Dan sal u ook sien dat ek nie die gesange wat eerw. Wesley in sy boek aangehaal het, vertaal het nie. Ek voel dat die skoonheid van 'n gedig of lied meestal verlore gaan as daar probeer word om dit in 'n ander taal weer te gee. Lees dit gerus met 'n oop gemoed in die oorspronklike antieke Engels. Ek glo dit sal tot seën wees.

Verder het ek ook subhoofde ingevoeg wat nie in die engelse teks voorkom nie om die boek makliker leesbaar te maak. Ek het ook van variasies in lekkertipe, skuinsdruk, en vetgedrukte letters gebruikgemaak om leeswerk te vergemaklik. Leestekens is sover moontlik net so behou, maar die teks wat ek gebruik het is nie werklik eenvormig hiermee nie. Dit was

effens moeilik om te verander aangesien dit soveel van moderne gebruike verskil. Ek dink nie dit doen afbreuk aan die gemak waarmee die boek gelees word nie.

## Eienaarskap, Kopiereg en verspreidingsreg:

Ek stel hierdie boek gratis beskikbaar vir enigeen wat dit wil lees, kopieër, uitdeel, ensovoorts, met dien verstande dat dit NOOIT onder enige omstandighede verkoop mag word nie. Dit is nou, en sal altyd in die toekoms GRATIS beskikbaar wees om as .PDF af te laai, te druk en gratis te versprei. GEEN veranderinge mag gemaak word aan hierdie boek sonder die gesamentlike goedkeuring en uitdruklike skriftelike toestemming van myself en ander medewerkers nie. Ek het 'n eerste oorspronklike boek laat druk, dateer en laat sertifiseer as bewys van my intellektuele eindomsreg op hierdie Afrikaanse weergawe van eerw. Wesley se werk. Die stap is net geneem om myself te beskerm sou daar in die toekoms probleme met outeursreg en verspreidingsreg ontstaan.

## Verdere leesstof:

Ek raai elkeen aan wat inniglik verlang na die Volle Verlossingswerk, die Algehele Heiligmaking, die hartsreiniging wat God deur Sy Gees in ons lewe wil bewerk, om waar moontlik ook die volgende werke te bekom en te lees:

*Andrew Murray*, **Die Goddelike Geheim**, Kemptonpark, Hart Uitgewers, 1975

*Augustine of Hippo*, **The Confessions of St. Augustine**, Publieke domein, beskikbaar as .pdf op GOOGLE Books se webblad

*Oswald Chambers*, **My Allerbeste vir Sy Hoogste**, Vereeniging, Christelike Uitgewers Maatskappy, 2000

*Thomas à Kempis (Thomas van Kempen)*, **Die Navolging van Christus**, Wellington, Lux Verbi, 2004

*William Law*, **A Serious Call to a Devout and Holy Life**, Publieke domein, beskikbaar as .pdf op GOOGLE Books se webblad

*William Law*, **Christian Perfection**, Publieke domein, beskikbaar as .pdf op GOOGLE Books se webblad

## Laaste gedagtes

Dankie aan **ds. Victor Joubert** en **ds. Mienie Griesel** vir julle hulp, ondersteuning, raad, en wysheid t.o.v. die korrekte vertaling van kern gedagtes, en om die Engels korrek in Afrikaans weer te gee.

My gebed – dat hierdie boekie 'n kragtige wapen tot groei en ontwikkeling vir Afrikaanse Christene sal word. Mag die Here die gebruik daarvan seën in die hande van elkeen wat 'n kopie bekom.

Groete in Jesus

Pieter WS Joubert

**Nota oor datering van:**

**A PLAIN ACCOUNT OF CHRISTIAN PERFECTION**

AS BELIEVED AND TAUGHT BY THE REVEREND MR. JOHN WESLEY,

FROM THE YEAR 1725, TO THE YEAR 1777.

John Wesley

[It is not to be understood, that Mr. Wesley's sentiments concerning Christian Perfection ere in any measure changed after the year 1777. This tract underwent several revisions and enlargements during his life-time; and in every successive edition the date of the most recent revision was specified. The last revision appears to have been made in the year 1777; and since that period, this date has been generally continued on the title-page of the several editions of the pamphlet. —EDIT.]

**Redigering van 'A PLAIN ACCOUNT OF CHRISTIAN PERFECTION'**:

Die geredigeerde werk wat gebruik is as basis van die Afrikaanse vertaling is as volg:

Edited by **George Lyons** for the Wesley Center for Applied Theology at Northwest Nazarene College (Nampa, ID).

# HOOFSTUK 1

## ‘n Agtergrondskets

1. My doelwit met die volgende werkstuk is om ‘n eenvoudige en duidelike verduideliking te gee van hoe ek deur baie jare gelei is om die leerstelling van CHRISTELIKE VOLMAAKTHEID aan te gryp. Ek is dit verskuldig aan elkeen wat ernstig na antwoorde soek, aan hulle wat begeer om die waarheid wat in Christus is te leer ken. Vir hulle sal hierdie werk waarde hê. Aan hierdie mense kan ek die naakte waarheid verkondig in ‘n poging om van begin tot einde te wys wat ek dink, en hoe ek by hierdie antwoorde uitgekom het.

2. In die jaar 1725, toe ek drie-en-twintig jaar oud was, het ek Biskop Taylor se boekie “**Rules and Exercises of Holy Living and Dying**” ontdek. Nadat ek verskeie gedeeltes in die boekie gelees het, was ek diep in my hart geraak; veral deur die gedeeltes wat praat oor suiwerheid in my bedoelinge. Ek het onmiddelik belowe om my hele lewe, al my gedagtes, woorde, en dade, aan God te gee. Ek was vas oortuig daar was geen ander uitweg nie! Elke enkele deel van my lewe (*sonder om enigiets uit te laat*) moet aan God geoffer word. Anders sou dit ‘n offer aan myself, of eintlik aan die duiwel wees. Kan enige regdenkende mens dit betwyfel, of dalk probeer om ‘n maklike paadjie te vind tussen om God te dien en om die duiwel te dien?

3. In die jaar 1726 het ek kennis gemaak met Thomas van Kempen se “**Die Navolging van Christus**.” Die diepte en die natuur van innerlike godsdiens, of te wel die godsdiens van die hart, was nou duideliker aan my geopenbaar as ooit tevore. Ek het besef dat al gee ek my hele lewe vir die Here (as dit moontlik sou wees), en ek gaan nie verder nie, sou dit my niks baat nie - behalwe as ek my hart, ja, my HELE hart ook aan Hom gee.

Ek het besef dat “my opregte strewe, en ‘n eerlike hunkering,” doelgerig in woord en daad, en ‘n allesoorheersende smagting, waarlik die “vlerke van die siel,” is waarsonder ek nooit die top van God se bergpiek sou kon bereik nie.

4. ‘n Jaar of twee later het iemand Mnr. William Law se “**Christian Perfection**” en “**Serious Call**” in my hande gedruk. Hierdie boeke het my meer as ooit tevore oortuig van die absolute onmoontlikheid om ‘n halwe Christen te wees, en ek was vasberade deur Sy genade, (waarvan ek die absolute noodsaaklikheid besef het), om totaal in alles aan God toegewyd te wees, om Hom my hele siel, my liggaam, my hele wese te gee.

Sal enige regdenkende man dalk sê dat dis nou bietjie oordrewe en vêrgesog?... of dat ek minder aan Hom wat Homself vir my gegee het kon verskuldig wees as om myself, alles wat ek het, alles wat ek is aan Hom te gee?

5. In 1729 het ek begin om die Bybel nie net te lees nie, maar te bestudeer as die één, die enigste maatstaf van waarheid, en die enigste bloudruk van ware godsdiens. Hier het ek - soos in 'n lig wat al hoe helderder skyn - die absolute noodsaaklikheid besef van "*hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was*." en van "*wandel… soos Christus…*" en meer nog, ook om nie net gedeeltelik nie, maar geheel en al die gesindheid te hê wat in Hom was. Ek het besef dit beteken om te leef soos Hy geleef het, nie net in sommige aspekte nie, maar in ALLE dinge.

Hierdie was die lig waarin ek godsdiens in die algemeen begin sien het, 'n doelgerigte navolging van Christus, 'n algehele innerlike en uiterlike strewe om soos die Meester te wees. Ek het niks meer gevrees as dat ek hierdie reël sou buig om by myself of ander mense aan te pas nie; met ander woorde dat ek nie aan my Groot Voorbeeld gelykvormig sou wees nie.

**Die boodskap oor 'Die Besnydenis van die Hart'**[1]

6. Op 1 Januarie 1733, het ek by 'St. Mary's church' vir die universiteit gepreek oor die tema "Die Besnydenis van die hart", wat ek so verduidelik het:

> *"Dit is daardie gewoontevormende ingesteldheid van die siel, wat die Heilige Skrif verduidelik as 'heiligheid'. Dit beteken by implikasie om van sonde skoongewas te wees, oftewel 'skoongewas van alle vuilheid van liggaam en gees', en om dan deur hierdie skoonmaakproses toegerus te word met die deugde wat in Jesus Christus was, in so mate 'dat julle vernuwe… word in die gees van julle gemoed', en om dan 'volmaak (te wees) soos julle Vader in die hemele volmaak is'."*
>
> *In dieselfde boodskap het ek gewys dat, "'Liefde die vervulling van die wet is, en dat dit die einddoel van die Wet of Gebod is.' Dit is nie net 'die eerste en groot' gebod nie, dit is al die gebooie in een vervat. 'Alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees' al hierdie dinge word saamgevat in een woord, liefde. Hierin is volmaaktheid, en lof, en vreugde vasgelê: Die goddelike wet van hemel en aarde lê hierin: 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.'"*
>
> *'Sy volmaakte goedheid moet jou uiteindelike doelwit wees. Elkeen moet na net een ding strewe,—om dit wat Hy vir jou lewe wil hê tot vrug te bring. Smag na net een vreugde vir jou siel, dit is die eenheid met Hom wat elkeen geskape het, en om gemeenskap met die Vader en Seun te hê, want 'wie die*

*Here aanhang, is een gees met Hom.' Daar is net een doelwit wat ons moet nastreef tot in ewigheid,—dit is die tydlose en ewige vreugde in God.'*

*'Maak seker dat alles in jou omgang met die skepping, jou na die Skepper toe lei. Elke stap wat jy neem, wat ookal jou lewe en sienings beinvloed, elke gedagte, woord, en daad, elke begeerte, elke benoudheid, alles waarna jy smag, wat jy dink, doen, of sê; laat die wegspringplek, en die einddoel van jou hele wese altyd die vrede en vreugde in God wees.'*

"Ek het met hierdie woorde afgesluit:

*"Die spil van die volmaakte wet is 'die Besnydenis van die Hart'*[1]*. Besorg jou gees terug aan God wat dit aan jou gegee het. Hy stel nie belang in ander offers met al hulle tierlantyntjies nie, maar 'n lewende offer van die hart is wat Hy wil hê. Offer dit voortdurend aan God op deur Jesus Christus, in vlamme van heilige liefde. God is nie bereid om jou hart met iemand anders te deel nie, want Hy is 'n jaloerse God. Sy troon is nie deelbaar nie, God regeer sonder mededinging. Laat geen begeertes of planne toe wat God se doelwitte kan laat skade lei nie. Dit is hoe die kinders van God eens met God gewandel het."*

*"Hulle lewens roep dit nou nog uit: 'Streef om te leef om Sy Naam groot te maak; Laat al jou gedagtes, woorde en dade werk om Hom te eer.' 'Jou siel moet so gevul wees met liefde vir Hom, dat jy niks anders kan liefhê, behalwe as dit God tot Sy eer verhoog nie.' 'Leef met 'n hart wat suiwer is in al sy oogmerke, met 'n vaste voorneme om Hom te eer in al jou aksies.' Want dan alleen is hierdie vers waar in jou lewe: 'hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.' Wanneer elkeen in elke hartsbegeerte, in elke woord uit my mond, in al sy handewerk, strewe om aan Hom onderdanig te wees. Wanneer ek nie dink, praat of handel om my eie wil te volvoer nie, maar om Hom wat my gestuur het se wil te doen of ek eet of drink, dan doen ek alles tot eer van God."*

Let daarop dat hierdie preek die eerste van al my skrywes was wat gepubliseer is. Dis hoe ek godsdiens destyds verstaan het, al was ek versigtig om nie die term 'volmaaktheid' te gebruik nie. Dit is ook hoe ek godsdiens vandag verstaan, sonder enige byvoegsels of weglatings. Is daar enigiets waaroor enige regdenkende mens wat die Bybel glo kan kla? Wat kan hy hiervan ontken sonder om die Skrif te weerspreek, of dalk weglaat sonder om dit uit die mond van God te neem?

7. Ek en my broer het vasgestaan in hierdie waarheid (saam met al die jong mans wat spottend *Metodiste* [2] genoem is) tot ek aan die einde van 1735 Amerika toe vertrek het. Dit was gedurende die volgende jaar, terwyl ek in Savannah gewoon het, dat ek die volgende reëls geskryf het:—

*Is there a thing beneath the sun,*
*That strives with thee my heart to share?*
*Ah! tear it thence, and reign alone,*
*The Lord of every motion there!*

Aan die begin van 1738, terwyl ek oppad terug huistoe was, was my strewe:

*O grant that nothing in my soul*
*May dwell, but thy pure love alone!*
*O may thy love possess me whole,*
*My joy, my treasure, and my crown !*
*Strange fires far from my heart remove;*
*My every act, word, thought, be love!*

Ek het nooit iemand hieroor gehoor protesteer nie. Om die waarheid te sê, hoe kan iemand protesteer? Is dit nie die taal wat elke gelowige, elke een wat wakkergeskud is, moet praat nie? Wat kon ek tot vandag toe sê wat kragtiger of eenvoudiger is as dit?

## HOOFSTUK 2

8. In Augustus van daardie jaar (1733) het ek ‘n lang gesprek met Arvid Gradin in Duitsland gehad. Nadat hy sy ervaring met my gedeel het, het ek hom gevra om my ‘n skriftelike definisie van ‘**die volle versekering van geloof**’ te gee, wat hy in die volgende woorde gedoen het:

> *‘Requies in sanguine Christi; firma fiducia in Deum, et persuasio de gratia divina; tranquillitas mentis summa, atque serenitas et pax; cum absentia omnis desiderii carnalis, et cessatione peccatorum etiam internorum.’*
>
> *“Rus in die bloed van Christus; ‘n vaste vertroue in God, en ‘n oortuiging van Sy genade en guns; Die hoogste rustigheid, kalmte, en gemoedsrus, met verlossing van elke vleeslike begeerte, en ‘n doelbewuste beëindiging van alle – selfs innerlike - sonde.”*

Dit was die eerste keer dat ek dit wat ek vroeër uit die woorde van God geleer het, en waarvoor ek (saam met my vriende) gebid het, en waarvoor ek vir jare in afwagting was, uit die mond van ‘n ander gehoor het.

### Die eerste gesangeboek word uitgegee.

9. In 1739 het ek en my broer ‘n bundel “Gesange en gewyde gedigte”[3] gepubliseer. Hierin het ons verskeie keer ons oortuigings kragtig en duidelik verklaar. Soos in:

*Turn the fall stream of nature’s tide;*
*Let all our actions tend*
*To thee, their source; thy love the guide,*
*Thy glory be the end.*
*Earth then a scale to heaven shall be;*
*Sense shall point out the road;*
*The creatures all shall lead to thee,*
*And all we taste be God.*

En ook in:

*Lord, arm me with thy Spirit’s might,*
*Since I am call’d by thy great name:*
*In thee my wand’ring thoughts unite,*
*Of all my works be thou the aim:*
*Thy love attend me all my days,*
*And my sole business be thy praise.*

En ook verder:

*Eager for thee I ask and pant,*
*So strong the principle divine,*
*Carries me out with sweet constraint,*
*Till all my hallow'd soul be thine;*
*Plunged in the Godhead's deepest sea,*
*And lost in thine immensity!*

En weereens:

*Heavenly Adam, life divine,*
*Change my nature into thine;*
*Move and spread throughout my soul,*
*Actuate and fill the whole.*

Dit sou maklik wees om nog verse met dieselfde boodskap aan te haal. Hierdie paar aanhalings is egter genoeg om ons oortuigings sonder enige weersprekings duidelik te maak.

## Die Karakter van 'n Metodis[2]

10. Die eerste blaadjie wat ek spesifiek oor hierdie onderwerp geskryf het, was aan die einde van hierdie jaar gepubliseer. Om vooroordeel te voorkom alvorens dit gelees word, het ek dit die niksseggende titel van '*Die Karakter van 'n Metodis*' gegee. Hierin het ek die volmaakte Christen beskryf. Ek het voorin die volgende stelling geplaas: '*Nie dat ek dit al verkry het nie*'.

Ek haal uit die blaadjie aan:—

"'n Metodis is iemand wat die Here sy God liefhet met sy hele hart, sy hele siel, sy hele verstand, en met al sy krag. God is die vreugde van sy hart, en die begeerte van sy siel wat voortdurend uitroep: '*Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie*.' My Here en my alles! '*God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.*' Hy is dus gelukkig in God; ja, altyd gelukkig, in Hom het hy 'n fontein wat opborrel tot ewige lewe, en uit sy siel uitvloei met vrede en vreugde. Die volmaakte liefde wat in hom leef, oorwin die vrees, en hy jubel tot in ewigheid. Ja, sy vreugde is oorvloedig en sy gebeente roep uit, '*Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop*… van '*n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis…, wat in die hemele bewaar is vir ons*.'

‘En hy wat hierdie ewige hoop het, is in alles dankbaar, omdat hy weet dat dit (Wat ookal dit is) die wil van God in Jesus Christus is rakende homself. Hy ontvang dus van Hom alles met blydskap, terwyl hy sê, ‘*Die wil van die Here is goed*’ en of Hy gee of neem, in alles loof hy die Naam van die Here. In gemak of pyn, in siekte of gesondheid, in lewe of dood is hy uit die diepte van sy hart dankbaar teenoor Hom wat dit ten goede laat meewerk; in wie se hande hy heelhartig sy liggaam en siel oorgegee het, ja, oorgegee in die hande van ‘n getroue Skepper.’

Hy (die Metodis) is dus ‘*oor niks besorg nie*,’ want hy ‘*Werp al (sy) bekommernis op Hom, want Hy sorg vir (hom)*’ en rus in Hom in alle dinge, nadat hy die volgende gedoen het: ‘*(hy) laat (sy) begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God*.’ Want hy ‘*bid sonder ophou*’ en ten alle tye is sy hart se taal: ‘Tot U rig ek my mond, ja, sonder klank; en my stilwees spreek tot U.’ Sy hart is ten alle tye en op alle plekke tot God gerig. Niks of niemand kan sy fokus op God versteur nie. Wanneer hy alleen is of tussen ander mense is, wanneer hy ontspan of as hy sake doen, as hy slaap of wakker word - ‘God is in al sy gedagtes.’ Hy wandel voortdurend met God; en die oë van sy siel is liefdevol op God gerig, sodat hy Hom wat nie sigbaar is nie, oral kan sien.’

Omdat hy God so liefhet, het hy sy naaste lief soos hy homself het. Hy het elke ander mens lief soos sy eie siel. Hy het sy vyande lief, ja, selfs die vyande van God! En as dit nie binne sy vermoë is om goed te doen aan hulle wat hom haat nie, hou hy aan om voortdurend vir hulle te bid. Hy doen dit al verwerp, misbruik, of vervolg hulle hom.

Hy (die Metodis) doen dit want hy is ‘*rein van hart*.’ Liefde het sy hart skoongemaak van alle afguns, nydigheid, wraak, en woede. Dit het hom skoongemaak van trots, want ‘*vermetelheid gee net getwis af*.’ Daarom is hy beklee, as ‘*uitverkorene… van God, heilige… en geliefde…, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid*.’

Ja, alle moontlike redes vir twis in sy lewe is heeltemal verwyder. Niemand kan hom nou ontneem van wat hy begeer nie. Hy leef dat hy nie ‘*die wêreld lief(het) of die dinge wat in die wêreld is nie*.;’ maar ‘*Tot (Sy) Naam en tot (Sy) gedenknaam gaan die begeerte van (sy) siel uit*.’

“Hierdie een begeerte en doelwit in sy lewe soek volvoering in een ding, naamlik: ‘Om nooit sy eie wil te doen nie, maar die wil van Hom wat hom gestuur het.’ Sy een lewensdoel te alle tye en op alle plekke is, nie om homself tevrede te stel nie, maar eerder vir Hom vir wie sy siel so liefhet. Omdat dit sy een enkele oogmerk is, word sy hele lewe deur God verlig. Sy hele lewe is lig, en ‘n helder lig verlig die hele huis.

God alleen regeer in die siel wat '*heilig voor die Here*' is. Daar is geen strewe in sy hart nie, behalwe volgens Sy wil. Selfs elke gedagte wat in hom opkom, is in gehoorsaamheid van die wet van God. '*Aan die vrugte word die boom geken*.' '*Omdat hy God liefhet, bewaar hy Sy gebooie*', en nie net sommige nie, maar almal, van die kleinste tot die grootste.

Hy is nie tevrede om '*die hele wet (te) onderhou, maar in een opsig (te) struikel*' nie. Daar is in sy lewe in alle opsigte geen sonde teen God of mens nie. Hy vermy alles wat God verbied, en doen alles wat God verwag. 'Hy leef uit sy hart uit volgens God se wet. Dis vir hom heerlik en vreugdevol om dit te doen. Dis die kroon op sy lewe om God se wil te doen – '*soos in die hemel net so ook op die aarde*.'

"Hy onderhou al God se wette met al sy krag, want sy gehoorsaamheid staan in direkte verhouding tot sy liefde, en tot die Bron uit Wie hierdie liefde vloei. Daarom, omdat hy God so liefhet, dien hy Hom met al sy krag en hy stel voortdurend sy siel en liggaam '*as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer'*. Sonder enige voorbehoude wy hy homself, alles wat hy het, en alles wat hy is, met ander woorde sy hele wese toe tot God se glorie. Hy wend al sy talente, en elke krag en vermoë van sy siel gedurig aan volgens sy Meester se wil. Uiteindelik is alles wat hy doen tot verheerliking van God.

By implikasie sê bogenoemde doelgerigte fokus, dat hy in alles wat hy onderneem, nie net strewe na 'n lewe wat God verheerlik nie, maar hy bereik dit. Sy ywer in sy stiltetyd, sowel as sy gebedslewe, dien alles tot hierdie enkele oogmerk, om God te verheerlik.

Of hy nou by die huis is, of vir 'n wandeling gaan, of rus, of opstaan, verkondig hy in alles wat hy sê en doen hierdie een doelwit in sy lewe. Selfs as hy aantrek, of sy werk doen, of eet en drink, of sy werk so bietjie laat staan, is alles gefokus om God se heerlikheid te verkondig deur '*vrede op aarde, en in die mense 'n welbehae*.' Sy een onveranderlike reël is as volg: '*Wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom*.'

Wêreldse gewoontes verhinder hom nie om '*met volharding die wedloop (te) loop wat voor ons lê*' nie. Hy maak baie seker dat hy altyd staan op die Woord wat sê '*Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde…nie*.'

Hy kan nie sleg praat van sy buurman nie, net so min as wat hy nie vir God en mens kan lieg nie. Hy kan nie lelike dinge van enigeen sê nie, want liefde hou wag voor die deur van sy mond. Hy praat nooit '*trotse woorde vol onsin*' nie, maar hy '*praat woorde van stigting en troos en bemoediging*'. Hy handel volgens '*alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof*

*daar ook mag wees.*' Hy dink, praat, en handel so dat hy '*die leer van God, ons Verlosser, in alles kan versier*.'

Bogenoemde was die woorde waarin ek vir die eerste keer my siening (ervaring) van Christelike Volmaaktheid verklaar het. Ek is seker dat dit die volgende punte duidelik uitwys: (1.) Hierdie was my doelgerigte lewensstrewe vanaf 1725; en vanaf 1730 nog dieper en ernstiger, toe ek oortuig is om '*homo unius libri',* ''n man van een Boek' te wees, naamlik die Bybel, en slegs die Bybel.
(2.) Dit is hierdie selfde leerstelling wat ek glo, en onderrig tot vandag toe. Ek het geensins enigiets bygevoeg by hierdie innerlike en sigbare heilige lewe wat ek nou al vir agt-en-dertig jaar leef nie. Dit is wat ek deur God se genade al hierdie jare leer; soos duidelike deur die uittreksels verder aan uitgewys word.

11. Ek weet nie van enige skrywer wat al ooit teen hierdie blaadjie kapsie gemaak het nie; en vir 'n tyd lank het ek ook nie werklik teenstand van ander mense vir wie hierdie 'n ernstige saak is, gekry nie. Na 'n tyd was ek egter onaangenaam verras deur dat mense uit die kerk omgewing begin protesteer het. Hulle het nie gesê dat ek 'volmaaktheid' verkeerd beskryf het nie, maar dat volmaaktheid 'nie op aarde moontlik is nie.' Hulle het my en my broer ernstig aangeval en geëis dat ons die teendeel moet bewys. Ons het nooit so 'n striemende aanval uit hulle geledere verwag nie, veral omdat ons duidelik was oor regverdigmaking deur die geloof. Ons het ook baie duidelik gewys dat redding slegs deur God se genade moontlik is. Wat ons veral onkant gevang het, is dat ons beskuldig is dat ons Christus tot 'oneer' bring deurdat ons beklemtoon dat Hy "tot die uiterste toe red;" en dat ons volhou dat Hy in ons harte alleen regeer, en alle dinge aan Homself onderwerp.

**Verdediging van die boodskap van Christelike Volmaaktheid**

12. As ek reg onthou was dit teen die einde van 1740 dat ek in Whitehall 'n gesprek met Dr. Gibson, die destydse biskop van Londen, gehad het. Hy het my gevra om te verduidelik wat ek met 'volmaaktheid' bedoel. Ek het hom verduidelik sonder om enigiets te verdoesel of terug te hou. Toe ek klaar was sê hy: 'Mnr. Wesley, as dit al is wat jy bedoel, publiseer dit reg oor die wêreld. Indien enigiemand jou sou kon verkeerd bewys, laat hom probeer.' Ek het geantwoord: 'Ek sal dit doen, my Heer,' en die boodskap oor Christelike volmaaktheid geskryf en gepubliseer.

Hierin het ek gepoog om die volgende dinge duidelik te maak, (1.) In watter sin Christene nie volmaak is nie, (2.) In watter sin hulle wel volmaak is.

"(1.) In watter sin is Christene nie volmaak nie? Hulle is nie volmaak in kennis nie. Hulle is nie vry van onkunde nie, en ook nie fout-vry nie. Ons kan net so min van iemand verwag om

foutloos te wees, as wat ons kan verwag dat hy alwetend moet wees. Hulle is nie vry van gebreke soos swakheid, stadige begrip, of wisselvallige verbeeldingrykheid nie. Net so ook gebrekkige taalkennis, of ongesofistikeerde woordgebruik, waarby ons ook nog 'n duisend ander naamlose gebreke in gesprekvoering en gedrag kan voeg. Niemand is vry van hierdie gebreke tot ons gees eendag terugkeer na God toe nie. Net so kan ons ook nie verwag om tot dan algeheel vry van versoeking te wees nie, want *''n dienskneg (is) ook nie bo sy heer nie*'. In hierdie sin is daar geen absolute volmaaktheid op aarde nie. Daar is ook nie trappe van volmaaktheid wat voortdurend hoër word nie.

"(2.) <u>In watter sin is Christene wel volmaak</u>? Let op, ons praat nie nou van jong 'babatjies' in Christus nie, maar van volwasse Christene. Selfs babas in Christus is volmaak in dat hulle nie sondig nie. Die Apostel Johannes is baie duidelik hieroor; voorbeelde uit die Ou Testament weerspreek dit glad nie. Wat daarvan as die heiligste onder die ou antieke Jode soms gesondig het? Ons kan mos nou nie hieruit gaan staan en aflei dat 'alle Christene sondig, en móét aanhou sondig solank hulle lewe' nie!'

"Maar sê die Woord nie: '*sewe maal sondig die regverdige*' nie?' Beslis nie! Dit sê wel: '*sewe maal val die regverdige*,' en die woord 'daagliks' wat sommige mense byvoeg, verskyn ook nie in die teks nie. Tweedens, let op dat in die teksvers nêrens gepraat word van 'val in sonde' nie. Wat bedoel word is om in hierdie wêreld in swaarkry situasies te 'val'.

"Maar elders sê Salomo: '*daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie*.' Dit was ongetwyfeld so in die tyd van Salomo. Sekerlik was daar van Salomo tot en met Christus geen mense wat nie gesondig het nie. Wat ook al die situasie was van diegene onder die wet, ons kan met sekerheid saam met die Apostel Johannes stem, vandat ons die Evangelie ontvang het, dat '*Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie*.'

"Ons kan nooit die voorregte wat Christene geniet meet aan dit wat die Ou Testament sê oor hulle wat onder die ou Joodse bedeling geleef het nie. Die volheid van die tyd het gekom, en die Heilige Gees is gegee. Die groot verlossing van God is aan die mensdom gegee deur die openbaring van Jesus Christus. Die koninkryk van die hemele is op aarde ingestel, soos die Gees van God in die ou tyd verklaar het: (as ons Dawid sien as die maatstaf van Christelike volmaaktheid) '*… die struikelende onder hulle sal in dié dag wees soos Dawid, en die huis van Dawid soos 'n hemelse wese, soos die Engel van die HERE voor hulle uit*.' (Sag 12:8)

''Maar die Apostels het dan gesondig; Petrus deur misleiding, Paulus in sy struweling met Barnabas… Kom ons veronderstel hulle het gesondig, kan ons nou so redeneer: 'As twee apostels gesondig het, dan sal en moet alle ander Christene deur die eeue heen sondig so

lank hulle lewe?' Beslis nie, laat God ons behoed hiervan! Sonde as 'n noodsaaklikheid is nooit op hulle afgeforseer nie! God se genade was beslis genoeg vir hulle, en is vandag steeds genoeg vir ons!

"Maar Jakobus sê dan: '*Want ons almal struikel dikwels*.'[4] Dis waar, maar van wie praat hy? Hy praat van daardie '*baie leermeesters*' wat nie deur God gestuur is nie. Hy praat nie van homself of enige ander ware Christen nie. Die apostel gebruik die word 'ons' by wyse van spreke, soos die algemene gebruik ook in ander geinspireerde geskrifte was. Hy kon onmoontlik homself, en ander Christene hierby ingesluit het. Let op die woord 'ons' verderaan in vers nege: , '*Daarmee loof ons God en die Vader, en daarmee vervloek ons die mense wat na die gelykenis van God gemaak is*.' Hy praat tog sekerlik nie van apostels of gelowiges nie! Tweedens, let ook op na die woorde in die voorafgaande verse: '*Moenie baie leermeesters wees nie, my broeders*, *omdat julle weet dat ons 'n groter oordeel sal ondergaan*.' 'Ons' is wie? Die 'ons' dui nie op apostels of gelowiges nie, maar op hulle wat die groter oordeel sal ondergaan as gevolge van die baie oortredings.' Derdens sien ons in die vers dat, '*ons almal struikel dikwels*,' – dit wil sê 'pleeg dikwels oortredings' (volgens die KJV), word nie bedoel op alle mense of alle Christene nie. Jakobus volg dit onmiddelik op met '*As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man'*,' let op: die persoon '*wat nie struikel nie*' word totaal in teenstelling met die 'ons' van vroeër gesien.' Hy is 'n *'volmaakte man'*.

"Maar die Apostel Johannes sê dan self: '*As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself*;' en, '*As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie*.'

"Ek antwoord, (1.) Die '*As ons sê dat ons nie gesondig het nie'* in vers 10 verklaar die bedoeling van '*As ons sê dat ons geen sonde het nie*,' in vers agt. (2.) Die punt onder bespreking is nie of ons tot op hede gesondig het of nie, en nie een van die twee verse sê dat ons nou steeds sonde doen of sondig nie. (3.) Vers nege verduidelik beide vers agt en tien. '*As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig*.' Dis asof hy wil sê, 'Ek het dit voorheen reeds gesê, '*die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde*.' Daarom kan niemand sê, 'Ek hoef nie te bely nie, want ek het geen sonde waarvan ek skoongemaak hoef te word nie.' '*As ons sê dat ons geen sonde het nie, … dat ons nie gesondig het nie …, mislei ons onsself*' en ons maak God tot leuenaar. Maar '*as ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig'* om nie net ons sonde te vergewe nie, maar om '*ons van alle ongeregtigheid te reinig*,' sodat ons die volgende kan doen: '*Gaan heen en sondig nie meer nie'*.

Daarom kan ons, in gehoorsaamheid aan die leerstelling van Johannes sowel as die hele Nuwe Testament, tot die volgende gevolgtrekking kom: ‘n Christen is volmaak in dat hy nie sonde doen nie. “Dit is die voorreg van elke Christen, ja, selfs al is hy nog ‘n baba in Christus.

“Dit kan verder in die lewens van volwasse Christene bevestig word dat hulle ook vrygemaak kan word van sondige denke en sondige gesindhede, en heel eerste van bose en sondige gedagtes. Waar ontstaan hierdie sondige denke: ‘*Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes*.’ As die hart waarlik vry is van die bose, kan slegte gedagtes nie meer daaruit voortspruit nie: want ‘n ‘*Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie*.’ As ‘n mens dan vry is van slegte gedagtes, sal hy ook vry wees van slegte gesindhede. Elkeen kan dus saam met Paulus sê: ‘*Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my*.’—dis woorde wat duidelik verlossing van innerlike sowel as uiterlike sonde beskryf. Dit word beide negatief uitgedruk in, ‘*ek leef nie meer nie’* dit wil sê my sondige natuur, die liggaam van sonde, is vernietig – en positief in ‘*Christus lewe in my*.’ Alles wat heilig, goed en reg is in beide die stellings ‘*Christus lewe in my*’ en ‘*ek lewe nie meer nie*’ is onafskeidbaar aan mekaar gekoppel.

Watter ooreenstemming het lig met donker, of ‘watter ooreenstemming het Christus met Bélial…?’[5] “Hy wat in hierdie Christene woon het ‘*hulle harte gereinig het deur die geloof*;’ tot so mate dat elkeen wat Christus in hom het, ja, ‘*elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is*.’ Hy is skoongemaak van trots; want Christus was ‘*nederig van hart*’: Hy is gereinig van begeerte en eie-wil, want Christus se voorbeeld sê ‘*omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het*’: en hy is vry van woede soos dit algemeen verstaan word, want Christus was *‘sagmoedig en nederig van hart*’. Ek stel dit ‘soos dit algemeen verstaan word’ want Christus is woedend teenoor sonde en elke oortreding teenoor God, maar Hy het net teer empatie met die oortreder..

“So red Jesus sy kinders van sonde, nie net uiterlike sonde nie, maar ook die innerlike sonde van die hart. Sommige sal sê ‘ja dis waar maar nie tot die dood nie, ook nie in hierdie wêreld nie.’ Die apostel Johannes sê ‘Nee!’ ‘*Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag, want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld*.’ Die Apostel praat hier in geen onduidelike terme nie van homself en elke ander Christen, van wie hy dit duidelik stel dat hulle nie net in die dood nie, maar reeds in hierdie wêreld soos hulle Meester kan wees.

“Dit word bevestig deur sy woorde in hoofstuk een: ‘*God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde*.’ En verder: ‘*As*

*ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig*.'

Dit is baie duidelik dat die Apostel praat van verlossing in hierdie wêreld want hy sê nie 'die bloed van Christus ***sal*** reinig (op die doodsbed, of op die oordeelsdag) nie, maar '*die bloed van Jesus Christus… reinig*' in die teenwoordige tyd ons lewende Christene '*van alle sonde.*' Dit is ewe duidelik dat indien enige sonde oorbly, ons nie van alle sonde gereinig is nie.

Ons moet ook nooit onder die wanindruk verkeer dat bogenoemde net met regverdigmaking verband hou nie, of dat ons net van sondeskuld gereinig word en dat die sonde steeds bly nie: Eerstens: Omdat verwarring geskep word wanneer die twee begrippe saamgevoeg word. Die apostel maak tog duidelik onderskeid tussen die twee begrippe. Hy wys duidelik eerste '…*om ons die sondes te vergewe',* en dan, '…*en ons van alle ongeregtigheid te reinig'*. Tweedens: Dit skep die indruk dat ons moet werk vir ons redding voor ons vergifnis ontvang en regverdig gemaak word omdat die sonde steeds teenwoordig bly in ons lewens. As ons net van sondeskuld gereinig word en die sonde dus steeds in ons teenwoordig is, is ons duidelik steeds onder die skuld van sonde. Ons is dan steeds nie regverdig gemaak nie. Geen mens kan tog '*in die lig wandel soos Hy in die lig is'* terwyl hy steeds onder sondeskuld staan nie. Die antwoord is dan dat Christene in hierdie wêreld van alle sonde verlos word, van alle ongeregtigheid, en dat hulle in hierdie sin volmaak is om nie sonde te doen nie, en om vry te wees van slegte gedagtes en gesindhede.

"Hoe kon dit wees dat gesprekvoering soos hierdie, wat duidelik die algemeen aanvaarde opinies weerspreek, mense so erg die harnas kon injaag? Hulle was boonop mense wat deur ander hoog aangesien word en wat moontlik ook hulleself hoog aansien (as dit egter waar is, is hulle glad nie Christene nie). Dit was duidelik die mees gerespekteerde Christene van wie ek soveel teenkanting gekry het. Ek het baie antwoorde en teensprake verwag maar niks gekry nie en was hoogs teleurgestel. Toe het ek maar stilweg weggegaan.

## 'n Verdere verduideliking van Christelike Volmaaktheid

13. Nie lank hierna nie, ek reken min of meer in die lente van 1741, het ons 'n tweede bundel gesange gepubliseer. Omdat die leerstelling (van Christelike Volmaaktheid) so verkeerd verstaan is en verkeerd uitgebeeld is, het ek dit goedgedink om dit soos volg verder in die voorwoord van die sangbundel te verduidelik:

"Hierdie wonderlike geskenk van God, die redding van ons siele, is niks anders as die beeld van God wat opnuut op ons harte afgedruk word nie. Dis 'n vernuwing van die gees van die gelowige na die gelykenis van sy Skepper.' God is gereed en '*die byl lê ook al teen die wortel van die bome*', sodat Hy '*hulle harte …reinig …deur die geloof*,' en die gedagtes van

hulle harte kan skoonmaak deur die werking van Sy Heilige Gees – en hulle wandel In hierdie hoop dat hulle God sal sien vir wie Hy is want '*elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is*.' En '*soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word*.' '*Nie dat (hulle) dit al verkry het*' wat hulle sal verkry nie, maar in bogenoemde sin is hulle reeds volmaak.

'*Hulle gaan van krag tot krag*' - dag vir dag - '*terwyl ons (hulle) almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons (hulle) van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.*'

"En '*waar die Gees van die Here is, daar is vryheid'* – sulke Vryheid: '*Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood*,' Dis hierdie vryheid wat die kinders van hierdie wêreld nie wil aangryp nie, al word dit aan hulle verkondig.

Soos die Woord sê '*As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees*.' Die Seun het hulle vrygemaak wie '*uit God gebore is'* - vry van daardie aaklige wortel van sonde en bitterheid, naamlik eiewaan/hoogmoed/trots. Gelowiges weet hulle '*bekwaamheid is uit God*,' en dat Hy alleen in hulle gedagte is '*want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.*' Hulle weet '*dit is nie julle(hulle) wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle(hulle) spreek'*, hulle weet ook dat in al die werke wat hulle doen, die '*Vader wat in My(hulle) bly, Hy doen die werke'* God is vir hulle ALLES, en hulle is niks in Sy oë nie, want hulle is bevry van eie-wil.

Ware gelowiges strewe om net die wil van God alleen te doen; hulle begeer niks nie, nie voorsiening in nood nie, en ook nie verlossing in pyn nie [Hierdie is te kras, ons Here Jesus het self gevra vir verlossing in pyn, maar Hy het gevra in oorgawe aan Sy Vader: "*Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied.*"] Hulle vra nie in lewe, in dood, of vir ander skepsele nie. Al wat saak maak in hulle diepste innerlike van hulle siel is, '*Vader, …Laat …U wil geskied.*'

Hulle is bevry van slegte gedagtes, in so mate dat hulle nie vir 'n enkele oomblik kan toegee aan slegte gedagtes nie. Wanneer 'n verkeerde gedagte vroeër in gekom het, het dit vasgehaak, en is iewers gestoor. Nou kan dit nie meer inkom nie omdat daar geen plek daarvoor is nie, want hulle siele is gevul met God.

Ware gelowiges is vry van dwalende gedagtes tydens gebed. Wanneer hulle harte in gebed op God gefokus is, het hulle gedagtes dwaal nie oor dinge in die verlede, of toekoms nie, maar is gefokus op God [Die stelling is veels te kras, lees die preek oor 'Dwalende

Gedagtes’]. In die verlede het dwalende gedagtes ingekruip, en weer verdwyn soos mis voor die son; maar nou verskyn die mis glad nie meer nie. Hulle het geen vrese of twyfel nie, nie in die algemeen nie, en ook nie oor enige enkele handeling nie [Dit is baiekeer die geval, maar dan net vir ‘n rukkie]. Die ‘*die salwing van die Heilige*’ wys hulle elke oomblik wat om te doen, en wat om te sê [Dit mag by tye so wees, maar nie altyd nie] en hulle het ook geen rede om daaroor te tob nie. [Somtyds is daar geen rede nie, maar ander kere mag daar wel wees.]. In ‘n sekere sin is gelowiges vry van versoekings; want alhoewel talle versoekings om hulle rondvlieg, pla dit hulle nie. [Partykeer pla versoekings nie; maar ander kere pla hulle geweldig baie.] By tye is hulle kalm en rustig in hulle siel, en hulle hart is standvastig en onwrikbaar. Soms vloei hul vrede soos ‘n rivier ‘*wat alle verstand te bowe gaan’*, en hulle verbly hulle ‘*met ‘n onuitspreeklike en heerlike blydskap*.’

Want hulle is deur ‘*die Heilige Gees van God …verseël …tot die dag van verlossing*,’ en hulle het die getuienis in hulleself en hulle weet dat daar is ‘*vir (hulle) weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, (hulle) in dié dag sal gee*.’ [Nie almal wat gered is nie, want baie het dit nog nie verkry nie.] In teendeel, wie ookal sekerheid het in God, dat sy sonde deur die verlossingswerk van Christus vergewe is, is ‘n kind van God. Hy het die sekerheid dat as hy in Hom bly, hy ‘n erfgenaam van al die beloftes sal wees.

Die gelowige moet nooit hierdie sekerheid laat verlore gaan nie, Hy moet ook nooit die geloof wat hy ontvang het misken omdat dit swak is, of met vuur getoets word nie. Hierdeur kan sy siel “*n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge*.’

“Ons durf ook nie sê soos sommige al gedoen het, dat al hierdie verlossing op een slag gegee word nie. Daar is beslis ‘n oombliklike werk van God, sowel as ‘n tydlange proses waardeur God in Sy kinders werk. Daar is ook soos ons weet, ‘n hele wolk getuies wat kan getuig oor ‘n sin van sekerheid oor sondevergifnis in een enkele oomblik, of die inwonende getuienis van die Heilige Gees. Maar ons weet nie van ‘n keer, of ‘n plek, waar ‘n persoon verlossing van sonde, die inwonende getuienis van die Heilige Gees in sy lewe, en ‘n skoon nuwe hart in een enkele oomblik gekry het nie.

“Dit is so, die presiese manier hoe God mag werk is nie vir ons bekend nie, maar in die algemeen is die werk as volg: Diegene wat eers in hulle eie regverdigheid vertrou het, en dat hulle ryk was, en aan niks tekort geskiet het nie, word deur die Gees se Woord oortuig dat hulle arm en naak is. Hulle word herinner aan alles wat hulle gedoen het sodat hulle God se toorn wat oor hulle koppe hang kan raaksien. Hulle besef hulle verdien die vloek van die hel en in benoudheid roep hulle na God. Dan kan God hulle wys dat Hy hulle sondes weggewas het, en Hy skenk die koninkryk van die hemel in hulle harte – geregtigheid, en vrede, en die vreugde in die Heilige Gees.’ Hartseer en pyn vlug weg, en sonde het geen heerskappy

meer oor hulle nie omdat hulle weet dat hulle '*uit die geloof geregverdig is, het (hulle) vrede by God deur onse Here Jesus Christus*;' en hulle '*roem in die hoop op die heerlikheid van God*,' en '*omdat die liefde van God in (hulle) harte uitgestort*' is.

"Hulle vertoef in hierdie vrede vir dae, weke, of maande, en verwag dat hulle nie weer oorlog sal sien nie; totdat hulle ou vyande, daardie innerlike sonde, die sonde wat hulle die maklikste oorval, (miskien woede of begeerte,) hulle weer aanval en wond sodat hulle weer val. Dis dan wat vrees sy lelike kop uitsteek, vrees dat hulle nie tot aan die einde sal staande bly nie. Soms kruip twyfel ook na vore, twyfel wat vra of God van hulle vergeet het – twyfel dat hulle hulself mislei het deur te dink hulle sondes is vergewe.

Onder hierdie wolk rou hulle die hele dag, veral as hulle boonop met die duiwel redeneer. Dit is nooit lank voordat die Here self hulle antwoord nie, en die Heilige Gees as Trooster na hulle stuur nie. '*Die Gees self getuig saam met (hulle) gees dat (hulle) kinders van God is*' Hulle is waarlik nederig, sagmoedig en leerbaar, soos 'n klein kindjie.

*Is dit nie verbasend dat alhoewel die sangbundel vier-en-twintig jaar gelede gepubliseer is, mense my nou aanval en sê dat hierdie 'n nuwe leer is wat ek nooit voorheen geleer het nie?*[6]

Nou kan hulle die ware polsslag van hulle hart sien wat God nie vroeër aan hulle kon openbaar nie, omdat hulle siel en die gees wat Hy hulle gegee het nie voor hom sou bly staan nie. Nou sien hulle al die gruwels in hulle hart raak, die diepte van eiewaan, eie-wil, en hel deur die getuienis wat in hulleself is. '*Daarom is jy nie meer dienskneg nie, maar kind; en as jy kind is, dan ook erfgenaam van God deur Christus'*, veral in die middel van hierdie vurige beproewing'

Hierdie bewustheid versterk voortdurend die besef van hulle eie onvermoë om hulle sellf te help, en die onbeskryflike honger wat hulle voel noudat hulle met die volle vernuwing na Sy beeld beklee is in '*ware geregtigheid en heiligheid'.* God begryp hierdie hunkering in hulle wat Hom vrees en gee hulle Sy focus, en 'n rein hart; Hy brand Sy eie beeld en gravering op hulle lewens in; Hy herskep hulle in Jesus Christus; Hy kom na hulle met Sy Seun en Heilige Gees, en maak woning in hulle siele. Hy gee hulle '*die sabbatsrus (van) die volk van God*.'

Hier moet ek net 'n opmerking maak, (1.) Hierdie is die kragtigste verduideliking wat ons nog oor Christelike Volmaaktheid gegee het; eintlik te oorweldigend in meer as een opsig, soos in die aangehegte notas gesien kan word. (2.) Daar is niks wat ons sederdien hierby bygevoeg het in prosa of poësie nie, wat nie alreeds hier vervat is nie, which is not either directly or indirectly contained in this preface. Dit wil sê, reg of verkeerd, ons het niks verander in ons leerstelling soos ons dit vandag verkondig nie.

14. Ek hoef nie nog bewyse deur ‘n hele klomp aanhalings uit die bundel te gee nie. Hierdie aanhaling uit ‘n gedeelte van die laaste gesang in die bundel sê alles wat nodig is:—

*Lord, I believe a rest remains,*
*To all thy people known;*
*A rest where pure enjoyment reigns,*
*And thou art loved alone;*
*A rest where all our soul’s desire*
*Is fix’d on things above;*
*Where doubt and pain and fear expire,*
*Cast out by perfect love.*
*From every evil motion freed,*
*(The Son hath made us free,)*
*On all the powers of hell we tread,*
*In glorious liberty.*
*Safe in the way of life, above*
*Death, earth, and hell we rise*
*We find, when perfected in love,*
*Our long-sought paradise.*
*O that I now the rest might know,*
*Believe, and enter in!*
*Now, Saviour, now the power bestow,*
*And let me cease from sin!*
*Remove this hardness from my heart,*
*This unbelief remove:*
*To me the rest of faith impart,*
*The sabbath of thy love.*
*Come, O my Saviour, come away*
*Into my soul descend!*
*No longer from thy creature stay,*
*My author and my end.*
*The bliss thou hast for me prepared,*
*No longer be delay’d:*
*Come, my exceeding great reward,*
*For whom I first was made.*
*Come, Father, Son, and Holy Ghost,*
*And seal me thine abode!*

*Let all I am in thee be lost:*
*Let all be lost in God!*

Kan enigiets meer duidelik wees as, (1.) Daar wel so ‘n volle en hoë verlossing is soos wat ons verkondig? (2.) Dat dit verkondig word as verkrygbaar deur geloof alleen, en dat dit net deur ongeloof verhinder word? (3.) Dat hierdie geloof, en gevolglik ook die verlossing wat dit bring, verkondig word as ‘n werking in ‘n enkele oomblik? (4.) Dat NOU hierdie oomblik is? Dat ons nie langer moet wag nie? Dat nou, hierdie NOU die regte tyd is? NOU is die tyd vir hierdie VOLLE VERLOSSING?” En laastens, as enigeen iets anders verkondig, is hy nie die persoon wat ‘n nuwe leerstelling onder ons inbring nie?

## HOOFSTUK 3

## ‘n Kragtige Apologetiek[7] vir Christelike Volmaaktheid

15. Min of meer ‘n jaar later, in 1742, het ons weer ‘n bundel gesange gepubliseer. Teen die tyd het die dispuut ‘n hoogtepunt bereik. Daarom moes ons dit vir eens en altyd op die spits dryf. Dus het ons ‘n groot hoeveelheid gesange ingesluit wat die onderwerp gefokus is. Net so ook die voorwoord wat ons in totaliteit hier ingesluit het omdat dit kort is:—

“(1.) Die grootste rede vir die vooroordele teenoor Christelike Volmaaktheid spruit moontlik uit die feit dat die natuur daarvan so misverstaan word. Daar word maklik erken en verklaar dat hierdie tipe volmaaktheid nie bestaan nie, omdat mense dink dit impliseer die onnodigheid om al God se gebooie te onderhou, of vryheid van onkunde, foute, versoekings, en ‘n duisend ander tekortkominge wat as menslik gesien word.

“(2.) **Eerstens**. Ons stel ons standpunt hieroor baie duidelik. Daar is geen vorm van volmaaktheid in hierdie lewe wat impliseer dat God se gebooie nie onderhou moet word nie. Daar is geen vorm van volmaaktheid in hierdie lewe wat sê dat ons nie ‘*terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen*’ nie, veral ‘*aan die huisgenote van die geloof’* nie. Ons glo dat elkeen, Christene wat onlangs deur die bloed van Jesus verlos is, sowel as hulle wat volwasse is in volmaaktheid, onlosmaaklik verplig is om by elke geleentheid die Nagmaal te gebruik in herinnering aan Hom,’ en om die Skrif te ondersoek en deur vas en selfbeheersing hulle liggame ‘*diensbaar (te) maak*’; en bowe al hulle siele in stiltetyd, en in die gemeente in gebed uit te stort.

“(3.) **Tweedens** glo ons dat daar geen volmaaktheid in hierdie lewe bestaan wat impliseer dat daar algehele verlossing van onkunde, of foute, of dinge wat nie noodsaaklik is vir redding nie, of van veelvuldige versoekings, of tallose swakhede - dinge waardeur die verganklike liggaam die siel onder druk kan plaas nie. Ons kan geen gronde in die Skrif kry om te sê dat enigeen wat in ‘n aardse woning woon, vry is van liggaamlike swakhede, of vry is van onkunde oor baie dinge, of verhewe is bo menslike foute en om voor allerhande versoekings te val nie.

“(4.) Maar na wie word dan verwys as ons praat van ‘een wat volmaak is’ Ons bedoel hy in wie die ‘*gesindheid (is) …wat ook in Christus Jesus was’*, en wat so ‘*wandel soos Hy (Christus) gewandel het*;’ ‘n man wat ‘*rein van hande en suiwer van hart is*’ en wat ‘*van alle besoedeling van die vlees en die gees’ gereinig is’*, in wie daar ‘*geen oorsaak van struikeling (is) nie.*,’ en hy ‘*doen geen sonde nie*.’ Om dit deeglik te verduidelik, staan ons by die Bybelse uitdrukking: ‘*’n volmaakte man*’ (of in 33/35 vertaling: ‘*n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus*’) dit wil sê ‘n persoon in wie God Sy getroue Woord vervul

het wat sê: '*van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig; Ek sal julle verlos van al jul onreinhede*.' Hierin verstaan ons iemand in wie God hierdie wonderlike werk gedoen het: '*mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word*;' dis iemand wat '*in die lig wandel soos Hy in die lig is'*, '*in wie daar geen bedrog is nie*'; vir wie '*bloed van Jesus Christus, sy Seun… van alle sonde'* gereinig het.

"(5.) Hierdie man kan nou hierdie getuienis aflê: '*Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my*.' Hy is heilig '*soos Hy wat (hom) geroep het, heilig is*' in beide sy hart en '*in sy hele lewenswandel'*. Hy het die Here sy God '*lief met (sy) hele hart'* en dien hom met '*al (sy) krag'.* Hy het sy naaste so lief soos hy homself het, ja, '*soos Christus ons liefgehad het*;' veral hulle wat hom 'beledig en… vervolg', want hulle ken nie die Seun of die Vader nie. Sy siel is voorwaar gevul met liefde, gevul '*met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid*.' Sy lewe is gevul met '*die werk van julle geloof en die arbeid van julle liefde en die lydsaamheid van julle hoop*.' '*En wat (hy) ook al doen in woord of in daad, (hy) doen alles in die Naam van die Here Jesus*.' Hy doen dit in die liefde en krag van die Here Jesus. Met ander woorde, hy doen die wil van God op aarde, soos die in die hemel gedoen word.

"(6.) Dit is wat dit beteken om 'n volmaakte mens te wees: Om algeheel geheilig te wees; Om 'n vlammende hart so brandend met God se liefde te hê (om Aartsbiskop Usher se woorde te gebruik) dat hy voortdurend elke gedagte, woord, en daad, as 'n geestelike offerande offer, aanvaarbaar voor God deur Jesus Christus; Om in elke hartsgedagte, elke word van ons mond, elke daad van ons hande, '*te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig*.' - O, dat ons, en elke ander wat die Here Jesus opreg soek '*volkome een kan wees'*.

Dit is die leer wat ons van die begin af verkondig het, en wat ons tot vandag toe preek. Waarlik, wanneer ons dit uit elke ligpunt beskou het, en weer-en-weer met God se Woord en die ervarings van die kinders van God vergelyk het, het ons net die eienskappe en natuur van Christelike Volmaaktheid beter leer ken. Daar is steeds geen verskil tussen ons vroeëre en huidige standpunte nie. Soos ons dit vroeër verstaan het – dit is om die gesindheid te hê '*wat ook in Christus Jesus was'*, en om in Sy voetspore te loop, om die hele gesindheid te hê wat in Hom was en om altyd te loop soos Hy geloop het: Met ander woorde, om innerlik en uiterlik aan God toegewy te wees; totaal toegewy in hart en lewe. Ons staan vandag onder dieselfde oortuiging, sonder enige byvoegsels of weglatings.

16. Die gesange oor Christelike Volmaaktheid is te veel om hier te plaas, daarom sal ek net gedeeltes uit drie gesange aanhaal:—

*Saviour from sin, I wait to prove*
*That Jesus is thy healing name;*
*To lose, when perfected in love,*
*Whate'er I have, or can, or am;*
*I stay me on thy faithful word,*
*"The servant shall be as his Lord."*
*Answer that gracious end in me*
*For which thy precious life was given;*
*Redeem from all iniquity,*
*Restore, and make me meet for heaven.*
*Unless thou purge my every stain,*
*Thy suffering and my faith is vain.*
*Didst thou not die, that I might live,*
*No longer to myself but thee?*
*Might body, soul, and spirit give*
*To Him who gave himself for me?*
*Come then, my Master and my God,*
*Take the dear purchase of thy blood.*
*Thy own peculiar servant claim,*
*For thy own truth and mercy's sake;*
*Hallow in me thy glorious name;*
*Me for thine own this moment take;*
*And change and throughly purify;*
*Thine only may I live and die. (Page 80.)*
*Chose from the world, if now I stand,*
*Adorn'd with righteousness divine;*
*If, brought into the promised land,*
*I justly call the Saviour mine;*
*The sanctifying Spirit pour,*
*To quench my thirst and wash me clean,*
*Now, Saviour let the gracious shower*
*Descend, and make me pure from sin.*
*Purge me from every sinful blot:*
*My idols all be cast aside:*

*Cleanse me from every evil thought,*
*From all the filth of self and pride.*
*The hatred of the carnal mind*
*Out of my flesh at once remove:*
*Give me a tender heart, resign'd,*
*And pure, and fall of faith and love.*
*O that I now, from sin released,*
*Thy word might to the utmost prove,*
*Enter into thy promised rest;*
*The Canaan of thy perfect love!*
*Now let me gain perfection's height!*
*Now let me into nothing fall;*
*Be less than nothing in my sight,*
*And feel that Christ is all in all. (Page 258.)*
*Lord, I believe, thy work of grace*
*Is perfect in the soul;*
*His heart is pure who sees thy face,*
*His spirit is made whole.*
*From every sickness, by thy word,*
*From every foul disease,*
*Saved, and to perfect health restored,*
*To perfect holiness:*
*He walks in glorious liberty,*
*To sin entirely dead:*
*The Truth, the Son hath made him free,*
*And he is free indeed.*
*Throughout his soul thy glories shine,*
*His soul is all renew'd,*
*And deck'd in righteousness divine,*
*And clothed and fill'd with God.*
*This is the rest, the life, the peace,*
*Which all thy people prove;*
*Love is the bond of perfectness,*
*And all their soul is love.*
*O joyful sound of gospel grace!*
*Christ shall in me appear;*

*I, even I, shall see his face,*
*I shall be holy here!*
*He visits now the house of clay,*
*He shakes his future home;—*
*O would'st thou, Lord, on this glad day,*
*Into thy temple come!*
*Come, O my God, thyself reveal,*
*Fill all this mighty void;*
*Thou only canst my spirit fill:*
*Come, O my God, my God!*
*Fulfil, fulfil my large desires,*
*Large as infinity!*
*Give, give me all my soul requires,*
*All, all that is in thee !*

## Die Eerste Metodiste Konferensies

17. Op Maandag, 25 Junie, 1744, het ons **eerste konferensie** begin; ses leraars en al ons predikers was teenwoordig. Ons het die volgend oggende begin om ernstig oor heiligmaking en volmaaktheid te besin. Die vrae wat ons gevra het, en ook die kerngedagtes uit die antwoorde volg hieronder:—

**"VRAAG: Wat beteken dit om heilig gemaak te wees?**

"*ANTWOORD: Om vernuwe te wees in die beeld van God, 'in geregtigheid en ware heiligheid* .'

**"V. wat word met 'n 'volmaakte Christen' geimpliseer?**

*"A. Om God lief te hê met jou hele hart, siel, en gees. (Deut. 6:5.)*

**"V. Beteken dit dat alle innerlike sonde weggewas is?**

*"A. Ongetwyfeld; Hoe anders kan van ons gesê word dat ons 'verlos' is van al ons 'onreinhede?' (Eseg. 36:29.)"*

Ons **tweede konferensie** het op 1 Augustus, 1745 begin. Ons bespreking oor heiligmaking die volgende oggend het as volg verloop:—

**"V. Wanneer begin innerlike heiligmaking?**

*"A. Dit begin die oomblik wat 'n persoon regverdig gemaak word. (Maar sonde is steeds in hom teenwoordig – of te wel 'die saad van alle sonde' – tot hy volkome heilig gemaak is.) Van daardie oomblik af sterf die persoon geleidelik vir die sonde, en groei in genade.*

**“V. Word dit (innerlike heiligmaking) oor die algemeen net voor die dood verkry?**

*“A. Nee dit word nie, vir diegene wat dit nie vroeër reeds soek nie.*

**“V. Maar kan ons dit (Heiligmaking) vroeër reeds soek?**

*“A. Hoekom nie? Want, al gee ons toe dat, (1.) Die meeste gelowiges, wat ons tot op hede ontmoet het nie heiligmaking ontvang het tot net voor die dood nie; (2.) En dat min van die persone aan Paulus sy sendbriewe geskryf het heiligmaking ontvang het ten tye van sy briewe; (3.) en ook so nie hyself ten tye van sy vroeë briewe nie; nogtans beteken dit nie dat ons nie nou reeds heiligmaking kan ontvang nie.*

**“V. Hoe moet ons heiligmaking preek?**

*“A. Verkieslik nie aan hulle wat nie sê ‘ek… strek my uit na wat voor is’ nie, maar aan hulle wat staan op die beloftes, en wat in die juk trek, in plaas van aangedryf word.*

Ons **derde konferensie** het op Dinsdag 13 Mei 1746 begin. By die konferensie het ons deeglik deur die notules van die vorige twee konferensies gewerk, om seker te maak of enigiets wat daarin vervat is moet teruggetrek of verander word na herbesinning. Ons kon geen rede sien om enigiets aan te pas ten opsigte van vroeëre besluite nie.

Op 16 Junie 1747 het ons **vierde konferensie** begin. Omdat verskeie persone wat nie in die leer van volmaaktheid glo nie, teenwoordig was, het ons ooreengekom om dit vanaf fundamentele beginsels af te ondersoek. Om dit te doen, het ons die volgende vraag begin:

**“V. In watter opsigte stem ons broers wat met ons verskil met betrekking tot algehele heiligmaking wel met ons saam?**

*“A. Hulle gee toe dat, (1.) Elkeen moet heilig gemaak wees ten tye van die dood (2.) Tot dan groei ‘n gelowige in genade en hy kom nader en nader aan volmaaktheid. (3.) Dat ons ons voortdurent daarna moet strewe, en andere ook aan te moedig om dit ook te doen.*

**“V. Wat gee ons aan hulle toe?**

*“A. Ons stem saam dat, (1.) Dat baie van hulle wat as gelowiges gesterf het, ja, die meeste van die wat ons geken het nie in die liefde volmaak geword het tot net voor hulle oorlede is nie. (2.) Dat die term ‘heiligmaking’ voortdurend deur Paulus toegepas is op hulle wat regverdig gemaak is. (3.) En dat hy byna nooit dit term in die konteks van ‘gered van alle sonde’ gebruik het nie. (4.) Gevolglik is dit ontoepaslik om die term in daardie sin te gebruik sonder om ‘algehele’ vooraan te plaas. (5.) Ook dat Godsgeïnspireerde skrywers meestal van/met hulle praat wat regverdig gemaak is, maar byna nooit van of met hulle wat algeheel heilig gemaak is nie. [m.a.w. in afsondering van andere, maar hulle praat voortdurend met hulle gesamentlik met andere] (6.) Gevolglik noop dit ons om feitlik aanhoudend oor regverdigmaking te praat, maar minder gereeld in duidelik verstaanbare terme te praat oor*

*algehele heiligmaking [Minder gereeld, gee ek toe, maar tog by sekere geleenthede baie kragtig en duidelik, en soveel as moontlik.].'*

**"V. Op watter punt verskil ons dan?**

*"A. Dit is die volgende: Moet ons dan verwag om eers by die doodsbed van alle sonde verlos te word?*

**"V. Is daar duidelike beloftes hieroor in die Skrif,—dat God ons van all sonde sal verlos?**

*"A. Daar is: Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede.' (Psalm 130:8.) "Dit word in Esegiël selfs nog duideliker gestel: 'Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig: En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede.' (Eseg. 36:25, 29.)*

*Geen belofte kan duideliker wees nie. Die Apostel (Paulus) verwys hierna in sy dringende oproep: 'Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.' (2 Kor. 7:1.) Net so direk en duidelik is die pragtige ou belofte: 'HERE jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om die HERE jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe' (Deut. 30:6)*

**"V. Is daar bevestiging van bogenoemde in die Nuwe Testament?**

*"A. Daar is, en dit word in die duidelikste terme moontlik gestel. Soos in 1 Joh 3:8: 'Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek;' Die werke van die duiwel, sonder enige uitsondering of beperking, is SONDE – ja, ALLE sonde. Die Apostel Paulus sluit hierby aan: 'soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, …sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.' (Ef. 5:25-27.) En om hierby aan te sluit, ook in Romeine: 'Want God het …deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, … sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.' [Rom. 8:3, 4]*

**"V. Bied die Nuwe Testament vir ons enige verdere gronde om te verwag dat ons van alle sonde gered kan word?**

"A. *Ongetwyfeld; in beide daardie gebede en opdragte, wat gelykstaan aan die kragtigste bevestigings en verklarings.*

**"V. Van watter gebede word hier gepraat?**

*"A. Gebede vir algehele heiligmaking; wat, as daar nie so iets bestaan het nie, sou ons God net bespotlik maak. Voorbeelde hiervan: (1.) 'Verlos ons van die bose.' As dit gedoen is, as ons van alle bose verlos is, kan daar mos nie meer sonde oorbly nie. (2.) Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo— dat almal een mag*

*wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees.' (3.) 'Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid … julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, (dat) julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.' (Ef. 3:14vv) (4.) 'mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus.' (1 Tes. 5:23.)*

**"V. Watter opdragte is daar rakende dieselfde onderwerp?**

*"A. (1.) 'Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is' (Mat. 5:48.) (2.) 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.' (Mat. 22:37.) As die liefde van God die hele hart gevul het, kan daar mos nie sonde in die hart teenwoordeig wees nie.*

**"V. Hoe kan dit dan moontlik wees lank voor die doodsbed?**

*"A. (1.) Dis duidelik uit die struktuur van die opdrag, want dis nie aan dooies gegee nie, maar aan lewendes. Daarom kan 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart' mos nie beteken wanneer jy reeds dood is nie, jy moet dit doen terwyl jy nog lewe. "(2.) So ook in hierdie uitdruklike skrifgedeeltes: (i.) 'Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe, terwyl ons die salige hoop en die verskyning van die heerlikheid verwag van die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus, wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.' (Titus 2:11-14.) (ii.) '…en 'n horing van heil vir ons opgerig het …om barmhartigheid te bewys aan ons vaders … die eed wat Hy gesweer het vir Abraham, ons vader, om aan ons te gee dat ons, verlos uit die hand van ons vyande en aan sy heilige verbond te dink; Hom sonder vrees kan dien, in heiligheid en geregtigheid voor Hom, al die dae van ons lewe.' (Luke 1:69vv.)*

**"V. Is daar voorbeelde in die skrif van persone wat dit bereik het?**

*"A. Ja, die Apostel Johannes, en almal van wie hy sê: 'Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld.' (1 John 4:17.)*

**“V. Kan ons nou so ‘n voorbeeld uitwys? Waar is die persoon wat dan so volmaak is?**

*“A. Aan sommige wat so ‘n vraag sou vra kan ons net sê, ‘As ek so ‘n persoon hier geken het, sou ek jou nie sê nie, want jy vra nie uit liefde nie. Jy is soos Herodes, jy soek net die klein kindjie om hom dood te maak.’ Maar om die vraag reguit te antwoord: Daar is baie redes waarom daar min sulke – indien – enige voorbeelde sou wees. Dit sou vir so ‘n persoon uiters onuithoudbaar wees as daar op hierdie manier ‘n teiken op sy rug geverf word! Dit sou ook tot skade wees vir al die teensprekers! ‘As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.’*

**“V. Is dit nie menslik dat ons dalk krities sou kyk na iemand wat sê dat hy van alle sonde verlos is nie?**

*“A. Daar is verskeie geldige redes waarom ons dit dalk sou doen; deels vir die siele wat sou skade ly indien sulke persone nie leef wat hulle bely nie; en deels van innerlik naywer wat ons dalk mag voel teenoor persone wat praat van hoër doelwitte wat bereik is in vergelyking met ons eie; en ook deels as gevolg van ons eie teenstand en traagheid van hart om die werke van God te glo.*

**“V. Hoekom mag ons dan nie voortgaan in die vreugde van die geloof totdat ons volmaak is nie?**

*“A. Inderdaad hoekom nie!? Omdat heilige droefheid nie hierdie vreugde uitblus nie; en omdat ons selfs onder die kruis, ja, terwyl ons deel in die lyding van Christus, vol onuitspreeklike vreugde kan wees.*”

Uit hierdie uittreksels kan duidelik gesien word dat hierdie nie net my en my broer se oortuigings was nie, maar ook die van al die predikers wat deel van ons was, in die jare 1744-47. Ek kan ook nie onthou dat daar by enige van hierdie konferensies enige teenstand was nie. Indien daar enige twyfel was, toe ons ontmoet het, het dit geheel en al verdwyn voor ons verdaag het.

<u>Nog Gesangeboeke sien die lig</u>.

18. In 1749 het my broer nog twee bundels ‘Gesange en gewyde gedigte’ gepubliseer. Omdat ek dit nie gesien het voor publikasie nie, was daar ‘n paar dinge ingesluit waarmee ek nie saamgestem het nie. Ek was egter tevrede met die meeste van die inhoud, daarom het ek ’n paar uittreksels saamgevoeg wat ek hieronder ingesluit het:-

*Come, Lord, be manifested here,*
*And all the devil’s works destroy;*
*Now, without sin, in me appear,*
*And fill with everlasting joy:*

*Thy beatific face display;*
*Thy presence is the perfect day. (Vol. I., p. 203.)*
*Swift to my rescue come,*
*Thy own this moment seize;*
*Gather my wand'ring spirit home,*
*And keep in perfect peace.*
*Suffer'd no more to rove*
*O'er all the earth abroad,*
*Arrest the pris'ner of thy love,*
*And shut me up in God! (Page 247.)*
*Thy pris'ners release, Vouchsafe us thy peace;*
*And our sorrows and sins in a moment shall cease.*
*That moment be now! Our petition allow,*
*Our present Redeemer and Comforter thou! (Vol. II., p. 124.)*
*From this inbred sin deliver;*
*Let the yoke Now be broke;*
*Make me thine for ever.*
*Partner of thy perfect nature,*
*Let me be Now in thee*
*A new, sinless creature. (Page 156.)*
*Turn me, Lord, and turn me now,*
*To thy yoke my spirit bow;*
*Grant me now the pearl to find*
*Of a meek and quiet mind.*
*Calm, O calm my troubled breast;*
*Let me gain that second rest:*
*From my works for ever cease,*
*Perfected in holiness. (Page 162.)*
*Come in this accepted hour,*
*Bring thy heavenly kingdom in!*
*Fill us with the glorious power;*
*Rooting out the seeds of sin. (Page 168.)*
*Come, thou dear Lamb, for sinners slain,*
*Bring in the cleansing flood;*
*Apply, to wash out every stain,*
*Thine efficacious blood.*

*O let it sink into our soul*
*Deep as the inbred sin:*
*Make every wounded spirit whole,*
*And every leper clean! (Page 171.)*
*Pris'ners of hope arise,*
*And see your Lord appear:*
*Lo! on the wings of love he flies,*
*And brings redemption near.*
*Redemption in his blood*
*He calls you to receive:*
*"Come unto me, the pard'ning God:*
*Believe," he cries, "believe!"*
*Jesus, to thee we look,*
*Till saved from sin's remains,*
*Reject the inbred tyrant's yoke,*
*And cast away his chains.*
*Our nature shall no more*
*O'er us dominion have:*
*By faith we apprehend the power,*
*Which shall for ever save. (Page 188.)*
*Jesu, our life, in us appear,*
*Who daily die thy death:*
*Reveal thyself the finisher;*
*Thy quick'ning Spirit breathe!*
*Unfold the hidden mystery,*
*The second gift impart;*
*Reveal thy glorious self in me,*
*In every waiting heart. (Page 195.)*
*In Him we have peace, In Him we have power!*
*Preserved by his grace Throughout the dark hour,*
*In all our temptation He keeps us, to prove*
*His utmost salvation, His fulness of love.*
*Pronounce the glad word, And bid us be free!*
*Ah, hast thou not, Lord, A blessing for me?*
*The peace thou hast given, This moment impart,*
*And open thy heaven, O Love, in my heart! (Page 324.)*

‘n Tweede uitgawe van hierdie bundels is in 1752 uitgegee sonder enige veranderings behalwe ‘n paar literêre foute wat reggestel is. Soos gesien kan word in hierdie uittreksels, meer as ooit tevore, staan ek en my broer vandag nog vas by dit wat ons van die begin af getuig het, (1.) Dat Christelike volmaaktheid daardie liefde van God en ons naaste is, wat verlossing van alle sonde impliseer. (2.) Dat dit deur geloof alleen verkry word. (3.) Dat dit in oombliklik, in een oomblik gegee word. (4.) Dat ons daarna moet strewe, nie eers by die doodsdag nie, maar nou reeds elke oomblik, en dat nou die aangewese tyd is – NOU is die tyd van redding.

## Die konferensie van 1759.

19. By die konferensie van 1759 het ons besef dat verskillende opinies onder ons kan posvat, en ons het weereens die leerstelling in diepte onder die loep geneem. Kort daarna het ek ‘Oordenkings oor Christelike Volmaaktheid’ (*nie in Afrikaans verkrygbaar nie*) gepubliseer, met die volgende beklemtoning vervat in die voorwoord:—

“Die volgende werkstuk is geensins geskryf om net die nuuskierigheid van enigiemand te bevredig nie. Dis ook nie bedoel om die leerstelling (*van Christelike Volmaatheid*) in die breë teenoor diegene wat dit uitmekaar trek en bespot te bewys nie. Dis ook nie geskryf om al die teenkanting teen dit te beveg nie – teenkanting wat soms selfs deur nugterdenkende persone geopper word. Al wat ek hier beoog, is om my oortuigings oor wat Christelike Volmaaktheid insluit, en wat dit nie insluit nie uiteen te sit. Ek wil ook graag ‘n paar praktiese opmerkings en riglyne oor die onderwerp byvoeg.

“Omdat die gedagtes voorheen in ‘n ‘*Vraag-en-antwoord*’ formaat bymekaar gevoeg is, wil ek dit graag weer so doen. Dit bly basies dieselfde as wat ek die afgelope twintig jaar gesê het:

**“VRAAG. Wat is Christelike Volmaaktheid?**

*“ANTWOORD. Om die Here jou God lief te hê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit impliseer dat geen verkeerde gesindheid wat in teenstelling met liefde staan in die siel kan oorbly nie, en dat alle denke, woorde, en dade deur ware liefde beheer word.*

**“V. Beteken dit dat ons glo dat hierdie volmaaktheid alle swakhede, onkunde en foute uitsluit?**

*“A. Ek bevestig voortdurend die teenoorgestelde, en het dit nog altyd gedoen.*

**“V. Maar hoe kan elke gedagte, word, en werk deur ware liefde beheer word, terwyl die mens terselfdetyd onderworpe is aan onkunde en foute?**

*“A. Ek sien geen weerspreking hier nie: ‘‘n Mens kan vervul wees met ware liefde, en nog steeds foute maak.’ Om die waarheid te sê, ek verwag om eers wanneer ek met die ewige*

*lewe beklee word, vry te wees van menslike foute. Ek glo dat menslike foute die natuurlike nagevolg is van die siel wat in 'n liggaam van vlees en bloed leef. Want ek kan nie dink en redeneer sonder om die stoflike menslike organe wat daarvoor ontwerp is te gebruik nie. Daarom kan ons nie verkeerde gedagtes altyd vermy nie – dit is nou totdat die verganklike met die onverganklike beklee word. "Ons kan hierdie gedagte bietjie verder voer. 'n Foutiewe begrip kan lei tot 'n fout in praktiese dade, byvoorbeeld: Mnr. De Renty[8] se wanbegrip rakende die beginsel van tugtiging, wat veroorsaak is deur 'n gebrek aan leiding, en aanleiding gegee het daartoe dat hy in die praktyk gefouteer het deur 'n ystergordel te dra. Daar kan moontlik nog 'n duisend voorbeelde opgenoem word, selfs in die lewens van persone wat waarlik in alles onder die genade lewe. Maar waar ookal 'n woord of daad uit liefde ontspring, kan 'n fout mos nie sonde wees nie. Hoe dit ookal sy, dit kan steeds nie voor God se oordeel bly staan nie, en benodig steeds die versoenende bloed (van Jesus).*

**"V. Wat was die gevolgtrekking van al ons broers wat in August 1758 in Bristol ontmoet het, oor hierdie onderwerp?**

*"A. Die gevolgtrekking is in hierdie woorde weergegee: (1.) Elke mens mag moontlik fouteer so lank as wat hy lewe. (2.) 'n Foutiewe begrip mag lei tot foute in dade. (3.) Sulke foute is steeds 'n oortreding van die volmaakte gebod. Daarom, (4.) as dit nie vir die versoeningsbloed (van Jesus) was nie, sou sulke foute tot die ewige verderf gelei het. (5.) Hieruit kan ons aflei dat selfs die mees volmaakte persone steeds die voordele wat in Jesus is, benodig – ook vir hulle fisiese oortredings. Hulle kan vir hulleself, en ook vir hulle broers bid: 'Vergewe ons ons skulde'. "So kan ons maklik verklaar wat andersins onverklaarbaar sou wees; naamlik, dat hulle wat nie omgekrap raak wanneer ons van die hoogste vorm van liefde praat nie, steeds nie wil aanvaar dat 'n lewe sonder sonde moontlik is nie. Die rede hiervoor is dat hulle weet dat mense 'n geneigdheid tot foute het – in aksies sowel as oordeel. Maar hulle besef nie, of wil nie aanvaar dat dit nie sonde is nie, solank as liefde die onderliggende motivering is nie.*

**"V. Nogtans, as mense sonder sonde leef, is 'n Voorspraak dan nie meer nodig nie? Het diesulkes dan nie meer vir Christus in Sy Priesterlike amp nodig nie?**

*"A. Beslis nie. Niemand voel hulle behoefte aan Christus so intens soos hierdie mense nie, niemand is so afhanklik van Hom soos hulle nie. Want Christus gee nie lewe aan die siel apart van Homself nie, maar in Hom en met Hom. Daarom is Sy woorde waar met betrekking tot alle mense, maak nie saak wat hulle heiligmaking situasie is nie: 'Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie…sonder My kan julle niks doen nie.'*

*"In watter toestand ons ookal is, het ons Christus nodig met betrekking tot elkeen van die volgende: (1.) Hoe ons ookal genade ontvang, dit bly 'n vrye geskenk van Hom af. (2.) Ons ontvang dit as Sy koopsom, in ag genome die prys wat Hy betaal het. (3.) Ons het hierdie genade, nie net VAN Christus nie, maar ook IN Hom. Ons volmaaktheid is nie soos die van 'n boom wat uit die vog van sy eie wortels floreer nie, maar soos ons vroeër gesê het, ons volmaaktheid is soos die van 'n loot wat een is met die wingerdstok. In eenheid met die wingerdstok dra dit vrug, maar afgesny van die wingerdstok verweer dit en sterf. (4.) Al ons seëninge, tydelik, geestelik, en ewig, is onderworpe aan Sy voorspraak vir ons, wat deel is van Sy priesterlike amp, en wat ons dus altyd sal nodig hê. (5.) Die volmaakste onder ons het steeds vir Christus in Sy priesterlike amp nodig om versoening te doen vir hulle verdoeselings, tekortkominge, [soos sommige verkeerdelik verklaar,] hulle foute in oordeel en daad, en hulle verskeidenheid gebreke. Hierdie is almal afwykings van die volmaakte wet af, en gevolglik is versoening noodsaaklik. Nogtans is hierdie dinge nie sonde in die ware sin van die woord nie, soos die woorde van die Apostel Paulus vir ons wys: 'Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet.' (Rom. 13:10.) Nou dan, foute, en al die gebreke wat die gevolg is van ons verganklike liggame, is geensins 'n teenpool van hierdie liefde nie. Dus is dit ook nie in die sin van die Bybelse betekenis, sonde nie.*

*"Laat ek verder lig op hierdie onderwerp gooi: (1.) Moedswillige sonde [Met ander woorde, 'n doelbewuste oortreding van 'n bekende wet van God], en onwillekeurige sonde [die onwillekeurige oortreding van 'n heilige gebod, bekend of onbekend], het beide die versoenende bloed van Christus nodig. (2.) Ek glo dat daar nie in hierdie lewe so 'n volmaaktheid is wat hierdie onwillekeurige oortredinge kan uitwis nie. Hierdie oortredinge is die natuurlike gevolg van die onkunde en foute wat onlosmaaklik deel is van ons sterflikheid. (3.) Daarom gebruik ek nooit die woorde 'sondelose volmaaktheid' nie, anders sou dit lyk of ek myself weerspreek. (4.) Ek glo dat 'n persoon wat met God se liefde vervul is, steeds onderworpe is aan hierdie onwillekeurige oortredinge. (5.) Jy kan hierdie oortredinge sonde noem as jy wil, maar ek doen dit nie en wel vir die redes hierbo genoem.*

**"V. Wat se raad kan gegee word aan diegene wat dit (foute en gebreke) wel sonde noem, en ook aan hulle wat dit nie so noem nie?**

*"A. Laat hulle wat dit nie sonde noem nie tog nooit dink dat hulle of enige ander persone op die plek is waar hulle sonder 'n Voorspraak voor die ewige Geregtigheid kan staan nie. Dit toon of diep onkunde, of die ergste arrogansie en aannames.*

*"Laat hulle wat dit wel sonde noem, versigtig wees wanneer hulle dit met moedswillige sonde saam gooi. Hoe kan hulle verwarring vermy, hoe gaan hulle onderskeid tref tussen die twee as alles sommer net sonde genoem word? Ek is bevrees, as ons enige sonde in die*

*beskrywing van volmaaktheid gaan toelaat, gaan die beskrywing nie net beperk bly tot die gebreke wat oorspronklik by die beskrywing betrek is nie.*

**"V. Hoe kan geneigdheid tot foute saam met volmaakte liefde bestaan? Is 'n persoon wat volmaak is in die liefde nie elke lewens oomblik onder die invloed daarvan nie? Kan enige fout uit volmaakte liefde voortvloei?**

*"A. Ek antwoord as volg, (1.) baie foute mag saam met volmaakte liefde voorkom; (2.) Somtyds kan foute selfs uit volmaakte liefde voortvloei: Liefde self mag lei tot foute. Suiwer liefde vir ons naaste wat uit God se liefde gebore is, bedink nie die bose nie, en dit glo en vertrou die een wat hy liefhet. Hierdie gesindheid, sonder enige wantroue, is gereed om die beste in die mens te glo. Daarom kan daar so maklik geglo word mense is beter as wat hulle werklik is. Hier sien ons duidelik hoe maklik foute selfs uit suiwer liefde uit kan voortkom.*

**"V. Hoe kan ons voorkom dat ons die maatstaf vir volmaaktheid te hoog of te laag stel?**

*"A. Deur by die Bybel te hou, en die standaard net so hoog te stel as wat ons in die Skrif sien. Dis op geen manier hoër of laer as dit nie— dis die suiwer liefde van God en mens, en om God lief te hê met ons hele hart en siel, en ook ons naaste soos onsself. Dan regeer liefde in ons hart, en dit vloei deur ons gesindhede, woorde, en dade.*

**"V. Veronderstel iemand het dit bereik, sal ons hom aanraai om daaroor te praat?**

*"A. Aan die begin mag die vuur in hom dalk so nuut ontvlam het dat hy dit moeilik sal vind om nie daaroor te praat nie, omdat sy begeerte oor die goedentierenheid van die Here te getuig hom soos 'n stroom meesleur. Na 'n tyd sal hy die teenwoordigheid van gees behou om te weet om nie met hulle wat nog nie die Here ken daaroor te praat nie omdat dit moontlik net tot konflik, meningsverskille en lastering sal lei. Hy moet ook net met goeie rede met andere daaroor praat, dit wil sê waar 'n goeie uitkoms moontlik is. Dan moet hy ook seker maak dat hy nie verwaand klink nie, maar met die diepste nederigheid en eerbied getuig en al die eer aan God gee.*

"**V. Sal dit nie beter wees om eerder totaal en al stil te wees hieroor nie**?

*"A. Dis vanselfsprekend dat 'n persoon deur stil te bly moontlike konflik wat mag ontstaan, selfs wanneer hy net teenoor ander gelowiges hieroor getuig, sal vermy? As 'n mens op die menslike wysheid en die raad van andere staatmaak, sal hy nooit hieroor getuig nie. Maar dit is nie wat God sou wou hê nie. Ons moet ongetwyfeld hieroor getuig! 'n Mens steek tog nie 'n kers aan en plaas dit onder 'n maatemmer nie, die alleenwyse God sal dit allermins ook nie doen nie. Hy doen beslis nie Sy monumentele kragtige liefdeswerk in 'n persoon net om dit vir die mensdom weg te steek nie! Nee, Sy oogmerk is 'n seëning vir elkeen wat 'weet hoe afhanklik hulle van God is' ('83 Afr. Vert.). Hierdeur beoog God nie net die geluk van die*

*persoon wat getuig nie, maar ook om andere te motiveer en aan te moedig om hierdie seën self ook na te streef. Sy begeerte moet wees dat vele dit sal sien en in vreugde ook hulle vertroue op God sal stel. Bowendien, niks in die hemel of op aarde laat die begeerte tot volle verlossing in mense wat regverdig gemaak is so opvlam as gesprekke met iemand in wie hulle 'n hoër verlossing sien nie. Sulke getuienisse plaas hierdie verlossing vierkantig in hulle gesigsveld, en vermeerder hulle dors daarna. Indien iemand homself in sy eie stilte sou begrawe, sou ander nooit aan God se volle verlossingswerk blootgestel word nie!*

**"V. Is daar dan geen manier waarop die persoon wat oor volle verlossing getuig beskerm kan word teen die aanvalle wat daarmee gepaard gaan nie?**

*"A. Dit kom voor asof dit nie in die geheel voorkom kan word nie, omdat soveel van die ou natuur selfs in gelowiges oorbly. Iets kan wel gedoen word as die Prediker op elke plek net (1.) met diegene wat hieroor getuig sal praat, en (2.) sal poog om enige onregverdige of slegte behandeling teenoor hulle by wie daar aanvaarbare bewyse van volle verlossing is, te voorkom.*

**"V. Wat is aanvaarbare bewyse? Hoe kan ons verseker weet iemand is waarlik van alle sonde verlos?**

*"A. Ons kan nie sonder twyfel weet nie, [selfs nie eens of iemand werklik regverdig gemaak is nie], behalwe as dit God behaag om ons wonderbaarlik met die gawe van onderskeiding van geeste toe te rus. Ons glo dat die volgende genoegsame bewyse sou wees vir enigeen wat nugter hieroor dink om nie die waarheid en diepte van die werk in twyfel te trek nie: (1.) As daar genoegsame getuienis is oor sy voorbeeldige lewe voor die verandering waaroor hy getuig. Dit gee ons genoeg rede om te aanvaar dat hy nie voor God sou lieg nie, maar net sy ervaring eerlik deel. (2.) As hy 'n spesifieke tyd en wyse kan noem van waar sy lewe verander het, in reguit, eerlike woorde wat nie weerlê kan word nie. (3.) As dit duidelik is dat sy woorde en dade na sy ervaring heilig en vlekkeloos is.*

*"Die feit van die saak is: (1.) Ek het genoegsame rede om te glo dat so 'n persoon nie sal lieg nie; (2.) Hy getuig voor God: 'Ek ervaar geen sonde nie, maar wel liefde; Ek bid, jubel, en betuig dankbaarheid sonder ophou; en ek het 'n duidelike getuienis in myself dat ek volkome nuutgemaak is, en regverdig gemaak is.' As daar dan niks is wat hierdie eenvoudige getuienis kan weerlê nie, het ek geen rede om so 'n getuienis teen te staan nie.*

*"Niks kan bereik word deur teenstand nie, 'Maar ek weet dat daar verskeie dinge is waar so 'n persoon kan fouteer.' Ons het vroeër tot die gevolgtrekking gekom dat hulle wat nog in die vlees is, wel foute kan maak, en dat foute in oordeel soms tot foute in dade kan lei. Groot omsigtigheid moet egter aan die dag gelê word dat hierdie toegewing nie misbruik word nie. Byvoorbeeld: Selfs iemand wat volmaak is in die liefde kan fouteer teenoor 'n ander persoon*

*en hom meer of minder menslik te beoordeel as wat hy werklik is. Sodoende kan hy dalk meer kras met hom wees as wat in waarheid werklik nodig is. In hierdie sin, (hoewel dit moontlik nie Jakobus se presiese bedoeling was nie) kan ons wel sê: 'ons almal struikel dikwels.' Ons kan dus nie sê dat die persoon wat hieroor getuig, nie werklik volmaak is nie.*

"V. Bewys die feit dat 'n persoon soms onkant gevang word deur negatiewe woorde, deur 'n struikeling, of selfs deur gevaar nie die teenoorgestelde nie?

*"A. Nee, iemand kan skrik, sidder, bloos, of op 'n ander wyse omvêr gegooi word terwyl die siel steeds kalm is want God 'sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar want hulle vertrou op (Hom)'. So, nee, gedagtes en denke mag vol kommer wees… of baie hartseer wees… of teneergedruk wees, ja, selfs in pyn, terwyl die hart steeds aan God verkleef is in volmaakte liefde en die wil totaal aan Hom oorgegee is. Was dit nie die gesindheid van die Seun nie? Is daar enige mensekind wat al deur dieselfde benoudheid, pyn , en lyding gegaan het waardeur Hy gegaan het? En tog was Hy sonder sonde.*

**"V. Kan iemand met 'n rein hart voorkeur gee aan geurige kos eerder as onaangename kos, of aangename sensoriese ervarings wat nie werklik nodig is nie, geniet? Indien wel, hoe verskil hulle van andere?**

*"A. Die verskil tussen die persone en andere wanneer hulle geurige kos geniet, lê daarin dat (1.) hulle nie sulke dinge nodig het om gelukkig te wees nie. Hulle het 'n fontein van geluk wat in hulle binneste ontspring. Hulle ken God en het Hom lief. Daarom het hulle 'n ewige vreugde, en hulle is in alles dankbaar. (2.) Hulle gebruik hierdie dinge, maar smag nie daarna nie. (3.) Hulle gebruik dit soos werklik nodig is, en nie om dit te besit nie.*

*Bogenoemde in ag geneem, wil ons eerlik en reguit antwoord,—So 'n persoon kan geurige kos gebruik, sonder die gevaar wat persone wat nie gered is nie, in die gesig staar. Dit mag sy voorkeur bo onaangename kos wees, al is beide ewe voedsaam, sodat hy nog meer dankbaar kan wees omdat sy fokus op God is wat ons alle dinge in oorvloed gee om te geniet. Net so mag dit sy gesindheid wees as hy aan 'n blom ruik, of 'n tros druiwe eet, of plesier put uit iets anders sonder dat dit sy vreugde in God laat taan. Net so is dit absurd om te sê dat iemand wat in liefde volmaak is nie in die huwelik kan tree nie, of sake kan doen in hierdie wêreld nie. As so 'n persoon wel hiertoe geroep is, sal hy deegliker wees omdat hy streef om alles na die beste van sy vermoë te doen, sonder dat hy in sy gees fokus verloor.*

**"V. As twee volmaakte Christene sou kinders hê, hoe kan hulle dan in sonde gebore wees as daar geen sonde in hulle ouers was nie?**

*"A. Dit is moontlik, maar onwaarskynlik, en ek twyfel of dit al gebeur het of ooit sal gebeur – Bogenoemde buite rekening gelaat wil ek steeds antwoord met hierdie voorbeeld; 'Sonde is in my ingebore, nie deur my biologiese ouers nie, maar deur my eerste ouers, (my vader by die skepping). 'In Adam wet almal gesterwe; deur die ongehoorsaamheid van een mens, het*

*almal sondaars geword;' Alle mense, sonder uitsondering, Adam se hele nageslag het sondaars geword toe hy die verbode vrug geëet het. "Ons het 'n pragtige illustrasie in tuinbou: Wanneer 'n vrugte appel loot op 'n wilde-appel (krap-appel) stam ingeênt word, dra dit uitstekende vrugte, maar as die saad hiervan geplant wod, dra dit weer wilde-appels wat onsmaaklik is.*

**"V. Wat doen een wat volmaak is meer as ander mense, of meer as die gewone gelowige?**

*"A. Tien teen een niks nie. Beteken dit dat God se voorsienigheid sy keuses beinvloed het deur omstandighede van buite af? Dalk nie veel nie, alhoewel hy begeer om vir God uit te giet en uitgegiet te word, maar nie sodat almal daardeur beindruk kan word nie. Hy praat en doen nie baie sodat sy volmaaktheid gesien kan word nie, net soos sy Here nie baie gesê en gedoen het nie - nie eens groter werke as soos sommige van Sy apostels nie. (Joh 14:12.) Nou hoe nou? Dit beteken nie dat hy nie meer genade het nie, en hierdeur meet God die uiterlike werk.*[9] *Luister na Christus se woorde: 'Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie arm weduwee het meer ingegooi as almal.' Verily, this poor man, with his few broken words, hath spoken more than them all. Verily, this poor woman, that hath given a cup of cold water, hath done more than them all.*[10] *'Moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel 'n regverdige oordeel!'*

**"V. Is hierdie dan nie 'n bewys teen hom nie? Ek sien geen krag in sy woorde of gebed nie?**

*"A. Nee dit is nie, want heel moontlik lê die fout by jou. As een van die volgende struikelblokke in jou pad staan, sal jy moontlik geen krag ervaar nie: (1.) Die doodsheid in jou eie siel. Die dooie fariseërs het nie die krag in Sy woorde ervaar nie want 'Nooit het 'n mens so gespreek soos hierdie mens nie.' (2.) Die skuld van onbelyde sonde lê op jou hart. (3.) Jy voel een of ander vooroordeel teenoor hom. (4.) Jy glo nie die volmaaktheid wat hy verkondig is moontlik nie. (5.) Weiering om te glo en aanvaar dat hy dit verkry het. (6.) As jy hom op 'n troontjie plaas (7.) As jy jouself en jou eie oordeel te hoog ag. As enige van bogenoemde struikelblokke in jou lewe waar is, is dit geen wonder dat jy nie die krag in sy woorde ervaar nie. Ervaar ander mense dit? Indien wel, val jou hele argument uitmekaar. Indien ander mense dit nie ervaar nie, is dit nie omdat hierdie struikelblokke ook in hulle pad staan nie? Jy moet seker maak hieroor alvorens jy argumente hierom bou, en selfs dan sal jou argument nie kan bewys dat genade en gawes nie altyd saamgaan nie.*

*Maar hy voldoen nie aan die veriestes van my idee van 'n volmaakte Christen nie. Miskien het niemand al ooit daaraan voldoen nie, en sal ook nooit nie, want jou idee gaan verder as wat die Skrif sê en mis die hele punt. Jou idee mag meer behels as wat die Skrif vereis, of jy het iets bygevoeg wat nie in die Skrif voorkom nie. Skrif gefundeerde volmaaktheid is suiwer*

*liefde wat die hart gevul het, en wat alle woorde en dade beheer. As jou idee oor Christelike volmaaktheid enigiets meer as dit insluit, is dit onbybels; en dan is dit geen wonder dat 'n persoon wie se lewe Bybelse volmaaktheid uitstraal, nie volgens jou standaarde volmaak is nie.*

*"Ek is bevrees vele mense struikel oor hierdie probleem. Hulle voeg allerhande bestandele by soos hulle verkies, wat nie volgens die Bybelse resep is nie. Dis gebore uit mense se eie idees oor hoe 'n volmaakte persoon lyk; en hulle kraak onmiddelik 'n ander persoon af wat nie by hulle prentjie oor volmaaktheid inpas nie. Ons moet baie seker maak dat ons altyd die eenvoudige Bybelse vereistes in die oog hou. Suiwer liefde wat in ons harte en lewens regeer is die begin en die einde van Bybelse volmaaktheid.*

**"V. Wanneer mag 'n persoon sê dat hy dit wel bereik het?**

*"A. Wanneer 'n persoon ten volle van ingebore sonde oortuig word, deur 'n baie dieper en sterker oortuiging as by sy wedergeboorte, en ervaar dat dit meer en meer in hom sterf totdat hy die sonde geheel en al afgesterf het, ondervind hy 'n algehele vernuwing in die liefde en beeld van God. Nou verheug hy hom altyd, en bid sonder ophou en hy is in alles dankbaar. Nogtans is '…om net liefde te voel en geen sonde nie…' nie werklik genoegsame bewys van Christelike Volmaaktheid nie. Daar is verskeie mense wat 'n '…net liefde en geen sonde…' ervaring vir 'n tyd lank gehad het voordat hul siele waarlik vernuwe geword het. Daarom moet niemand glo dat hierdie werk afgehandel is alvorens hy verseker is dat die getuienis van die Heilige Gees in sy lewe as bevestiging van sy algehele heiligmaking net so duidelik is as die getuienis oor sy regverdigmaking nie.*

**"V. Waarom is dit dan dat sommige mense dink dat hulle algeheel geheilig is terwyl hulle in werklikheid nie is nie?**

*"A. Die rede hiervoor is dat mense hulle self net aan sommige van die bogenoemde riglyne beoordeel, of hulself meet aan ander vae en verwarrende maatstawwe. Ek weet nie van een enkele persoon wat aan al die bogenoemde verwagtinge voldoen het en steeds om die bos gelei is nie. Ek glo nie dat daar so 'n persoon kan wees nie. As iemand na regverdigmaking kragtig en volkome van ingebore sonde oortuig word, en dan ervaar dat dit meer en meer in hom sterf totdat hy die sonde geheel en al afgesterf het;-*

*Ja, as hierdie persoon dan ook hierna 'n algehele vernuwing in/na die beeld van God ondervind, 'n vernuwing groter en kragtiger as tydens regverdigmaking, tesame met 'n reguit en duidelike getuienis van die vernuwing, ag ek dit onmoontlik dat die persoon hoegenaamd hieroor mislei kon wees – want God kan nie lieg nie.*

*Daarom, as iemand wat ek ken as 'n eerlike persoon bogenoemde teenoor my getuig, wie is ek om sonder goeie rede sy getuienis te verwerp?*

**“V. Is afsterf van sonde en vernuwing in liefde geleidelik of oombliklik?**

*“A. ‘n Mens kan vir ‘n tydlank sterwend wees, maar hy sterf nie in die ware sin van die woord nie, tot op daardie oomblik wat siel en liggaam geskei word. Op daardie oomblik betree hy die lewe in die ewigheid. Net so kan iemand reeds sterwend vir sonde wees, maar hy is nie dood vir sonde nie, tot op daardie oomblik wat sonde uit sy siel verwyder word. In daardie enkele oomblik betree hy die volmaakte lewe van liefde.*

*Net soos die verandering wat ons ervaar wanneer ons fisies sterf, onbeskryflik anders en groter is as wat ons ooit voorheen geken het, net so is die verandering wat in ons gewerk word wanneer die siel sonde afsterf, geheel en al anders en onbeskryflik groter as enige werk wat voorheen in my siel gedoen is, so groot dat geen mens dit naastenby kan snap of visualiseer alvorens hy dit ondervind nie. Nogtans groei hy steeds in genade, en in die kennis van Christus, en die liefde en beeld van God. Hierdie persoon hou aan groei, nie net tot die dood nie, maar tot in alle ewigheid.*

**“V. Hoe leef ons in afwagting op hierdie verandering?**

*“A. Beslis nie in argelose onverskilligheid nie, ook nie in trae onwilligheid nie, maar in lewenskragtige algehele gehoorsaamheid, in doelgerigte onderhouding van al die gebooie, in waaksaamheid, in lyding, in onthouding, en in daaglikse kruisdra; sowel as ernstige gebed-en-vas en getroue gehoorsaamheid aan al God se verordeninge. As enigiemand dink hy kan dit op enige ander manier verkry of behou, maak nie saak hoe oorvloediglik nie, bedrieg hy sy eie siel. Hier volg die naakte waarheid: ons ontvang dit deur die geloof alleen, maar God sal ons nie daardie geloof gee alvorens ons dit smagtend nastreef en soek nie, soos Hy dit verwag. Bogenoemde oorweging mag dalk duidelik maak waarom so min mense hierdie seën ontvang het. Vra bietjie rond na hoeveel mense hierna streef, en die antwoord is voor die hand liggend. “Veral die gebedslewe bly mense ernstig in gebreke! Wie is standvastig hierin?! Wie worstel met God vir hierdie seën?! Die Apostel Jakobus sê: ‘julle het nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid.’ Julle bid dat julle dit sal ontvang voor julle sterf! ….Voor julle sterf?! Sal dit vir jou genoeg wees?!*

*NEE! Bid dat dit NOU sal gebeur, vandag nog! Moenie dit sien asof jy God se arm draai nie. Vandag sowel as more behoort tog aan God!*

*Make haste, man, make haste!*
*Let thy soul break out in strong desire*
*The perfect bliss to prove;*
*Thy longing heart be all on fire*
*To be dissolved in love!*

**"V. Mag ons dan nie voortgaan in vrede en liefde tot wanneer ons in die liefde volmaak geword het nie?**

*"A. Natuurlik mag ons! Die koninkryk van God is tog nie teen homself verdeeld nie; daarom moet die gelowiges nie ontmoedig voel om 'hulle altyd in die Here te verby nie.' Nogtans mag ons pynlik bewus wees van die sondige natuur wat steeds teenwoordig is. Dis 'n goeie ding dat on hierdie pynlike bewustheid ervaar, tesame met 'n deurdringende begeerte om daarvan ontslae te wees. Net so moet ons te alle tye en in alle erns uitreik na ons Kragtige Helper. Ons moet meer doelgerig 'jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.' Wanneer ons bewustheid van ons sonde dan groter word, moet ons bewustheid van Sy liefde net soveel groter wees.*

"**V. Hoe moet ons optree teenoor hulle wat dink hulle het dit bereik**?

*"A. Wees eerlik met hulle, en moedig hulle dringend aan om ernstig te bid dat God hulle alles sal wys wat in hulle harte is. Ons vind kragtige vermanings aan hulle wat volkome onder die genade leef om in alle genade te groei, en ook ernstige waarskuwings om alle boosheid te vermy, reg deur die Nuwe Testament. Alle vermanings moet altyd liefdevol geskied sonder om ongevoelig, kras of suur te wees. Ons moet seker maak dat ons nie ongelukkig, ongevoelig, of verhewe voorkom nie. Wees verseker dat Satan versoekings sal bring en dat Sy kinders sal uitroep: 'Kom ons oorval hulle met nydigheid en pyniging, sodat ons kan sien of hulle waarlik nederig en sagmoedig is.' As hulle getrou bly volgens die genade wat hulle ontvang het, is daar geen gevaar dat hulle sal val nie. Nee, nie vir hulle wat vasklou aan die verkeerde tot hulle wanneer hulle gees weer terugkeer na God toe nie.*

"**V. Wat se skade kan dit doen as ons veroordelend teenoor hulle optree**?

*"A. Hulle mag onder 'n wanindruk verkeer, of hulle verkeer nie onder 'n wanindruk nie. Indien ons wel kras teenoor hulle optree, mag dit hulle siele vernietig. Dis nie onmoontlik nie, en ook nie onwaarskynlik nie. Hulle kan so omgekrap wees, of so ontmoedig word, dat hulle dalk sink en nie weer opstaan nie. Indien hulle wel reg is, kan dit skade aanrig in die lewens van hulle wat reg voor God leef, en so groot skade in ons eie siele aanrig.*

*Wees verseker, hy wat hulle skade aandoen, raak as't ware aan die appel van God se oog. As hulle waarlik met Sy Gees vervul is, bedroef ons die Gees van genade wanneer ons onverdraagsaam of minagtend teenoor hulle optree. Terselfdertyd stook ons verkeerde gesindhede en boosheid in ons eie harte.*

*Selfs al is dit net in een enkele geval, hoe kan ons onsself aanstel as hoofondersoeker wat homself die gesag toe eien in hierdie diep dinge van God?! Is ons op enige manier gekwalifiseerd hiervoor? Kan ons hoegenaamd in elke geval bepaal hoe ver die ongesteldheid strek, en wat die antwoord mag wees of nie mag wees nie? Het ons die reg*

*om in alle omstandighede te besluit wat saamval met volmaakte liefde en wat nie? Het ons die vermoë om te bepaal hoe dit voorkoms, aksies en stemtoon kan beinvloed? As bogenoemde waar sou wees, sou ons onsself as 'net die man' met alle wysheid in pag kon beskou.'*

"**V. As hulle ongelukkig is omdat ons hulle nie glo nie, is dit nie die nodige bewyse teen hulle nie**?

*"A. Die antwoord lê in hoe hulle ontevredenheid tot uiting kom: As hulle sou omgekrap wees, is dit bewyse teen hulle; As hulle bedroef sou wees is dit nie. Hulle is veronderstel om bedroef te wees, want as ons 'n ware werk van God betwyfel, ontneem ons onsself van die voordeel wat daarin vir ons tot ons beskikking is. Boonop kan ons maklik droefheid aansien vir omgekraptheid omdat die fisiese uitdrukking van beide baie dieselfde voorkom.*

"**V. Is dit dan nie beter om diegene uit te wys wat hulleself Christelike volmaaktheid toe eien wanneer hulle dit nie waarlik het nie**?

*"A. Dit sal goed wees om dit op 'n liefdevolle, taktvolle wyse te doen. Om dit as 'n oorwinning te sien is die verkeerdste gesindheid denkbaar. Dit is totaal en al verkeerd om in so 'n geval te reageer asof ons iets groots buitgemaak het. Moet ons nie eerder hartseer en baie bekommerd wees oor so 'n persoon nie?*

*Hier is iemand wat ons gedink het lewende bewys is dat God tot die uiterste toe red, tot groot ontnugtering. Hy is geweeg en te lig bevind! Is dit 'n rede vir blydskap? Is ons nie veronderstel om eerder 'n duisend keer meer vreugde te ervaar wanneer ons niks anders as volmaakte liefde vind nie?*

*"'Maar die persoon het volmaakte liefde misverstaan.' Hoe dan nou? Eintlik is dit net 'n skadelose fout, en sy hart is steeds nog gevul met liefde. Dit is 'n fout wat Sy groot genade bewys, en ook Sy oorvloedige heiligheid en vreugde. Ons moet vreugde vind in die eenvoud van hart, en die oorvloed van genade beskikbaar in so 'n geval, en nie in die fout wat uitgewys is nie.*

*Ek verheug my daarin dat so 'n persoon altyd vreugde in Christus vind, vol danksegging en gebed. Ek verheug my daarin dat hy nie oorloop van woede nie, maar van die liefde van God. En ek sal my verheug daarin wanneer sonde lamgelê word totdat dit in totaliteit vernietig is.*

"**V. Is daar dan geen gevaar in so 'n wanbegrip nie**?

*"A. Nie deur die tyd wat hy nie sonde ervaar nie. Daar was gevaar voor die tyd, en daar sal weer na die tyd wees wanneer hy deur nuwe beproewinge gaan. Solank as wat hy egter die liefde ervaar wat deur sy gedagtes, woorde, en dade uitvloei, is daar geen gevaar nie. Hy is*

*veilig en gelukkig in die skadu van die Almagtige, en ter wille van God se saak, laat hom voortgaan in daardie liefde solank hy kan.*

*Wat jy wel intussen kan doen, is om hom bedag te maak op die gevaar van wanneer sy liefde koud word en sonde ontwaak. Waarsku hom veral oor die gevaar van om in hopeloosheid te verval en alle hoop op te gee omdat hy dit (Volmaakte liefde) nog nie bereik het nie, want dan sal hy nooit nie.*

"**V. Wat dan as niemand dit (Christelik Volmaaktheid – Red.) al bereik het nie? Wat dan as almal wat so dink mislei word**?

"*A. Oortuig my hiervan, en ek sal dit nie weer preek nie. Verstaan net duidelik, ek bou geen leerstelling om hierdie of daardie persoon nie. Daarom staan ek vas in hierdie boodskap. As dit so is dat niemand nog volmaak is nie, dan is dit nie God wat my gestuur om volmaaktheid te preek nie.*

*"Kom ons kyk na 'n soortgelyke situasie: Vir baie jare het ek 'Daar is vrede van God wat alle verstand te bowe gaan' gepreek. Oortuig my dat hierdie woorde geen impak gemaak het nie, en dat niemand in al hierdie jare hierdie vrede ontvang het nie, en dat daar tot vandag toe geen lewende getuie hiervan is nie, en ek sal dit nie weer preek nie*.

*"'Mense sê dalk 'Ja, maar baie mense het met daardie vrede in hulle hart gesterf.' Dit is dalk so, maar ek soek lewende getuies. Ek kan nie eenhonderd persent seker wees dat hierdie of daardie persoon 'n getuienis het nie, maar as ek seker was daar is niemand met hierdie getuienis nie, sou ek klaarspeel met hierdie leerstelling.*

*"'Julle verstaan my buitendien verkeerd. Ek glo dat daar mense is wat in Volmaakte Liefde gesterf het, wat dit lank voor hulle dood reeds ontvang het. Ek was net onseker oor die geldigheid van hulle getuienis tot kort voor hulle dood.*

*"Hoewel nie onfeilbaar nie, is hierdie sekerheid wat jy reeds vroeër gehad het 'n sekerheid wat jou siel verkwik en bemoedig het, en aan alle ander Christelike vereistes voldoen het. Enige persoon wat soek, kan hierdie sekerheid leer ken deur net een uur in die geselskap van 'n lewende getuie hiervan deur te bring – in die liefde en vrees van ons God.*

"**V. Maar wat bereik ons as ons redeneer oor of vele mense dit verkry het of nie, siende dat daar so baie getuies in die Skrif daarvoor is**??

*"A. As dit so is dat niemand in Engeland die Christelike Volmaaktheid ontvang het waaroor daar vir so 'n lang tyd so kragtig deur soveel predikers op soveel plekke gepreek is nie, sou ek vas oortuig wees dat ons die betekenis van daardie skrifgedeeltes misverstaan het; en dan sou ek moes begin preek dat die sonde in die mens bly tot die dood.'"*

## Onkruid in God se koring

20. In die jaar 1762 het die werk van God in Londen geweldig uitgebrei. Baie mense wat voorheen nooit ag gegee het op hierdie dinge nie, het diep oortuig geword van hulle verlorenheid, en baie het verlossing in die bloed van Christus gevind. Groot getalle teruggevallenes is genees en baie mense is oortuig dat God hulle van alle sonde gered het. Omdat ek verwag het dat Satan sou probeer om onkruid tussen die koring te saai, het ek baie hard gewerk om mense te waarsku oor die gevare, veral met betrekking tot selftrots en impulsiewe aannames. Terwyl ek nog in die stad was, het dit gelyk of mense nederig en nugterdenkend sou bly. Ek was egter skaars weg toe eie impulsiewe idees onder mense begin posvat het. Twee of drie het hulle eie aannames begin verkondig as voorskrifte van God af, en begin glo dat hulle vir ewig sou bly lewe. Hulle het hulle idees aan ander verkondig en groot struweling en verwarring veroorsaak. Kort daarna het dinge verder vererger. Hierdie selfde persone, tesame met nog ander het ander absurdhede begin verkondig. Hulle het geglo dat hulle nie versoek kan word nie, dat hulle nie pyn kan voel nie, en dat hulle die gawe van profesie en 'n onderskeidende gees het.

Na my terugkeer na Londen in die herfs, is sommige terreggewys, maar ander het geweier om leiding te aanvaar. Intussen het ek om elke hoek en draai 'n hele vlaag teenkanting begin ervaar van hierdie persone omdat ek hulle voortdurend dopgehou het, en ook van ander wat weer gesê het ek is nie streng genoeg nie. Ten spyte van alles het die werk van die Here vooruitgegaan en meer en meer sondaars is oortuig en feitlik daagliks na God bekeer terwyl ander gegroei het om Hom met hulle hele hart lief te hê.

21. Dit was in hierdie tyd dat 'n vriend buite Londen die volgende aan my geskryf het:— "Moet jou nie te veel bekommer wanneer Satan onkruid tussen Christus se koring strooi nie. Hy het dit nog altyd gedoen, veral wanneer daar 'n kragtige uitstorting van die Heilige Gees was; en hy sal dit aanhou doen tot wanneer hy finaal vir 'n duisend jaar gebind is. Tot dan sal hy aanhou probeer om die werk van die Gees van Christus lam te lê. Die hartseer nagevolg hiervan is dat 'n wêreld wat altyd aan die slaap in die bose se arms is, elke werk van die Heilige Gees belaster en verkleineer.

"**Maar wat kan ware Christene doen**? As hulle waardig die roeping wil wandel moet hulle, (1.) Bid dat elke verwarde siel verlos sal word; (2.) Streef om hulle weer in die gees van nederigheid terug te wen; en laastens, om te verseker deur beide gebed en waaksaamheid, dat hulle ywer nie sal taan as gevolg van die verwarring wat ander versprei nie. En ook dat hulle in alle ywer sal soek na daardie algehele heiligmaking in siel, liggaam, en gees waarsonder niemand die Here sal sien nie. "Ja, hierdie nuutgemaakte skepsel is malligheid vir 'n mal wêreld, maar dit is nog steeds die wil en wysheid van God. Mag ons daarna smag!

“Baie van ons wat hierdie leerstelling in sy volheid verkondig is baiekeer skuldig dat ons ‘n beperking plaas op die Almagtige. Hy gee Sy gawes soos Hy die beste weet. Daarom is dit onwys en hovaardig om te bepaal dat ‘n persoon eers vir ‘n tydperk ‘n gelowige moet wees voordat hy die volheid van die Gees van heiligheid kan ontvang. “God se gewone metodiek is een ding, maar Sy goddelike wilsbesluite is iets heel anders. Hy het wyse redes waarom Hy Sy werk bespoedig of verlangsaam. Somtyds kom God skielik en onverwags, en ander kere eers wanneer ons hom lankal verwag.

“Dit is inderdaad al vir baie jare my opinie dat die groot rede waarom mense so min vooruitgang maak in hulle geestelike lewe, hulle afsydigheid, agterlosigheid, en ongeloof is. Dan praat ek hier van gelowiges! Mag die Gees van Christus ons die regte oordeel gee in alles, en ons vervul met die hele volheid van God sodat ons volmaak kan wees en aan niks tekort skiet nie.

## HOOFSTUK 4

## Nog onkruid tussen God se koring

22. Dit was min of meer in hierdie tyd dat 'n splintergroep van vyf of ses fanatiese gelowiges begin verkondig het dat die wêreld op 28 Februarie sou vergaan. Ek het hulle onmiddelik in die openbaar en ook tydens private gesprekke, met alles tot my beskikking, teengestaan. By dienste te West-Straat en Spitalfields het ek duidelik oor die onderwerp gepreek. Ek het die vereniging (…van Metodiste) keer op keer hierteen gewaarsku en het so veel moontlik weer hieroor gepreek. Die vrugte van my arbeid was duidelik sigbaar. Die splintergroep het baie min mense oortuig, as ek kan skat maar sowat dertig van ons lede is weggerokkel. Nogtans het hulle baie struweling en teenkanting teen myself, die vereniging, en hulle wat die leerstelling van Christelike Volmaaktheid verkondig veroorsaak.

23. *Vrae wat deur die splintergroep uitgegee is, het 'n doodgewone man genoop om die volgende repliek te lewer:—*

"**VRAE aan hulle wat verkondig dat volmaaktheid in hierdie lewe nie moontlik is nie**.

"(1.) Is dit nie duidelik dat die Heilige Gees in 'n groter mate onder die Evangelie uitgestort is as onder die ou Joodse bedeling nie? Indien nie, wat beteken die feit dat die Gees nie gegee was voor Christus verheerlik was nie? (Joh 7:39.)

"(2.) Wat was die '*die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna*,' (1Pet 1:11)? Was dit uiterlike heerlikheid, of innerlik, met ander woorde, was dit die heerlikheid van heiligheid?

"(3.) Het God ooit iewers in die Skrif meer van ons vereis as wat Hy aan ons belowe het?

"(4.) Sal God se beloftes oor heiligheid reeds in hierdie lewe vervul word, of eers in die volgende lewe?

"(5.) Staan 'n Christen onder enige ander wette as die wette wat God belowe om op ons harte te skryf?' (Jer. 31:31-33, en Heb. 8:10.)

"(6.) In watter sin is '*die reg van die wet vervul… in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees*?' (Rom. 8:4.)

"(7.) Is dit dan onmoontlik vir enigeen om die gebod '*jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag*' in hierdie lewe na te kom? Staan die Christen onder enige wet wat nie in hierdie liefde vervul is nie?

"(8.) Wanneer siel en liggaam geskei word, beteken dit dat die siel gereinig is van ingebore sonde?

"(9.) Indien bogenoemde waar is, beteken dit dat iets anders as '*die bloed van Jesus Christus, sy Seun… ons van alle sonde (reinig)*?'

"(10.) As die bloed ons van alle sonde reinig terwyl die siel en liggaam nog verenig is, is dit nie dan in hierdie lewe nie?

"(11.) As die siel van die liggaam geskei word, is dit nie in die hiernamaals – in die volgende lewe nie? Is dit nie dan alreeds te laat nie?

"(12.) Tydens die doodsbed, is dit nie belangriker om eerder te vra in watter situasie of toestand die siel verkeer eerder as om te wonder of dit nog in die liggaam of reeds daaruit is nie?

"(13.) Het Christus ons ooit hoegenaamd opdrag gegee om vir iets te bid wat Hy nie van plan is om aan ons te gee nie?

"(14.) Het Hy ons nie die volgende leer bid nie, '*laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde*?' Geskied Sy wil dan nie volmaak in die hemel nie?

"(15.) Indien wel, beteken dit dan nie dat Hy ons leer om vir volmaaktheid hier op aarde te bid nie? Is dit nie Sy plan om dit aan ons te gee nie?

"(16.) Het die Apostel Paulus dan nie volgens die wil van God gebid toe hy die volgende vir die gemeente in Tessalonika gebid het nie, '*mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word*… (dit moet in hierdie wêreld wees, behalwe as hy vir dooies gebid het) …*by die wederkoms van onse Here Jesus Christus*'?

"(17.) Smag en begeer jy daarna om in hierdie lewe bevry te wees van ingebore sonde?

"(18.) Indien wel, is dit nie God wat die begeerte aan jou gegee het nie?

"(19.) As dit so is, sal God dan dit in jou hart plaas net om 'n bespotting van jou te maak aangesien dit nooit tot vervulling sal kom nie?

"(20.) As jy nie ernstig genoeg is om dit net selfs te begeer nie, kibbel jy nie dalk oor dinge wat bo jou begrip is nie?

"(21.) Bid jy ooit dat God die gedagtes van jou hart sal skoonmaak, sodat jy Hom volkome kan liefhê?'

"(22.) As jy nie dit waarvoor jy bid waarlik begeer nie, of glo dat dit nie moontlik is nie, bid jy nie dan soos 'n dwaas nie?

"Mag God help dat jy hierdie vrae kalm en nugter sal oordink!"

## Die besielende verhaal van Jane Cooper

24. Aan die einde van hierdie jaar het dit God behaag om daardie brandende en skynende lig genaamd Jane Cooper na Hom te roep. Sy was beide 'n lewende en sterwende getuie van Christelike Volmaaktheid. Daarom het ek dit goed gedink om 'n kort oorsig oor haar lewe en sterfte te gee, met een van haar eie briewe ingesluit waarin sy eerlik en reguit beskryf hoe dit God behaag het om hierdie groot verandering in haar lewe te bewerk:—

> *"2 Mei, 1761.*
> *"Ek sal dankbaar wees solank as wat ek daardie dag in herinnering kan roep. Daardie dag wat u oor Gal. 5:5 gepreek het, het ek waarlik die toestand van my siel besef. U boodskap het my eie hart beskryf, en ook dit waarna ek gesmag het, naamlik om waarlik gelukkig te wees. U het Mnr. M—- se brief gelees waarin hy die godsdiens waarna ek gehunker het beskryf het. Van daardie oomblik af het ek gejaag na die doel om die prys te verkry. Ek het voortdurend gebid, somtyds baie gefrustreerd, en ander kere weer geduldig wagtend op die seën.*
>
> *In die dae voor u Londen verlaat het, het my siel in gebed vasgestaan op 'n belofte wat ek vir myself toe ge-eien het: 'dan sal skielik na Sy tempel kom die Here na wie julle soek.' Ek het geglo Hy sal kom, en soos 'n louterende Vuur daar wees. Die Dinsdag na u vertrek kon ek nie gesien het hoe ek sou kon slaap tensy Hy Sy Woord daardie nag vervul nie. Ek het nooit die krag van 'Wees stil en weet Ek is God' (NLV) soos daardie nag ervaar nie. Ek het nederig voor Hom gewag en volmaakte kalmte het oor my siel gekom.*
>
> *Ek was nie seker of Hy die sonde in my vernietig het nie, maar ek wou weet, sodat ek Hom kon prys. Ongeloof het my egter weer oorval en ek het gekreun onder hierdie las. Daardie Woensdag is ek na Londen waar ek die Here se aangesig sonder ophou gesoek het. Ek het belowe, as Hy my van sonde sou verlos, dat ek Hom sou loof. Ek sou met alle dinge klaarspeel, sodat ek Christus as prys kan verkry. Al hierdie pleitdooie was egter waardeloos, soos ek self besef het. Ek het besef dat as Hy my sou red, sou dit sonder verdienste wees, en net om Sy Naam's ontwil alleen.*
>
> *Donderdag is ek oorval deur versoekings, in so mate dat ek selfs oorweeg het om myself te vernietig en nie weer met God se mense te praat nie. Selfs toe het ek nooit getwyfel aan Sy versoenende liefde nie. Dit sou erger as die dood wees as ek nie my God, en Hom alleen, waarlik kon liefhê nie!*

*Teen Vrydag was my stryd onuithoudbaar. Ek het probeer bid maar ek kon nie. Toe gaan ek na Mev. D toe wat vir my gebid het. Sy het aan my verduidelik dat dit my sonde natuur se sterwensoomblikke was. Ek het die Bybel oopgemaak by 'wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges…, hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel.' Ek kon dit nie verduur nie! Toe ek my Bybel weer oopmaak, was dit by Markus 16:6,7: 'Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasaréner… gaan sê vir sy dissipels… dat Hy voor julle uit gaan na Galiléa. Daar sal julle Hom sien.' Ek was so bemoedig dat ek weer kon bid, en ek het vertrou dat ek Jesus by die huis sou leer ken.*

*Ek het die aand weer teruggekeer en Mev. G opgesoek. Sy het vir my gebid, en ek het geweet dat die leer van vooruitbestemming geen plek gehad het nie, behalwe in die woorde: 'dat God geen aannemer van die persoon is nie.' Hy het bewys dat Hy nie is nie, deur my te seën. In 'n oomblik kon ek Jesus aangryp, en ek het redding gevind deur eenvoudige geloof. Hy het my verseker – Hy, die Koning het my vervul, en ek sou geen boosheid weer sien nie. Ek kon Hom nou loof, Hy wat my vrygemaak het, en my 'wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing' geword het. Ek het Jesus in al Sy skoonheid leer ken, en ek het geweet Hy was myne in alles. Alle eer aan Hom, Hy heers nou in my hart sonder enige teenstand.*

*Ek begeer Sy wil alleen. Ek ervaar geen eie trots nie, en ook geen hunkering na enigiets wat nie van Hom af is nie. Ek weet ek staan vas in die geloof en dat gereelde gebed my geloof sal bewaar. Ek is gelukkig in God op hierdie oomblik, en ek glo ook in die toekoms. Ek het gereeld die hoofstuk gelees wat u aangehaal het (1 Kor. 13.), en meet my hart en lewe daaraan. Sodoende kan ek my tekortkominge herken en ook dat ek die versoenende bloed in my lewe nodig het. Ek moet erken dat ek nie die mate van die liefde wat in hierdie hoofstuk beskryf word, ervaar nie, omdat ek nog nie is wat ek moet wees nie.*

*Ek smag daarna om in hierdie liefde 'wat meer is as kennis' vasgevang te wees. Ek het geleer dat 'die regverdige sal uit die geloof lewe', en dat hierdie gawe ook aan my wat die minste van alle heiliges is, gegee is. Selfs al was ek 'n aartsengel, sou ek my gesig onder 'n sluier bedek en toelaat dat stilte Sy lof besing*!"

Iemand wat ‘n ooggetuie van Jane se laaste dae was, het haar lewe en getuienis van daardie paar dae met ons gedeel:—

“(1.) Aan die begin van November was dit asof Jane geweet het wat op haar wag, en sy het gereeld hierdie woorde gesing: — ‘When pain o’er this weak flesh prevails, With lamb-like patience arm my breast.’ In ‘n brief wat sy aan my geskryf het om my te laat weet dat sy siek is sê sy, ‘Ek ly onder die wil van Jesus. Alles wat Hy stuur is soet in Sy liefde. Ek is gelukkig want dis asof ek ‘n stem hoor wat sê,— ‘For me my elder brethren stay, And angels beckon me away, And Jesus bids me come!’

“(2.) Ek moes aan haar sê dat ek niks kan doen om haar omstandighede te verander nie, Sy het geantwoord: ‘Ek het God gevra of dit sy wil is dat ek voor jou sterf en Hy het aan my gesê dat jy my sal oorleef, en dat jy die een sal wees om my oë toe te maak.’ Toe sy met pokke gediagnoseer is, het ek aan haar gevra of sy nie bang is om te hoor wat haar makeer nie. Haar antwoord was, ‘Ek kan nie bang wees oor God se wilsbesluite nie.’

“(3.) Hoe sieker sy geword het, hoe meer is haar geloof versterk. Op Dinsdag, 16 November deel sy die volgende met my: ’Ek het in heerlikheid voor die troon aanbid, en my siel was so na aan God!’ Toe ek haar vra of God ‘n belofte aan haar gegee het, was haar antwoord: ‘Nee, ek kon net stil wees in heilige eerbied – in daardie stille hemelsheid van liefde.

“(4.) Donderdagoggend toe ek haar vra of sy iets aan my wil sê, sê sy net: ‘Nee wat, niks wat jy nie reeds weet nie: God is liefde.’ Ek vra toe weer of sy enige belofte ontvang het en sy antwoord: ‘Ek het nie een nodig nie, ek kan sonder dit lewe. Ek mag dalk sterf met ‘n misvormde liggaam, maar ek sal jou weer in my verheerlikte liggaam ontmoet. Intussen sal ek in die gees met jou aanbid.’

“(5.) Op Mnr. M. se vraag oor hoe sy dink ‘n mens se leefwyse op aarde moet wees, en wat die grootste struikelblokke in die pad van ‘n goeie leefwyse is, was haar antwoord: ‘Die grootste struikelblok is gewoonlik jou natuurlike geaardheid. My geaardheid was geskoei om teruggetrokkenheid, om stil te wees, baie te verdra, en min te sê. Mense mag dink dat een geaardheid tipe beter is as ‘n ander, maar die doelwit moet wees om volgens die wil van God te lewe. Vir maande al is dit my strewe en ek het duidelike leiding van Sy Gees ontvang. Hierdie salwing wat ek van die Heilige Een gekry het, het my soveel dinge geleer, dinge wat geen mens my kan leer nie behalwe as dit van God af kom.

“(6.) Vrydagoggend sê sy, ‘Ek glo my uur het aangebreek.’ Toe sit sy regop in die bed en bid hierdie gebed, ‘Here, ek loof U, U is altyd by my, en alles wat ek het behoort aan U. U liefde is groter as my swakheid, groter as my hulpeloosheid, en groter as my onwaardigheid. Here, U is magtiger as siekte. Alle eer aan U Here Jesus, want U is my Broer. Leer my, en al die

heiliges, die lengte, breedte, diepte en hoogte van U liefde. Seën hulle (hulle wat in die kamer was) sodat hulle in alles kan wees wat U wil hê hulle moet wees.

“(7.) ‘n Paar uur later het dit gelyk asof die lyding van die dood besig was om haar te oorval, maar haar gesig het gestraal in ‘n triomf glimlag. Sy het haar hande geklap en Mev. C het aan haar gesê, ‘My liefling, jy is meer as oorwinnaar deur die bloed van die Lam,’ waarop sy geantwoord het, ‘Ja, Here Jesus! Dood, waar is jou angel?’ Sy het toe vir ‘n tyd lank in ‘n waas gelê. Later het sy probeer praat, maar sy kon nie. Nogtans kon sy haar liefde betuig deur met almal in die kamer hande te skud.

“(8.) Mnr. W. het toe ingekom, en sy het aan hom gesê, ‘Meneer, ek het nie kon dink dat ek jou weer sou sien nie, maar ek is bly dat die Here my nog hierdie geleentheid gegee het, en ook genoeg krag om met jou te kan praat. Ek het jou lief. Jy het die leerstelling altyd volgens die Woord gepreek, en ek het geniet om dit te volg. Hou aan om dit te doen, aan elkeen wat dit aanneem of verwerp. Hy vra toe, ‘Glo jy nou dat jy van alle sonde verlos is?,’ en sy sê, ‘Ja, vir maande al het ek geen twyfel nie. Enige twyfel wat ek gehad het, was omdat ek nie in die geloof vasgestaan het nie. Ek weet nou ek het die geloof behou, en dat volmaakte liefde alle vrees uitdryf. Wat jou betref, die Here het my belowe dat jou latere werk jou vroeëre werk sal oortref, al sal ek nie leef om dit te sien nie. Soos die mense sê, ek was ‘n groot entoesiastiese getuie die afgelope ses maande, maar dis omdat ek nooit vroeër na aan die hart van Christus geleef het nie. Jy, Meneer, streef daarna om die harte van honderde te verkwik in daardie eenvoud wat jou siel so lief het.

“(9.) Aan hulle wat deur haar voorbidding die liefde van God deelagtig geword het, het sy gesê, ‘Ek glo ek het nie ‘n onderduims-saamgestelde sprokie nagevolg nie, want ek is sielsgelukkig. Strek jou uit na wat voor is, en moenie stop voor jy nie die prys verkry het nie. Aan Juf M—-s het sy gesê, ‘Jy moet Christus liefhê, want Hy het jou lief. Ek glo ek sal jou aan die regterhand van God sien, maar soos een ster van ‘n ander verskil, so sal dit ook by die opstanding wees. Ek stuur jou, in die teenwoordigheid van God, om my op daardie heerlike dag te ontmoet heilig in jou binneste. Vermy gelykvormigheid aan die wêreld, al beteken dit dat jy van jou voorregte moet prysgee. Ek weet dat ek jou die regte leiding gegee het. Doen jou werk sodat jy in vrede, vlekkeloos voor Hom kan staan.’

“(10.) Saterdagoggend het sy min of meer die volgende gebid: ‘Here, ek weet my lewe word uitgerek net om U wil te doen. Alhoewel ek nie weer sal eet of drink nie, (vir agt-en-twintig uur kon sy niks meer inneem nie), laat U wil geskied.’ Ek is bereid om vir nog ‘n jaar so aan te gaan: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie. Ek loof U dat daar nie eens in siekte ‘n titsel klagtes in ons strate is nie. Ja Here, ‘ek is versekerd dat geen dood of lewe… of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan

skei van die liefde van God' vir 'n enkele oomblik nie. Seën hulle, dat daar geen tekort in hul siele sal wees nie, ek glo daar sal nie wees nie. Ek bid in die geloof.'

"Sondag en Maandag was sy meestal in 'n waas, maar ook somtyds by haar positiewe. Toe was dit duidelik, haar hart was steeds in die hemel. Toe iemand aan haar sê, 'Jesus is ons doelwit' antwoord sy ' Ek het net een doel, ek is algeheel geestelik.' En toe Juf. M. vir haar sê sy vertoef in God, antwoord sy, 'Geheel en al.' Iemand het haar gevra, 'Het jy my lief?' Haar antwoord was, 'O, ek het Christus lief, ek het my Christus lief!' Aan 'n ander het sy gesê ' Ek gaan nie veel langer hier wees nie, Jesus is kosbaar, waarlik baie kosbaar.' Aan Juf M. het sy ook gesê, 'Die Here is baie goed, hy bewaar my siel bo alles.' Vir vyftien uur voor sy oorlede is, is sy oorval deur onwillekeurige sametrekkings en haar lyding was baie erg. Toe iemand opmerk dat sy volmaak word deur lyding, sê sy, 'Meer en meer so.' Nadat sy 'n vir 'n tyd lank stil was sê sy, 'Here U is magtig.' En na 'n stilte uiter sy toe haar laaste woorde, 'My Jesus is alles vir my: Alle eer aan Hom deur tyd en ewigheid.' Na dit het sy vir omtrent 'n halfuur stil gelê en toe haar laaste asem uitgeblaas."

## HOOFSTUK 5

## Verdere oordenkings oor Christelike Volmaaktheid

25. Die volgende jaar, omdat die getalle van die wat tot die geloof gekom het en geglo het dat hulle van sonde verlos is, aanhou groei het, het ek dit goedgedink om spesifiek vir hulle "*Verdere oordenkings oor Christelike Volmaaktheid*:" te publiseer—

"**Vraag 1. Hoe is 'Christus... die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo?' (Rom. 10:4).**

*"Antwoord: Alvorens daar duidelikheid oor hierdie vraag kan kom, moet 'n mens eers verstaan van watter wet hier gepraat word; en dit is, volgens my kennis, (1.) Die wet van Moses, waarby die hele Mosaiëse bedeling ingesluit word; Waarna Paulus voortdurend verwys as een begrip wat drie dele bevat nl.: die politiese, morele, en die seremoniële dele. (2.) Die Adamiese wet, m.a.w. die wet wat aan Adam gegee is voor die sondeval, waarna ook verwys word as die 'wet van werke.' In sy geheel is hierdie dieselfde as die wet waaronder die engele staan, want dit het betrekking op engele en die mens. Hierdie wet vereis dat die mens al die vermoëns waarmee hy geskape is, sal aanwend tot eer van God. Onthou nou, die mens is geskape sonder enige gebreke of foute in sy begripsvermoë en sy menswees. Sy liggaam het geensins sy gedagtewêreld of sy denkvermoë nadelig beinvloed nie. Hy kon dinge gebalanseerd beoordeel, en eerlik redeneer, indien hy wel oor dinge sou redeneer. Ek sê 'indien', want moontlik het hy nie. Hy het moontlik nie eens nodig gehad om dinge te beredeneer nie, totdat sy verderflike liggaam sy begripsvermoë onderdruk het en sy geskape natuur besoedel het. Hy kon moontlik voor dit die waarheid eerlik en reguit onderskei net soos die oog lig kan onderskei. "Dit is dan so dat hierdie wet, geskoei om sy oorspronklike vermoëns, vereis het dat hy altyd en in alle omstandighede, reg sou dink, praat, en handel. Die mens was wel geskape met die vermoë om dit te doen, want God sou nooit iets van hom verwag het waarby hy nie kan uitkom nie.*

*"Maar Adam het geval; en sy onbesoedelde liggaam het besoedeld geraak; en van toe af versmoor dit die siel en besoedel dit sy handelinge. Dus is geen mensekind se begrip en oordeel meer te alle tye regverdig en eerlik nie. En waar ookal begrip of oordeel verkeerd is, dit bly onmoontlik om reg te dink en oordeel. Daarom het dit net so natuurlik vir die mens geword om te fouteer as wat dit is om asem te haal, en hy kan nie sonder een van die twee leef nie. Gevolglik is dit nie moontlik vir enigiemand om volgens die vereistes van die Adamiese wet te leef nie.*

*"Niemand hoef dit egter te doen nie, God verwag dit van geen mens nie: Want Christus is die vervulling van sowel die Adamiese- as die Mosaiëse wet. Deur Sy dood het Hy 'n einde aan beide gemaak; Hy het sowel die een as die ander ten opsigte van die mens herroep; en*

*die noodsaaklikheid om beide na te kom het verdwyn. Net so is geen lewende mens genoodsaak om die Adamiese- bo die Mosaïëse wet te onderhou nie. [Hiermee bedoel ek dat dit nie 'n voorvereiste vir redding in die hede, of in die toekoms is nie.]*

*"In die lig hiervan, Christus het 'n nuwe wet kom vestig, naamlik die wet van die geloof. Nie elkeen wat 'doen' nie, maar elkeen wat glo kan nou regverdigmaking in die ware sin van die woord ontvang, dit beteken hy is geregverdig, geheilig, en verheerlik.*

**"V. 2. Is ons dan dood vir die wet?**

*"A. 'So, my broeders, is julle dan ook ten opsigte van die wet dood deur die liggaam van Christus,' (Rom 7:4) wat vir ons gegee is; dit beteken dood vir die Adamiese, sowel as die Mosaïëse wet. Ons is geheel en al vry hiervan deur Sy dood; hierdie wet het saam met Hom gesterf.*

**"V. 3. Hoe is ons dan 'nie sonder die wet van God nie, maar onder die wet van Christus?' (1 Kor. 9:21.)**

*"A. Ons is wel sonder bogenoemde wet, maar dit beteken nie dat ons nou wetteloos is nie: Want God het 'n nuwe wet in die plek daarvan kom vestig, naamlik die wet van die geloof: en ons staan almal onder hierdie wet voor God en voor Christus. Ons Skepper en ons Redder vereis beide dat ons hierdie wet sal onderhou.*

**"V. 4. Is liefde die vervulling van hierdie wet?**

*"A. Dit is ongetwyfeld! Die hele wet waaronder ons nou staan, is vervul in die liefde! (Rom. 13:9,10.) Geloof gebore uit, en werkend deur liefde, is al wat God nou van die mens vereis. Hy het liefde (nie opregtheid nie, maar liefde!) in die plek van 'volmaaktheid soos die van die engele' kom stel.*

**"V. 5. Hoe is liefde 'die doel van die gebod?' (1 Tim. 1:5.)**

*"A. Dit is die doel van elke gebod van God. Dit is die doelwit waartoe die geheel, en ook elke deeltjie van die ware Christelikheid gerig is. Die fondament is 'liefde uit 'n rein hart' en die vervulling is ''n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof.'*

**"V. 6. Wat se liefde is dit?**

*"A. Dit is om God lief te hê 'uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag'; en om jou 'naaste lief te hê soos jouself', met ander woorde soos jou eie siel.*

**"V. 7. Wat is die vrugte of eienskappe van hierdie liefde?**

*"A. Die Apostel Paulus wys ons:*

*'Die liefde is lankmoedig'* – dit verdra al die swakhede van God se kinders, al die boosheid van die kinders van die wêreld; en nie net vir 'n tydjie nie, maar solank as wat dit God behaag. Dit sien die hand van God in alles raak, en onderwerp homself gewillig daaraan –

*'en vriendelik;'* - In alles, deur alles, is dit lankmoedig, dit is sag, het 'n sagte hart, dis teer, en dis stil –

*'die liefde is nie jaloers nie;'* - Dit sluit elke soort en grootte van jaloesie uit die hart uit –

*'die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, -* d.w.s dis nie koppig nie, dis nie veroordelend nie, en doen nie skandelike dinge nie, dis nie ongeskik nie, en handel nie buite sy eie karakter nie –

*'soek nie sy eie belang nie', -* die liefde soek nie sy eie gemak, plesier, eer, of voordeel nie. –

*'word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, - -* dit word nie uitgelok tot woede nie, maar die verwerp alle toorn uit die hart uit' –

*'is nie bly oor die ongeregtigheid nie' -* Ja, dit ween oor die sonde en dwaasheid van sy grootste vyande. –

*'maar is bly saam met die waarheid.' -* Die liefde verbly hom in die heiligheid en geluk van elke mensekind. *' -*

*'Dit bedek alles' -* Praat nie sleg van enigiemand nie. -

*'glo alles' - Alles wat tot voordeel van 'n ander se karakter is. -*

*'hoop alles' -* wat ookal die versagtende omstandighede kan wees ten opsigte van foute wat nie misken kan word nie. -

*'verdra alles' –* Dit wat God toelaat, en ook dit wat die mens en duiwels veroorsaak. –

*Hierdie is 'die wet van Christus, die volmaakte wet, die wet van vryheid' "Hierdie onderskeid tussen die 'die wet van geloof (of liefde)' en die 'wet van die werke' is nie subtiel nie. Dit is ook nie 'n 'onnodige onderskeid' nie. Dit is eenvoudig, maklik begrypbaar, en duidelik verstaanbaar vir enigeen. En dit is absoluut noodsaaklik om 'n magdom vrese en twyfel te voorkom, veral vir hulle wat 'in die liefde wandel'.*

**"V. 8. Maar is die volgende nie waar van elkeen, selfs die beste onder ons nie: 'ons almal struikel dikwels', teen hierdie wet?**

*"A. In 'n sekere sin sal ons nie sondig terwyl ons gemoed, denke, woorde, en dade uit liefde voortvloei nie, maar in 'n ander sin sondig ons wel en sal ons moontlik sondig terwyl ons in hierdie liggaam vertoef. Waarom, want liefde en die 'salwing van die heiliges' maak ons nie onfeilbaar nie. As gevolg van die onvermydelike gebrek aan begrip sal ons nie anders kan as om somtyds op verskeie maniere te fouteer nie. Hierdie gebreke sal gereeld op foute in in ons gemoedstoestand, ons denke, woorde, en dade uitloop. Gebreke in 'n persoon se karakter mag veroorsaak dat ons hom minder liefhet as wat hy verdien. Dit kan dan ook lei*

*daartoe dat ons dinge met betrekking tot so 'n persoon sê of doen wat in teenstelling met Sy wet is, wat ookal die omstandighede is.*

**"V. 9. Beteken dit dat ons Christus ook in bogenoemde omstandighede nodig het?**

*"A. Selfs die heiligste onder die heiliges het steeds vir Christus nodig as hulle Profeet, en as die 'Lig vir die wêreld'. Christus gee Sy Lig aan elkeen oomblik-vir-oomblik, en sodra Hy onttrek is alles duister. Hulle het steeds vir Christus nodig as hulle Koning, want God voorsien nie 'n 'voorraad' heiligheid nie. Dit wil sê as hulle dit nie voortdurend, elke oomblik, ontvang nie, sal daar niks behalwe onheiligheid oorbly nie. Hulle het Christus nodig as hulle Priester om ook vir hulle heilige dinge versoening te doen. Selfs volmaakte heiligheid is net aanvaarbaar vir God deur Jesus Christus.*

**' V. 10. Moet selfs die beste onder mense nie die sterwende Martelaar se belydenis aanneem nie: 'uit myself is ek niks behalwe sonde, duister, en hel nie, maar U is my lig, my heiligheid, my lewe. (Dit kon nie bepaal word na wie eerw. Wesley hier verwys nie – Red.)**

*"A. Nie heeltemal nie. Nogtans kan die beste onder mense sê: 'U is my Lig, my heiligheid, my hemel. Deur my innige verbintenis met U is ek gevul met lig, heiligheid, en geluk. As ek egter aan myself oorgelaat moes word, sou ek niks anders as sonde, duister, en hel wees nie.'*

*"Om verder te gaan: Selfs die beste onder ons het het Christus nodig as sy Priester, sy Versoener, en sy Voorspraak voor die Vader – nie net as omdat hulle voortdurende seën afhanklik is van Sy dood en voorspraak nie, maar ook omdat hulle soveel tekort skiet aan die wet van die liefde. Dit geld vir elke mens. Jy wat soveel liefde ervaar, meet jouself aan die voorafgaande beskrywing. Oordeel jouself volgens hierdie maatstaf, en kyk of jy nie ook tekort skiet in baie dinge nie.*

**"V. 11. As bogenoemde dan van toepassing op Christelike Volmaaktheid is, beteken dit dat volmaaktheid nie vryheid van alle sonde is nie, aangesien sonde die oortreding van die gebod is – en die volmaaktes oortree juis die wet waaronder hulle staan. Buitendien, hulle het die versoeningswerk van Christus nodig, en Sy versoeningswerk is juis vir sonde. Is die term 'sondelose volmaaktheid' dan van toepassing?**

*"A. Dis onnodig om hieroor te kibbel. Let nogtans op hóé mense na wie hier verwys word Christus se versoeningswerk benodig. Hulle het nie nodig dat Hy hulle van vooraf weer met God moet versoen nie, want hulle is reeds met God versoen. Hulle het nie nodig dat Hy weer van vooraf vir hulle guns voor God moet bewerk nie, maar dat God se guns sal voortgaan. Hy koop hulle nie weer van vooraf vry nie, 'omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree' – 'want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word.' (Heb. 10:14.)*

*Dit is wanneer hierdie beginsel nie deeglik oorweeg word nie, dat mense ontken dat hulle Christus se versoening nodig het. Hulle is buitendien baie yl gesaai, ek kan nie onthou van selfs vyf persone in die hele Engeland wat so gesê het nie.*

*As ek sou moes kies tussen Christus se versoening en volmaaktheid, sou ek eerder sonder volmaaktheid klaarkom. Dis egter nie nodig om een van die twee op te gee nie. Die volmaaktheid waarop ek staan is gebou op 'Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar.' As enigiemand 'n volmaaktheid naastreef wat nie hieraan voldoen nie, moet hulle dit heroorweeg.*

**"V. 12. Verwys Christelike Volmaaktheid dan na meer as wat opregtheid verwys?**

*"A. Nee, nie as met opregtheid die volgende bedoel word nie: ''n hart gevul met liefde, 'n hart sonder verwaandheid, woede, begeerte, en eie-wil; 'n hart wat 'altyddeur bly' is, wat 'bid sonder ophou', wat 'in alles dankbaar' is.' Ek twyfel egter of mense 'opregtheid' in hierdie sin gebruik, daarom dink ek 'Christelike Volmaaktheid' is beter.*

*"'n Persoon mag 'opreg' wees en steeds vasgevang wees in sy natuurlike mens, in woede, verwaandheid, begeertes, en eie-wil. Hy is nie volmaak tensy sy hart skoongemaak is van hierdie dinge en ander besoedeling nie.*

*"Om hierdie punt duideliker te maak: Ek ken verskeie mense wat God met hulle hele hart liefhet. Hy is hulle één strewe, hulle één vreugde, en hulle is altyd gelukkig in Hom. Hulle het hulle naaste lief soos hulleself. Hulle ervaar 'n opregte, passievolle, voortdurende begeerte vir geluk vir alle mense, of hy goed of sleg is, of hy nou 'n vriend of vyand is, net soos vir hulleself. Hulle is 'altyddeur bly', hulle 'bid sonder ophou', en is 'in alles dankbaar.' Hulle siele reik voortdurend na God in heilige vreugde, gebed, en lofprysing.*

*Bogenoemde is 'n voldonge feit, en dit is 'n duidelike en sigbare ondervinding wat deur die Skrif gestaaf word. Nogtans leef hierdie mense ook in 'n gebroke liggaam wat hulle na benede trek in so mate dat hulle nie altyd leef soos hulle begeer nie, dit wil sê om in gedagte woord en daad presies reg te lewe nie. By gebrek aan 'n gesonder menswees, dink, praat, en handel hulle ook verkeerd, maar nie uit 'n gebrek aan liefde nie, maar eerder as gevolg van 'n gebrek aan wysheid of kennis.*

*Al is bogenoemde dan wel die geval - nieteenstaande hulle gebreke en die gevolge daarvan, vervul hulle steeds die wet van die liefde. "Ons sien dus dat selfs die mees volmaaktes onder ons nie ten volle aan die wet gehoorsaam is nie, en ook steeds die bloed van versoening nodig het, en dat hulle vir hulself en hulle broers moet bid: 'Vergeef ons ons skulde'.*

**"V. 13. Maar as Christus dan die wet vervul het, waarom is versoening vir oortreding daarvan nog nodig?**

*"A. As ons begryp hóé Hy die wet vervul het, sal alle misverstande hieromtrent verdwyn. As dit nie was vir die voortdurende waarde en verdienste van Sy dood, en ook Sy voortdurende voorspraak vir ons nie, sou daardie wet ons steeds veroordeel het. Daarom het ons steeds Sy versoening nodig vir elke oortreding daarvan.*

**"V. 14. Kan iemand wat van sonde verlos is dan versoek word?**

*"A. Natuurlik, Christus was dan versoek.*

**"V. 15. Neem in ag: Wat julle 'versoeking' noem, noem ek 'die besoedeling van my hart'. Hoe gaan ons tussen die twee onderskei?**

"A. Sonder direkte leiding van die Heilige Gees, is dit in sommige gevalle onmoontlik om te onderskei. Oor die algemeen kan ons die volgende onderskeiding tref:

"As iemand my komplimenteer is daar 'n versoeking tot verwaandheid. Die oomblik wat my siel in nederigheid voor God buig, voel ek verseker geen verwaandheid nie, want nederigheid van hart is beslis nie verwaandheid nie.

"As iemand my slaan is daar 'n versoeking om kwaad te word. Omdat my hart oorloop van liefde voel ek geen woede nie. Ek is verseker hiervan, want liefde en woede kan tog nie dieselfde wees nie.

"'n Vrou wil my verlei en daar ontstaan 'n versoeking tot wellus. As ek my onmiddelik uit die situasie onttrek, voel ek geen begeerte of wellus nie. Ek is verseker hiervan net soos ek verseker weet of my hand warm of koud is.

"Dit is dieselfde, of ek nou in direkte versoeking kom deur 'n persoon of situasie waarmee ek gekonfronteer word, en of die duiwel 'n kompliment, besering, of vrou in my gedagtes in herinnering roep. Die oomblik wat my siel die versoeking verwerp, bly dit steeds vervul met volmaakte liefde.

Die verskil is duideliker sigbaar wanneer en my huidige hartstoestand vergelyk met my verlede. Vroeër in my lewe het ek versoekings én 'n besoedelde hart gehad.

**"V. 16. Hoe weet ek dat ek geheilig is, verlos is van my ingebore verdorwenheid of besoedeling?**

*"A. Ek kan dit net weet soos ek weet dat ek regverdig gemaak is. Ek het versekering van regverdigmaking en heiligmaking hierin: 'Hieraan weet ons dat ons in Hom is', en 'hieraan weet ons dat Hy in ons bly, aan die Gees wat Hy ons gegee het.' "Ons weet dit deur die getuienis, en vrugte van die Gees.*

*Eerstens, deur die getuienis. 'Die Gees self getuig saam met ons gees' dat ons sonde vergewe is toe ons regverdig gemaak is, net so getuig Hy dat ons sonde weggeneem is toe ons heilig gemaak is. Die getuienis van heiligmaking is, net soos met regverdigmaking nie*

*aan die begin baie duidelik nie. Net so is dit ook nie later altyd ewe duidelik nie. Soms is dit sterker, en soms swakker, en soms is die getuienis heeltemal teruggetrek. Nogtans is die getuienis van die Gees oor heiligmaking duidelik en standvastig, net soos met regverdigmaking.*

(Eerw. Wesley sê niks verder oor die 'vrugte' in bogenoemde antwoord nie – Red.)

***"V. 17. Siende dat heiligmaking, 'n daadwerklike verandering in my lewe is, en nie relatief soos regverdigmaking is nie, waarom is die getuienis dan nodig?***

*"A. Is wedergeboorte dan relatief? Is dit nie ook 'n daadwerklike verandering nie? Net soos heiligmaking 'n versekerde daadwerklike verandering is waarvoor geen getuienis nodig is nie, net so het ons ook nie 'n getuienis nodig dat ons uit God gebore is en Sy kinders is nie.*

**"V. 18. Skyn heiligmaking dan nie deur sy eie lig nie?**

*"A. Skyn die nuwe geboorte nie ook deur sy eie lig nie? Soms doen dit, net soos heiligmaking, en soms skyn dit nie. In tye van versoeking verdoesel Satan die werk van God en plant allerhande gedagtes vol vrae en twyfel in ons, veral in die lewens van hulle wat sukkel om te begryp, en hulle wat uiters sterk staan. Dis in sulke tye wat hierdie getuienis, waarsonder die werk van heiligmaking nie onderskei kan word en floreer nie, so absoluut noodsaaklik is. As dit nie vir die getuienis was nie sou die siel nie in God se liefde kon vertoef nie, hoeveel te meer nog altyddeur bly wees, en in alles dankbaar wees. In hierdie omstandighede is die getuienis dat ons heilig gemaak is uiters noodsaaklik.*

*"'Maar ek het geen getuienis van redding van sonde nie, en tog het ek geen twyfel hieroor nie.' Goed so. So lank as wat jy die versekering het is dit genoeg. Maar as jy dalk tot twyfel kom, gaan jy daardie getuienis nodig hê.*

**"V. 19. Watter skrifgedeeltes verwys na so iets (die getuienis van die Gees – Red.), of gee ons rede om dit te verwag?**

*"A. Hierdie skrifgedeelte: 'Ons het ewenwel nie die gees van die wêreld ontvang nie, maar die Gees wat uit God is, sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.' (1 Kor. 2:12.)*

*"Heiligmaking is verseker een van die dinge wat God ons uit genade geskenk het.' 'Now surely sanctification is one of 'the things which are freely given us of God.' Daar is geen rede waarom ons hieran moet twyfel as die Apostel sê, 'Ons het… die gees wat uit God is (ontvang)' vir hiérdie doel 'sodat ons kan weet wat God ons uit genade geskenk het.'*

*"Sien ons dit nie ook duidelik in daardie bekende vers nie: 'Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is?' (Rom 8:16.) Getuig Hy dit net teenoor hulle wat sukkel in hulle geestelike lewe? Nee! Hy getuig dit ook teenoor hulle wat geestelik sterk staan. En getuig Hy nie dat hulle geestelik sterk is nie? Watter rede het ons dan om te twyfel?*

*"Wat nou as mense (soos baie wel doen) sê dat die getuienis net vir die sogenaamde 'top' Christene beskore is? Sou ons nie dan kon wys dat die Apostel geen onderskeid maak nie? Nee, dit is vir ALLE kinders van God beskore. Sou dieselfde antwoord geld indien iemand sou sê die getuienis is net vir die sogenaamde 'sukkel' Christene?*

*"Oordink ook 1Joh 5:19: 'Ons weet dat ons uit God is.' – Hoe: '…aan die Gees wat Hy ons gegee het.' – Ja: 'hieraan weet ons dat Hy in ons bly.'*

*Kan ons enige redes voorsien deur die Woord of deur beredenering, om die getuienis van die Gees of die vrugte van die Gees (waarna hier verwys word) uit te sluit?*

*Daarom, of ons nou babas, jong manne, of vaders is, 'Ons weet dat ons uit God is,' en ons weet almal op dieselfde manier.*

*"Hiermee bedoel ek nie dat alle jong manne of vaders hierdie getuienis elke oomblik het nie. Daar mag gapings in die direkte getuienis wees dat hulle uit God gebore is, maar hierdie gapings word kleiner soos hulle in Christus groei. Uiteindelik mag sommige beide die getuienis van wedergeboorte en heiligmaking sonder enige gapings hê. Ek glo dat meer mense dit sal hê as hulle innig en nederig met God wandel.*

### "V. 20. Kan sommige die getuienis van die Gees hê dat hulle nie uiteindelik van God afvallig sal word nie?

*"A. Dis moontlik dat in plaas van om skadelik te wees, dat hierdie oortuiging dat nie lewe of dood hulle van Hom sal skei nie, baie bruikbaar mag wees in sekere omstandighede. In plaas van om hulle te kritiseer, moet ons hulle eerder aanmoedig om tot die einde vas te staan in hulle sekerheid.*

### "V. 21. Het enigiemand 'n getuienis van die Gees dat hulle nie weer sal sondig nie?

*"A. Ons weet nie wat se versekering God aan sekere persone mag gee nie, en daar is ook nie in die Woord 'n beskrywing van 'n toestand waar 'n persoon nie weer kan sondig nie. As daar 'n toestand was waar die terugkeer na sonde onmoontlik sou wees, sou dit wees in hulle wat heilig gemaak is en wat 'Vaders in Christus' is en wat 'hulle altyddeur verbly, bid sonder ophou, en in alles dankbaar is', maar dis nie onmoontlik vir hulle om weer te sondig nie.*

*Hulle wat heilig gemaak is, kan weer val en verlore gaan. (Heb. 10:29.) Selfs 'Vaders in Christus' moet aan die waarskuwing 'Moenie die wêreld liefhê… nie' (1Joh 2:15.) gehoor gee. Hulle wat hulle altyddeur verbly, bid sonder ophou, en in alles dankbaar is' mag steeds 'die Gees uit blus.' (1Tes. 5:16-19) Ja, selfs hulle wat deur die Gees 'verseël is tot die dag van verlossing' kan steeds 'die Heilige Gees van God bedroef.' (Ef. 4:30.)*

*"Alhoewel God so 'n getuienis aan sommige mense mag gee, kan ons dit nie by Christene in die algemeen verwag nie want daar is nie 'n skrifverwysing waarop so 'n verwagting gegrond kan word nie.*

**"V. 22. Volgens watter 'vrugte van die Gees' kan 'ons weet dat ons uit God is,' wanneer ons volgens die hoogste verwagtings daarna kyk?**

*"A. Deur liefde en vreugde wat altyd teenwoordig is; deur onwrikbare lankmoedigheid, geduld en oorgegewenheid; deur vriendelikheid, en deur alle verleiding te oorkom; deur goedheid, gaafheid, en sagmoedigheid van gees; deur eerbaarheid, eenvoud, goddelike opregtheid, nederigheid, kalmte, en 'n rustige gees; deur selfbeheersing, nie net in eet en slaap gewoontes nie, maar ook in alle natuurlike en geestelike dinge.*

**"V. 23. Waar lê die probleem dan? Het ons nie al die dinge reeds ontvang toe ons regverdig gemaak is nie?**

*"A. Wat bedoel jy - Algehele oorgegewenheid aan God se wil, sonder 'n tikkie eie-wil? Vriendelikheid sonder enige teken van woede, selfs in die oomblik as ons uitgetart word? Liefde vir God, sonder 'n sweempie liefde vir die skepsel. Maar in God en vir God, sonder enige eiewaan? Liefde vir jou medemens, sonder afguns, jaloesie, en vooroordeel? En nederigheid wat die hele siel tot kalmte roep, en selfbeheersing in alle dinge?*
*Moenie sê dis onmoontlik nie, maar moet ook nie sê dat almal wat regverdig gemaak is dit reeds ontvang het nie.*

**"V. 24. Maar daar is sommige wat wel sê hulle het dit by regverdigmaking verkry. Wat is jou antwoord aan hulle?**

*"A. As dit werklik so is, glo ek dat hulle heilig gemaak is – van sonde bevry is in daardie oomblik, en dat hulle nooit dit wat God gegee het moet verloor, of weer sonde moet ervaar nie.*

*"Maar bogenoemde is beslis 'n uitsonderlike geval, en oor die algemeen ervaar hulle wat regverdig gemaak is steeds 'n mate van eiewaan en trots, woede, eie-wil, en 'n hart wat wil terugval in sonde. En totdat hulle nie oor tyd hierdie dinge in hulle siele doodgemaak het nie, sal hulle nie ten volle in die liefde nuut gemaak wees nie.*

**"V. 25. Geld dit nie vir almal wat regverdig gemaak is nie? Sterf hulle nie geleidelik vir die sonde en groei in genade totdat God - miskien net voor die dood – hulle vervolmaak in die liefde nie?**

*"A. Ek glo dis die geval vir die meeste, maar nie alle mense nie. God gee gewoonlik 'n lang grasie tydperk om die lig te ontvang, in genade te groei en om Sy wil te doen en aanvaar alvorens hulle regverdig of heilig gemaak word. God word egter nie aan bande gelê nie, Hy mag besluit om Sy werk te bespoedig en doen dan die werk van baie jare in 'n paar weke, of in 'n dag, of in een uur. Hy maak regverdig en heilig beide hulle nog nie eens begin groei het*

*nie, en hulle wat oor 'n tydperk in die lig en genade gegroei het volgens Sy wil. '…staan dit (Hom) nie vry om met (Sy) eie goed te maak wat (Hy) wil nie? Of is jou oog verkeerd, omdat (Hy) goed is?' (Mat 20:15)*

*"Daarom is dit nie nodig dat dit oor-en-oor bevestig moet word nie. Dit word gestaaf deur veertig skrifgedeeltes dat daar 'n geleidelike werk van God in die siel is, of dat dit oor die algemeen 'n lang tyd neem, selfs jare, voordat sonde vernietig is. Nogtans weet ons ook dat God wel Sy werk kan verkort soos dit Hom behaag, en dan die werk van jare in een oomblik volbring. Daarom kan sommige sê dat die werk oombliklik is, en ander dat dit 'n geleidelike proses is, en nogtens weerspreek hulle mekaar nie.*

**"V. 26. Verwys die Apostel Paulus met 'verseël met die Heilige Gees' na enigiets meer as net 'om in die liefde vernuwe te word'?**

*"A. In die een vers (2 Kor. 1:22,), is dit dalk nie waarna hy verwys nie; maar in 'n ander vers (Ef. 1:13) lyk dit asof Paulus ook die vrugte en getuienis insluit, dieper en inniger as toe ons 'in die liefde vernuwe' geword het. God het ons 'verseël… met die Heilige Gees van die belofte' deur ons 'die volkome sekerheid van die hoop' te gee, hierdie sekerheid dat ons al die beloftes van God sal verkry maak enige twyfel onmoontlik omdat Sy Heilige Gees in allesomvattende heiligheid die hele beeld van God op ons harte afdruk.*

**"V. 27. Hoe kan hulle wat so verseël is dan 'die Heilige Gees van God… bedroef'?**

*"A. Die Apostel Paulus wys ons duidelik: (1.) Deur 'vuil woord' wat nie 'goed is vir die nodige stigting' nie , sodat dit (nie) genade kan gee aan die wat dit hoor (nie). (2.) Deurdat 'n 'wortel van bitterheid opskiet' en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word. (3.) Deur toorn, aanhoudende ontevredenheid, en gebrek aan 'n sagte hart. (4.) Deur woede, al is dit gou oor, en weiering om andere onmiddelik te vergewe. (5.) Deur luidrugtige en kras, skurwe taalgebruik. (6.) Deur agteraf sleg te praat, stories aan te dra, en andere se foute in hulle afwesigheid uit te wys, al is dit op 'n stil en rustige manier.*

**"V. 28. Wat dink jy van mense in Londen wat lyk of hulle onlangs 'in die liefde vernuwe' is?**

*"A. Daar is iets anders in die meeste van hulle se ervaring. 'n Mens sou verwag dat 'n gelowige eerstens met liefde vervul sou wees, en daardeur skoongemaak van sonde sou wees. Hulle is egter eers van sonde gereinig, en toe vervul met die liefde. Dalk het dit God behaag om op hierdie wyse te werk sodat Sy werk duideliker en onmiskenbaar kan wees. En ook sodat dit duidelik onderskeidbaar van daardie oovloedige liefde kan wees wat soms gesien word as 'n toestand van regverdigheid.*

*"Dit pas ook in by daardie groot belofte van Eseg. 36:25,26: '…van al jul onreinhede… sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee.'*

*"Nogtans dink ek nie hulle is almal dieselfde nie: Daar is 'n groot verskil tussen sommige van hulle en andere. Ek dink die meeste van hulle met wie ek gepraat het, het groot geloof, liefde en vreugde. Ek glo dat sommige van hulle wel in die liefde vernuwe is en getuienis daarvan het; en hulle openbaar die vrugte soos vroeër beskryf is in al hulle woorde en dade. Laat enige persoon dit maar noem wat hy wil, maar ek noem dit volmaaktheid.*

*"Dan is daar ook ander wat oorvloedige liefde, vrede, en vreugde het, maar steeds nie 'n direkte getuienis het nie; en andere wat dink hulle het dit, maar nie die vrugte daarvan wys nie. Hoeveel kan ek nie bepaal nie, miskien een uit tien, of dalk minder.*

*Sommige skiet egter baie tekort aan lydsaamheid en Christelike vergenoegdheid. Hulle sien nie die hand van God in wat ookal gebeur nie, en aanvaar dit ook nie met blymoedigheid nie. Hulle is nie in alles dankbaar nie, en verheug hulle nie in alles nie. Hulle is nie gelukkig nie, of ten minste nie altyd gelukkig nie, want soms kla hulle. Hulle sê dit of dat is tog so moeilik! "*

*"Andere skiet tekort aan 'n vriendelike gesindheid. Hulle stry teen boosheid, in plaas van om die ander wang te draai. Hulle aanvaar nie verwyte in sagmoedigheid nie, en ook nie teregwysing nie. Hulle aanvaar nie meningsverskille sonder afkeer, of sonder om ten minste hulle afkeer te verbloem nie. Wanneer hulle tereggewys word of daar met hulle verskil word – self net ligtelik, onttrek hulle hulself en hou hulself op 'n afstand. Wanneer hulle sterk tereggewys word of daar sterk met hulle verskil word, reageer hulle kras; met 'n harde stem of woede in stemtoon, of met 'n skerp en dikmond houding. Hulle praat hard en onbeskof wanneer hulle andere teregwys, en gedra hulself onbeskof teenoor minderes.*

*"Sommige skiet tekort aan goedheid. Hulle is nie vriendelik, sag, tegemoedkomend, en liefdevol ten alle tye in hulle gees en woorde, in hulle houding en gesindheid, in al hulle gedrag nie. Hulle toon geen respek aan ander persone, of dit nou ryk of arm, met of sonder aansien is nie – veral teenoor diegene wat hulle teëgaan en hulle eie huishoudings. Hulle werk en streef nie om met alles in hulle vermoë ander om hulle gelukkig te maak nie. Hulle sien swaarkry en gee nie om nie – hulle is dalk die oorsaak daarvan, en draai dan om en sê: 'Hulle verdien dit, dis hulle eie fout.'*

*"Dan is daar ander wat tekort skiet aan getrouheid, sonder inagneming van waarheid, eenvoud, en goddelike opregtheid. Hulle liefde is vol geveinsdheid en daar is galbitterheid in hulle mond. Om ongemak te vermy, leun hulle na die ander uiterste en is uiters glibberig en selfs kruiperig, en nie dinge opreg bedoel nie.*

*"Andere skiet tekort aan sagmoedigheid, 'n stille gees, kalmte, en 'n rustige gemoed. Hulle is op en af, soms op 'n hoogtepunt, en dan weer laag. Hulle gemoed is baie onstandvastig.*

*Hulle temperament is nie gebalanseerd nie, hulle het of te veel van die een, of te min van die ander, of hulle emosies is nie gematig saamgevoeg sodat die een die ander uitbalanseer nie. So hier sit ons met 'n tameletjie. Hulle siel is uit stemming en kan nie in ware harmonie saam sing nie.*

*"Party skiet tekort aan selfbeheersing. Hulle gebruik nie net die regte hoeveelheid, en die regte soort kos wat hulle weet noodsaaklik is vir liggaamlike krag en gesondheid nie. Of hulle slaap te veel, meer as wat nodig is vir 'n gesonde liggaam en verstand. Anders sou hulle op vaste tye bed toe gegaan en opgestaan het. Hulle eet laat, wat ook skadelik vir liggaam en siel is. Hulle vas nie, en onthou hulself ook nie van skadelike dinge nie. Hulle verkies prediking, leesstof, en gesprekke wat verbygaande vrede en vreugde verskaf, eerder as dit wat goddelike berou, onderrig, en geregtigheid bring. Hierdie vreugde is nie heilig nie want dit vloei nie, en eindig nie by 'n gekruisigde hart nie. So 'n geloof is nie God gefokus nie maar eerder self gefokus.*

*"Sover is alles duidelik. Ek glo jy het geloof, liefde, vreugde en vrede. Nogtans skiet jy wat so bedag is op hierdie vier dinge so ver tekort aan die ander wat bo genoem is. Jy skiet tekort aan een of meer van hierdie: Lydsaamheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing. Laat ons dan nie in 'b woordestryd betrokke raak nie. Dit is vir almal duidelik, jy het nie dit wat ek Volmaaktheid noem nie. As ander dit so wil noem, staan dit hulle vry. Hou nogtans vas aan wat jy het, en bid met 'n opregte hart vir dit wat jy nog nie het nie.*

**"V. 29. Kan hulle wat volmaak is steeds in genade groei?**

*"A. Ongetwyfeld! Hulle kan groei, nie net terwyl hulle nog in die aardse liggaam leef nie, maar ook in die ewigheid.*

**"V. 30. Kan iemand hiervan afvallig raak?**

*"A. Ek is seker hulle kan; ons kan dit nie betwyfel nie. Waar ons voorheen gedink het dat iemand wat van sonde bevry is nie weer kan val nie, weet ons die teenoorgestelde is waar. Ons is omring met mense hulle wat alles wat ons omtrent volmaaktheid verstaan, vroeër ervaar het. Hulle het beide die vrugte van die Gees en die getuienis gehad, maar het altwee verloor. Niemand kan ook staan op dit wat die term 'volmaaktheid' mag impliseer nie. Daar is nie 'n vlak van heiligheid of krag in heiligheid wat dit onmoontlik maak om afvallig te word nie. As daar wel iemand is wat nie kan val nie, berus dit totaal en al op die belofte van God.*

**"V. 31. Kan die afvalliges weer herstel word?**

*"A. Waarom nie? Ons het baie gevalle hiervan ook. Dit is algemeen vir mense om dit (Christelike Vomaaktheid –Red.) meer as een keer te verloor voordat hulle standvastig in volmaaktheid word.*

*"Om hulle wat van sonde bevry is te bewaar van struikeling gee ek die volgende advies: Maar eers wil ek gesels oor die toestand van die werk onder mense. Ek ag hierdie laaste werk van God as moontlike die grootste wat Hy nou op aarde doen. Maar net soos met alle ander werke, is dit gebonde aan menslike swakheid. Maar hierdie swakhede is eintlik veel minder as wat verwag kon word, en dit moet met vreugde verdra word deur elkeen wat die geregtigheid liefhet en dit navolg. Daar was wel 'n paar heethoofdige*[12] *swakkelinge, maar dis geen rede om die werk in twyfel te trek nie. Dis ook geen rede om al die ander nugterdenkende mense wat voorbeelde van streng heiligheid is, te veroordeel nie.*

*Nogtans (in teenstelling met die verlede) is die teenkanting hierteen groot, en ondersteuning is min. Hierdie valse ywer en heiligheid van ander veroorsaak dat baie verhinder word om ware geloof en heiligheid na te streef, en sommige wat vroeër die regte weg gevolg het, het agter hulle aan geloop.*

## Raad aan hulle wat waarlik ware geloof en heiligheid na streef[13]

[Die raad wat hier gegee word is vroeër in 1762 in 'n aparte traktaatjie gepubliseer onder die titel: "Cautions and Directions given to the Greatest Professors in the Methodist Societies," met die volgende leuse:— "Ignoreer die valse getuienis, en hou vas aan die Waarheid." Dit was duidelik gerig teen die onderduimse aksies van George Bell en sy vriende, waarvan 'n verduideliking in eerw. Wesley se joernaal gegee word oor daardie tydperk – Ingevoeg deur die Engelse redigeerders.]

**"V. 32. Wat is die eerste stukkie raad wat aan hulle gegee kan word?**

*"A. Waak en bid voortdurend teen trots en eiewaan. As God jou daarvan verlos het, maak seker dat dit nie weer vastrapplek kry nie, want dis net so gevaarlik as begeerte, en dis maklik om onbewustelik weer daarin vasgevang te word – veral as jy dink die gevaar daarvan bestaan nie. Jy sê dalk: 'Nee, ek maak eerder seker dat alles wat ek het aan God toegeskryf is.' Dis moontlik om so te sê en steeds vol eiewaan te wees. Trots maak nie net dat ons alles aan onsself toeskryf nie, maar ook dat ons dink dat ons iets het wat ons in der waarheid nie het nie. Mnr. L—-, het byvoorbeeld die lig wat hy gekry het aan God toegeskryf, maar toe gesê dat hy meer lig as enige ander lewende mens het, en dit is tasbare eiewaan. Jy kan dus al die kennis wat jy het aan God toeskryf, en in hierdie opsig is jy nederig. Maar om dan te dink dat jy meer het as wat werklik die geval is, of as jy dink dat jy nie meer ander mense se leiding en onderrig nodig het nie, lê trots reeds vir jou en loer. Dis reg, jy het steeds onderrig en leiding nodig, nie net deur Mnr. Morgan nie, maar ook onderrig onder mekaar, of deur Mnr. Maxfield, of myself, en selfs ook deur die mees onervare prediker in Londen, - deur alle mense! Want God stuur wie Hy wil stuur.*

*"Moet dus nie aan iemand wat jou raad gee of teregwys sê: 'Jy is blind; jy kan my niks leer nie.' Moenie sê, 'Dis jou opinie, jou menslike wysheid, of jou argument' nie. Oorweeg dit eerder kalm voor God.*

*"Onthou altyd: baie genade beteken nie baie kennis of lig nie. Die twee loop nie altyd hand-aan-hand nie. Net soos daar baie lig maar min liefde mag wees, mag daar ook baie liefde in min lig wees. Die hart mag warmer klop as wat die oog warmte het, maar dit het steeds geen sig nie. God het in Sy wysheid die lede van die liggaam verskillende funksies gegee, sodat geeneen kan sê 'ek het jou nie nodig nie.'*

*"Om te dink dat niemand behalwe hulle wat self ook van sonde bevry is, jou iets kan leer nie is 'n reuse en gevaarlike fout. Moenie sulke denke vir een oomblik in jou lewe toelaat nie, want dit sal tot duisende ander foute lei, foute wat nie weer reggestel kan word nie.*

*Nee! Gesag word nie deur genade verkry nie, soos sommige voorheen beweer het nie. Maar 'erken die wat onder julle arbei en julle voorgangers in die Here is' en moenie dink jy is beter as hulle nie. Onthou: Baie liefde beteken nie baie lig nie.*

*"Om nie bogenoemde riglyne te onderhou nie het al baie tot foutering gelei, en veroorsaak dat trots sy lelike kop uitsteek. Oppas tog hiervoor! Onthou: 'hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was.' En 'wees almal met ootmoed bekleed.' Dit moet jou nie net vul nie, maar dit moet jou ook oordek. Wees nederig en bedeesd in al jou woorde en dade. Laat alles wat jy sê en doen wys dat jy klein, nietig en niksseggend in jou eie oë is.*

*"Wees altyd gereed om jou fout te erken. As jy op enige tydstip verkeerd gedink, gepraat, of gehandel het, moenie huiwerig wees om dit te erken nie. Moet nooit eens dink dat dit God se saak sal benadeel nie, inteendeel, dit sal Sy saak net bevorder. Wees openlik en eerlik as jy verdink word van iets verkeerds, moenie dit probeer vermy of verdoesel nie, maar bring dit in die ope net soos dit is, en jy sal nie die Evangelie verhinder nie, maar eerder bevorder.*

### "V. 33. Wat is die volgende stukkie raad wat aan hulle gegee kan word?

*"A. Oppas vir die dogter van eiewaan – heethoofdigheid. Bly weg daarvan af, en moenie op loop gaan met eie afleidings wat nie van God af kom nie. Weerhou jou daarvan om sommer net drome, stemme, visioene, of openbaringe aan God toe te skryf. Dit mag wel van God af kom, maar dit mag ook uit die natuur kom, of dalk van die Bose af! Daarom, 'glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is.' Beproef alle dinge volgens die Woord, en bly onderhewig daaraan. 'n Mens staan gevaar om heethoofdig op loop te gaan die oomblik dat daar selfs net 'n klein bietjie van die eenvoudige letterlike betekenis van enige skrifgedeelte in die konteks waarin dit geskryf is, afgewyk word. Dit is ook*

*gevaarlik om gesonde verstand, kennis, en menslike geleerdheid te minag of ligtelik op te neem, want elkeen is 'n goeie gawe van God wat tot die hoogste doel kan dien.*

*"Ek stel voor dat dat die woorde 'wysheid, gesonde verstand, en kennis nooit ter teregwysing gebruik word nie. In teendeel, bid dat jyself eerder meer-en-meer sal groei daarin. As jy na wêreldse kennis, of vals redenasies, of nuttelose kennis wil verwys, sê dit duidelik. So, gooi die kaf weg, maar nie die koring nie.*

*"Een pad wat verseker tot 'n heethoofdige gesindheid kan lei is om die einddoel te verwag sonder om die regte proses te volg. Byvoorbeeld, om kennis na te streef sonder om die Skrif te ondersoek en raad by kinders van God in te win; of om geestelike krag te verwag sonder voortdurende gebed en waaksaamheid; of om seën te verwag sonder om voortdurend na die woord van God te luister.*

*"Baie is heeltemal onkundig oor hierdie skelmstreek van Satan. Hulle laat na om die skrif te ondersoek en sê dan: 'God skryf Sy Woord op die tafels van my hart, ek hoef dit nie te lees nie.' Ander sê weer: 'Ag, ek hoef nie die Woord te hoor nie.', en begin dan om gereelde diensbywoning na te laat, en mis so God se boodskappe. Elkeen wat in hierdie slaggate gestruikel het, wees gewaarsku! Julle het na die stem van 'n vreemdeling geluister. Vlug terug na Christus toe, en volg weer die goeie ou weg 'wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is', die weg waarvan 'n heiden eenkeer gesê het: 'Die Christene staan vroeg op om lofliedere tot Christus as God te sing'.*

*"Selfs die begeerte om 'in genade te groei' mag somtyds 'n oop deur vir heethoofdigheid word. Indien ons gedurig soek na nuwe genade, mag ons dalk onbewustelik begin soek na iets anders as dieper liefde vir God en mens. Dit het al vele mense laat glo dat hulle ander nuwe dinge ontvang het wat hulle as nuwe soort gawes uit 'n nuwe hart sien - soos: (1.) Om God lief te hê met jou hele hart; (2.) …jou hele siel; (3.) …al jou krag: (4.) Eenheid met God: (5.) Eenheid met Christus: (6.) Om jou lewe met Christus in God verborge te hê: (7.) Om met Christus dood te wees: (8.) Om met Hom verrese te wees: (9.) Om met Hom in hemelse plekke te sit: (10.) Om opgeneem te wees na Sy troon: (11.) Om in die Nuwe Jerusalem te wees: (12.) Om die tabernakel van God te sien neerdaal op mense: (13.) Om dood te wees vir alle werke: (14.) Om nie aan dood, hartseer, pyn, of versoekings onderworpe te wees nie. (Hierdie blyk dinge te wees waarmee eerw. Wesley te kampe gehad het – Red.)*

*"Die grondslag van baie van hierdie wanbegrippe is dat die toepassing van die skrif ter harte geneem word as 'n 'ander, nuwe soort gawe', sonder om te besef dat die skrifgedeeltes waarna verwys word meestal nog nie vervul is nie. Die wat wel vervul is, is vervul tydens*

*regverdigmaking, en ander weer tydens heiligmaking. Ons verwagting moet wees om inniger daarin te groei.*

*"Nog 'n rede vir bogenoemde, en vele ander foute is dat daar nie ag gegee word op die feit dat liefde die hoogste gawe van God is nie – nederige, minsame, geduldige liefde. Alle ander visioene, openbaringe, manifestasies of wat ookal is kleinighede in vergelyking met liefde. Alle ander gawes val saam met die liefde, of is ewig ondergeskik daaraan.*

*"'n Mens moet egter hierdie saak goed deurdink, - Die 'hemele, die hoogste hemele' is liefde.* (Daar kon nie bepaal word waaruit eerw. Wesley hier aanhaal nie, maar die einde van 1 Kor. 13 pas pragtig hierby in: '…die grootste hiervan is die liefde') *Daar is niks groter in die godsdiens nie, om die waarheid te sê, daar is eintlik niks anders nie; en as jy na enigiets buiten die liefde sou soek, sou jy heeltemal van die Koninklike spoor af wees want jy soek op die verkeerde plek.*

*Indien jy by ander mense sou probeer uitvis of hulle 'hierdie of daardie seën ontvang het' en jy verwys na enigiets anders as die liefde is jy self van koers af, en jy gaan veroorsaak dat hulle ook die spoor byster raak. Maak die saak met jouself in jou hart uit, dat jy van die oomblik toe God jou van sonde verlos het, na niks anders sal streef as wat in 1 Korinthiërs 13 beskryf word nie. Totdat jy na die boesem van Abraham gedra word, kan daar niks groter wees nie.*

*Ek kan nie genoeg klem lê hierop nie, oppas vir heethoofdigheid! Moenie jou verbeel jy het die gawe van profesie, of onderskeiding van geeste nie. Ek glo nie een van julle het dit nou, of het dit al ooit gehad nie. Vermy dit om ander mense volgens jou eie idees of opinies as reg of verkeerd te beoordeel. Om so te oordeel is onbybels. Bly altyd nou verbind 'Tot die wet en tot die getuienis'.*

**"V. 34. Wat is die derde stukkie raad?**

*"A. Oppas vir Antinomianisme*[14]*; 'dit is om die hele wet, of deel daarvan, nietig te maak 'deur geloof'.*

*Heethoofdigheid is die pad hierna toe, en loop hand-aan-hand met antinomianisme. Dit kan jou onverhoeds vang in baie kleure en geure, so wees op jou passopens! Let op enigiets, in beginsel en in praktyk, wat lyk of dit hiertoe neig. Selfs daardie groot waarheid wat sê 'Want Christus is die einde van die wet' mag ons in hierdie slaggat laat trap indien ons vergeet dat Hy elke puntjie van die morele wet saamgevoeg het in die wet van liefde. Moet nooit dink dat: 'Omdat ek gevul is met die liefde, het ek nie soveel heiligheid nodig nie'. ' Of: Omdat ek voortdurend bid, het ek nie vaste persoonlike gebedstye nodig nie'. Of: 'Omdat ek voortdurend waaksaam is, hoef ek nie myself te ondersoek nie'.*

*Laat ons 'die onderwysing groot en heerlik …maak'* (Eerw. Wesley haal Jes 42:21 uit die KJV aan wat 'onderwysing' as 'law' vertaal: 'magnify the law' – Red.) *Ons moet die hele gskrewe Woord in verheerlik. Laat ons dit uitroep: 'Daarom het ek u gebooie lief, meer as goud, ja, as baie fyn goud.'… 'Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag'.*

*Wees ook versigtig vir Antinomiaanse boeke; Veral Dr. Crisp and Mnr. Saltmarsh se werke. Hulle bevat baie pragtige dinge, en dis wat dit so gevaarlik maak. Wees betyds gewaarsku! Moenie met vuur speel nie! Moenie jou hand oor die bek van 'n basilisk-nes hou nie!*

*Ek vermaan julle, oppas vir dwepery. Moet ook nie jou liefde en toegeneentheid net teenoor sogenaamde Metodiste uitleef nie, veral nie net teenoor hulle wat in die liefde vernuwe is en wat in geloof saam met jou staan nie. Moenie dit jou 'Sjibbolet'*[15] *maak nie.*

*Moenie in stilte verval omdat jy jou eie werke verkeerd begin sien het nie. Om net een voorbeeld hiervan te noem: Iemand sê vir jou 'Jy het soveel seën ontvang, en daaroor begin praat en aksie geneem, toe verloor jy dit… jy moes stil gebly het.'*

*"Oppas dat jy nie self-gefokus raak en jou eie self-verloëning, en om daagliks die kruis op te neem, en dan jou eie vas en self-onthouding te begin bewonder nie. Moenie kleingeestig en veroordelend raak teenoor hulle wat met jou verskil nie. Moenie hulle allerhande name soos blind, dood, gevalle, of 'vyande van die werk' noem nie.*

*Weereens, wees versigtig vir Solifidianisme*[16] *wat loop en skree 'Glo, glo!' en andere wat 'n meer Bybelgefundeerde siening het veroordeel as wetties of onkundig. Dit is wel nodig om by sekere geleenthede sterk klem te lê op bekering deur geloof alleen, en dan ook heiligheid, maar oor die algemeen moet ons streef om 'die hele raad van God te verkondig' volgens die riglyne van die geloof. Die geskrewe Woord deel met ons geregtigheid in die geheel, maar ook met elke klein deeltjie daarvan wat vereis dat ons nugter, ywerig, geduldig, respekvol op teenoor alle ander mense sal wees. Net so werk die Heilige Gees dieselfde in ons harte om nie net 'n begeerte na heiligheid in die algemeen te hê nie, maar 'n sterk strewe na heiligheid in elke enkele faset van heiligmaking sodat Hy ons kan lei na alles in 'wat ookal lieflik' is. Doen dit uit die diepste erns, want 'die geloof (het) volkome geword het uit die werke'. So, of ons nou die werk van die geloof vervul of vernietig, en of ons die guns of die toorn van God verwerf, gaan in alles afhang van elke enkele gehoorsame of ongehoorsame handeling van ons kant af.*

**"V. 35. Wat is dan die vierde stukkie raad?**

*"A. Wees versigtig vir die sondes van versuim, moenie een enkele geleenthied laat verbygaan om die goeie te doen nie, wat ookal dit behels. Wees getrou in goeie werke, en moet niks nalaat nie, nie eens vroomheid of empatie nie. Doen alles wat jy moontlik kan om*

*aan die liggaamlike en sielsbehoeftes van mense te voorsien. Maak veral seker dat jy jou buurman lei in geregtigheid en dat jy nie veroorsaak dat hy sondig nie. Wees betrokke. Gee aan luiheid geen plek nie. Moenie aan enigiemand rede gee om aan jou te sê: 'Jy doen dan niks nie'. Baie sal buitendien so sê, maar laat jou handelinge die teendeel bewys. Werk voortdurend en moenie tyd mors nie. Benut elke stukkie tyd beskikbaar, sodat niks verlore gaan nie. Soos die Woord sê: 'Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag'. Wees 'stadig om te praat', en versigtig as jy wel iets sê – 'By veelheid van woorde ontbreek die oortreding nie; maar hy wat sy lippe inhou, handel verstandig.' Moenie baie praat of lank praat nie, niemand kan in meer as een uur opbouend praat nie. Bly ver weg van 'vroom stories verkoop', van 'godsdienstige geskinder'.*

**"V. 36. Die vyfde stukkie raad en wysheid:**

*"A. Maak seker jy begeer niks anders as God nie. As jy streef na God en niks anders nie sal elke ander begeerte verdryf word. Maak dan seker daar is nie plek vir daardie begeertes om terug te keer nie. 'Hou jou rein;' Hou jou oog reg gefokus, en jou hele liggaam sal verlig word. Moenie toegee aan die begeerte na lekker kos of ander sensoriese plesier nie; Moenie toelaat dat jou oog of verbeelding die begeerte na enigiets wonderlik en mooi, of na geld, of of lof en eer, of na menslike geluk aanwakker nie. Jy kan toelaat dat hierdie begeertes weer posvat, maar dit hoef nie te gebeur nie. 'Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het'.*

*"Wees aan almal 'n voorbeeld van self-onthouding, en om jou kruis daagliks op te neem. Laat ander mense sien dat jy geen ag gee op plesierige dinge wat jou nie nader aan God bring nie. Moenie toelaat dat dit soos 'n straf lyk om God te behaag nie, al behels dit swaarkry of moeite. Maak seker dat die taal van jou hart voortdurend, in vreugde of pyn, in erkenning of miskenning, en in oorvloed of armoede altyd sal wees: 'In alles is ek vergenoegd in die Here, of ek nou lewe en of ek nou sterwe.'*

**"V. 37. Wat is sesde op die lys?**

*"A. Oppas vir verdeeldheid. Moenie skeuring in die Kerk van Chtistus veroorsaak nie. Dit is daardie selfgefokusde weerbarstigheid wat veroorsaak dat lede mekaar nie meer liefhet nie (Sien 1 Kor. 12:25,) Hierdie is die wortel van alle kwaad, en van sigbare verdeeldheid. Wees versigtig vir alles wat hiertoe kan bydra. Oppas ook vir 'n gees van verdeeldheid; verwerp enigiets wat net lyk of dit hiertoe neig. Daarom, vermy 'n gesindheid van: 'Ek is van Paulus, en ek van Apollos;' want dit was juis wat die verdeeldheid in die gemeente van Korinthe veroorsaak het.*

*Moet nooit iets soos die volgende sê nie: 'Hierdie is my prediker want hy is die beste in Engeland. Laat hy preek, en raak ontslae van al die ander.' Dis sulke dinge waat veroorsaak*

*dat verdeeldheid uitbroei en hulle wat God by mekaar gevoeg het, uitmekaar laat spat. Moenie 'n prediker minag of afkraak nie, en moet ook nie een bo ander stel nie, sodat nie hy of God se saak dalk skade ly nie. Indien 'n prediker dalk iets onsamehangend of onakkuraat sou kwytraak, moenie hom te hard oordeel nie want dis net 'n fout.*

*"Net so, as jy skeuring wil vermy, hou by die reëls van die Vereniging, en ook van die Klein Groepe (Eerw. Wesley verwys hier na die Metodiste struktuur). Sodat jou gewete skoon kan bly. Moenie jou Klas of Klein Groep se ontmoetings misloop nie, want dit is die ligamente wat ons Vereniging aanmekaar hou. Enigiets wat ons getrouheid hieraan verswak, of net neig om te verswak, rig skade aan tot in die fondasie van ons gemeenskap. Soos iemand gesê het: 'Ons weeklikse ontmoetings vir gebed en onderskragings is uiters belangrik want dit dra die meeste by tot versterking en bevestiging van die seën van elke boodskap wat gepreek word, en wat dan aan andere wat nie die byeenkomste kon bywoon nie, versprei word'. Sonder hierdie gewyde samehorigheid en gemeenskap sou net blote prediking geen blywende resultate lewer nie.*

*"Moenie eens een enkele gedagte koester wat afsydigheid tussen jou en jou broers kan bring nie, maak nie saak of julle oor 'n saak saamstem, en of julle verskil nie. Dis nie sonde as iemand jou nie glo nie, of jou nie op jou woord neem nie. Jy mag dalk dink dat sus of so noodsaaklik is vir die werk en mense mag dan van jou verskil. 'n Gesindheid van 'ons staan saam en val saam' is verkeerd.*

*'Oppas vir ongeduld teenoor mense wat jou weerspreek. Moet hulle wat nie jou standpunt kan begryp nie, en ook diegene wat dit hulle plig ag om jou teen te staan, veroordeel of sleg dink van hulle nie. Dit geld vir klein en groot verskille tussen mekaar. Ek is bevrees sommige van ons het heeltemal afsydig geraak teenoor andere, net omdat hulle van ons verskil. Al hierdie dinge lei tot verdeeldheid en deur al hierdie dinge sien hulle 'n bose sy van ons wat 'n getuienis teen ons gaan wees.*

*"Moenie fyngevoelig of liggeraak wees as daar met jou gepraat word nie. Moenie jouself onttrek die oomblik dat jy agterkom iemand aanvaar nie wat jy sê nie. Inteendeel, verwag weerspreking en teenkanting saam met al die ander kruise wat ons moet dra. Gee ag op die Apostel Paulus se woorde: 'omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly.' (Phil. 1:29.) Let op, DIT IS AAN ONS GEGEE om vir Hom te ly! Dis 'n voldonge feit, God laat teenkanting en weerspreking toe; en dit is 'n verfrissende bewys van Sy liefde. Sal ons ooit die Gewer misken, of Sy gawe wegwys, of dit sien as teenspoed? Moet ons nie eerder sê: 'Vader, die uur het gekom'… 'dat die Seun van die mens verheerlik moet word'; Hier is die geleenthied waar ek iets vir U moet ly, doen met my soos U wil.'nie? Onthou, deur die Voorsienigheid is hierdie dinge nooit iets*

*wat God se werk, of jou eie siel sal benadeel nie. Behalwe as die fout by jouself lê, kan dit net tot voordeel en selfs ook noodsaaklik wees vir jou. Aanvaar dit dan gewillig en met dankbaarheid van God af en sien dit nie as 'per ongeluk' nie. Aanvaar dit ook van mense af in nederigheid, sagmoedigheid, oorgegewenheid, vriendelikheid en sagtheid. Daar is geen rede waarom selfs jou uiterlike voorkoms nie ook moet sag wees nie. Dink aan Lady Cutts se karakter: 'Dit was van die Romeinse keiser Titus gesê dat niemand ooit ontevrede van hom af weggegaan het nie. Maar dit kan van haar gesê word dat niemand ooit ontevrede na haar gegaan het nie, so seker was hulle van die goeie en gunstige ontvangs wat hulle by haar sou kry'.*

*"Oppas dat jy nie veroorsaak dat ander mense afsydig word teenoor jou nie. Sovêr as wat jy dit moontlik kan verhoed, moet nooit aanstoot gee nie. Maak seker dat jou handelinge jou woorde gestand doen, en dat dit die leer van God ons Redder sal versier. Wees veral versigtig wanneer jy van jouself praat.*

*Jy mag nooit die werk van God misken nie, maar jy moet dit bevorder wanneer jy daartoe geroep word, sonder om aanstoot te gee. Moenie hoogdrawende woorde gebruik nie, inteendeel, jy hoef nie te praat van volmaaktheid, of heiligmaking, of die tweede genadewerk nie, en ook nie oor of dit al bereik is nie. Praat eerder duidelik oor dit wat God in lou lewe gedoen het, byvoorbeeld: 'Daar het 'n verandering in my lewe gekom waarvoor ek nie woorde het nie, maar wat ek wel weet is dat ek van toe af nie weer eiewaan, of eie-wil, of woede, of ongeloof ervaar het nie. Wat ek wel ervaar is 'n oorweldigende liefde vir God en my medemens.' Antwoord dan enige ander vraag in nederigheid en op 'n maklik verstaanbare manier.*

*"Indien jy ooit sou val van waar jy nou is, as jy dalk trots, of ongeloof, of enige ander probleem waarvan jy huidiglik verlos is sou ervaar, moenie dit probeer ontken, of wegsteek, of verdoesel nie. Dit sal tot skade vir jou siel wees. Gaan in al sulke tye na iemand wat jy kan vertrou, en deel presies hoe jy voel. God sal hom die regte woord op die regte tyd gee tot genesing vir jou siel. Hy sal jou sekerlik weer optel sodat jy die wêreld in die oë kan kyk, en die gebrkoe beendere rede gee om Hom weer te verheerlik.*

**“V. 38. Wat is die laaste advies wat jy kan gee?**

*“A. Wees ‘n voorbeeld in alle dinge, veral in uiterlike dinge soos hoe jy aantrek, en in hoe jy jou geld aanwend – deur onnodige uitgawes te vermy, met ‘n standvastige gees, en ook deur goeie en bruikbare geselskap te voer. Op hierdie manier sal jy “n lamp wat in ‘n donker plek skyn’ wees. So sal jy daagliks ‘toeneem in die genade’ totdat daar ‘ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus’. “Al bogenoemde advies word bekragtig in die volgende oordenkings. Ek beveel aan dat jy dit, tesame met die Heilige Skrifte, diep en gereeld oordink:—*

## Kort oordenkings - Daaglikse voedsel vir die siel

(Ons het dit goed gedink om die volgende deel onder ‘n aparte opskrif te plaas – Red.)

“(1.) Die see versinnebeeld die volheid van God en ook die Heilige Gees op ‘n lieflike manier. Net soos al die riviere terugvloei na die see, so vloei die regverdiges in liggaam, in siel, en in goeie werke terug na God, om daar ewig in Sy heerlikheid te leef.

“God gee Sy goeie gawes uit Sy oorvloed, en Hy gee dit deur die gebede, en leiding, en die heiligheid van die mense saam met wie ons is. God wek ‘n onsigbare en sterk smagting in siele deur hulle omgang met hierdie mense.

“Simpatie in harte gevorm uit genade is baie meer voortreflik as mense se natuurlike simpatie.

“Mense wat waarlik aan God getrou is, met ander woorde hulle wat waarlik die taal van God se liefde verstaan, het ander mense opreg lief. Hulle is sensietief vir dit wat goed of sleg is in diegene vir wie hulle lief is, maar het hulle steeds lief ter wille van God se saak.

“Net soos die die dieptes van die see kalm kan wees al is daar storms op die oppervlak, kan jy in die dieptes van jou siel steeds rus, al is daar sigbare probleme al om jou.

“Die misbruik, beledigings, en verliese wat oor ons pad kom, is die grootste hulpmiddels tot groei in genade. Ons moet dit in dankbaarheid ontvang, meer as enigiets anders, sodat ons kan weet dat eie-wil geen plek het nie.

“Die maklikste manier om van swaarkry te ontsnap, is om dit te verdra so lank as wat dit God behaag.

“As ons vervolging en swaarkry op die regte manier verduur, bereik ons ‘n groter mate van gelykvormigheid aan Christus, baie meer nog as wanneer ons Sy genade uitleef deur goeie werke.

“Die grootste bewys van God se liefde aan hulle wat Hom liefhet, is wanneer Hy swaarkry oor hulle pad stuur, tesame met die genade om daardie swaarkry te kan verduur.

“Selfs in die moeilikste tye moet ons aan God kan wys dat ons in die pyn van hierdie toetse wat Hy oor ons pad stuur, steeds vreugde het in Hom wat ons liefhet, en vir Wie ons lief is.

“Die sekerste metode wat God aanwend om die mens na Hom te trek, is om hom te toets in dit wat hy die meeste liefhet. God doen dit met goeie rede. Niks kan die leegheid van dit wat mooi en begeerlik in die wêreld is beter uitwys as wanneer swaarkry daaruit voortvloei nie.

“(2.) Ware oorgegewenheid berus in ‘n algehele onderwerping aan die hele wil van God – Hy wat alles besluit en doen wat in die wêreld gebeur (behalwe sonde). Daarom moet ons alles, goed of sleg, wat oor ons pad kom aanvaar as Sy wil.

“Selfs in die grootste swaarkry wat die regverdiges kan oorkom, staan hulle vas in die vrede, en bly hulle volmaak gehoorsaam aan God deur innerlike liefdevolle afhanklikheid. Dit snoer hulle siele kragtig saam in Hom.

“Ons moet wat ookal oor ons pad kom stil verdra, en ons moet ons eie en ook andere se tekortkominge verduur en dit in eensame gebed of met onuitspreeklike sugtinge voor God bely. Ons woorde moet nooit skerp, of geirriteerd of klaend en suur wees nie, maar ek moet algeheel gewilllig wees dat God met my kan maak soos Hy goeddink. Ons is Sy skape, en daarom moet ons gewillig wees om te ly, selfs tot die dood, sonder om te kla.

“Ons moet hulle verdra wat nie wil verander nie, en tevrede wees om hulle aan God te offer. Dit is ware oorgegewenheid. En omdat Hy ons tekortkominge gedra het, kan ons gerus maar mekaar se tekortkominge dra om Sy ontwil.

“Om alles oor te gee, om jou eie-self te ontledig van alles totdat jou hele lewe blootgelê is, sodat jy Jesus van Betlehem af kan volg, tot daar waar hy gegesel is, en tot waar hy gekruisig is, is so groot genadegawe dat die ervaring en die betekenis van hierdie selfontlediging aan niemand gegee word nie, behalwe deur die geloof in die Seun van God.

“(3.) Jy kan God nie liefhê sonder geduld teenoor andere nie, en jy kan ook nie geduld hê sonder nederigheid en ‘n sagte gees nie. Nederigheid en geduld is die grootste bewys van groeiende liefde. Net nederigheid kan geduld en liefde saamsnoer, en daarsonder kan ‘n mens nie deur swaarkry groei nie. Hiersonder sal dit moeilik wees om nie te kla nie, veral as ons dink ons het niks gedoen om dit te verdien nie. “Ware nederigheid kan gesien word as ‘n soort van self-uitwissing, en dis die fondament van alle deugde.

“’n Siel wat na God treuggekeer het moet alles wat met betrekking tot verlossing aan hom gesê word in ag neem, sodat hy daarby baat kan vind.

“Omdat God ons vrygemaak het van alle sonde, moet ons seker maak dat in ons lewens niks oorbly nie, behalwe ‘n diep hartsnederigheid, met streng standvastigheid in ons woorde en aksies, en ook in ons swaarkry.

“(4.) Verdraagsaamheid, en om boosheid in sagmoedigheid en stilte te verdra, is sie som van ‘n Christelike lewe.

“Goed is die eerste oogmerk van ons liefde, en dan kom verdraagsaamheid ten opsigte van andere se tekortkominge. Ons moet begin deur dit eerste in ons eie huishoudings toe te pas.

“Ons moet ons liefde eerste bewys aan hulle wat ons denkwyse, ons oortuigings, ons kennis, en ons begeerte dat andere net so deugvol soos ons kan wees, die meeste bevraagteken.

“(5.) God gee Sy Gees beswaarlik aan selfs hulle wat Hy deur Sy genade herstel het, tensy hulle by alle geleenthede,en nie net een keer nie maar baie kere, daarvoor bid. “God doen ook niks nie, behalwe in antwoord op gebed. Selfs hulle wat hulle tot God bekeer het sonder dat hulle self daarvoor gebid het (wat ‘n rare verskynsel is), was nooit sonder die gebede van andere nie. Elke oorwinning wat ‘n siel behaal is ‘n antwoord op ‘n nuwe gebed.

“Elke keer wanneer ons benoud voel, moet ons onsself afsonder vir gebed. Dan kan ons plek gee vir God se genade en lig om te werk en daarna kan ons besluite neem, sonder om ons oor die uitkoms te bekommer. In die grootste versoekings kan ons net na Christus kyk en Sy Naam fluister, en dit sal genoeg wees om die Bose te oorkom. So, doen dit in vertroue en kalmte van gees. God se opdrag om te ‘bid sonder ophou’ is gebou op ons afhanklikheid van Sy genade om die lewe van God in ons siele te bewaar. Ons siel kan nie een oomblik daarsonder klaarkom nie, net so min as wat die liggaam sonder suurstof kan klaarkom. Alles is gebed, of ons nou aan God dink, of met Hom praat, en of ons vir hom werk of ly, en ook wanneer ons na niks anders as Sy liefde streef nie en begeer om hom tevrede te stel.

“Alles wat ‘n Christen doen, selfs eet of slaap, wanneer dit uit eie keuse in eenvoud en volgens God se riglyne gedoen word, sonder om iets by te voeg of weg te laat, is gebed. “Gebed groei in die hart se begeerte, alhowel dit in uiterlike dinge tot uitvoer kom. In siele vol liefde is die begeerte om God te behaag die voortdurende gebed. “Net soos die vurige haat van die bose met ‘n brullende leeu vergelyk kan word, kan ons vurige liefde gesien word in terme van om na God uit te roep.

“God verwag van Sy volwasse kinders net dat hulle harte waarlik rein gemaak sal wees, en dat hulle voortdurend die wense en beloftes wat uit volmaakte liefde voortvloei, sal offer. Dié begeertes is die ware vrugte van liefde, en die mees volmaakte gebede vloei hieruit voort. (6.) Dis byna ondenkbaar hoe reguit die pad eintlik is waarop God ons lei as ons in Sy

voetspore volg, en hoe afhanklik ons van Hom moet wees om seker te maak dat ons geheel en al aan Hom getrou bly.

“Dit is uiters belangrik om te besef hoe God na selfs die kleinste dingetjies kyk, en die ernstige nagevolge wat selfs die kleinste foutjies soms vir ons inhou. ‘n Klein bietjie stof kan die meganisme van ‘n horlosie geheel en al buite aksie stel, en ‘n klein sandstorm kan steeds die lig verdof. Net so kan die kleinste korreltjie sonde in die hart verhinder dat die mens na God kan kom.

“Net soos die heiliges in die hemel is, behoort ons in die kerk te wees, en net soos die heiligste mense in die kerk is, behoort ons in ons huise te wees. So moet jy jou dinge in die huis doen met dieselfde gesindheid as wat jy in die kerk bid, aanbid God hier ook uit die diepste van jou hart.

“Ons moet voortdurend werk daaran om van al die nuttelose dinge om ons ontslae te raak. God verwyder die oppervlakkige aanhangsels in ons siele gewoonlik in die selfde verhouding as wat ons met die liggaamlike doen.

“Die beste manier om die duiwel te weerstaan is om alles van die wêreld wat nog in ons oorgebly het, te vernietig sodat ons vir God ‘n nuwe gebou van liefde op die puin daarvan kan bou. Dan sal ons reeds in hierdie verbygaande lewe leer om God ewig lief te hê.

“Dis haas onbegryplik hoe maklik ons in ons vriendskappe met die mees deugsame persone, vir God kan beroof van wat Hom toekom, totdat hulle deur die dood van ons weggeskeur word. As dit ‘n voortdurende hartseer voortbring, is dit ‘n bewys dat ons ‘n verdeelde hart het wat twee skatte gekoester het.

“(7.) As ons alles afgelê het en ons pleit nie gedurig voor God dat Hy ons sal begelei in ons waaksaamheid nie, kan ons maklik weer verstrengel raak en ons moet dit weer oorkom. Soos die gevaarlikste winde deur die kleinste gaatjies kan suis, so kan die duiwel deur die kleinste onopgemerkte gebeurlikheidjies wat soos niks lyk nie, weer ons harte aan groot versoekinge blootstel.

“Dis goed om weer vernuwe te word deurdat ons van tyd tot tyd opnuut die toestand van ons siele onder die loep neem asof ons dit nog nooit voorheen gedoen het nie. Niks gee ons meer geloofsversekering as wanneer ons onsself op hierdie manier nederig hou nie, en voortgaan in goeie werke nie.

“Tesame met voortdurende waaksaamheid en gebed moet ons ook seker maak dat ons aktief bly vir God. God se genade werk nie in ‘n vakuum nie, en die duiwel sal alles wat God nie vul nie, volmaak.

“Daar is nie nog so ‘n geloofsvertroue soos die tussen ‘n gids wat siele lei, en die persoon wat hom volg nie. Hulle moet mekaar voortdurend uit God se oogpunt beskou, en ook hulle self ondersoek, en kyk of hulle gedagtes rein is en hulle woorde met Christelike nugterheid geuiter word. Ander sake is menslike dinge, maar hierdie is God se dinge.

“(8.) Paulus se woorde: ‘Niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees,’ way ons die noodsaaklikheid om die oog altyd op God te hou in ons goeie werke, en selfs ook in ons kleinste gedagtetjies. Dan sal ons weet dat niks sal Hom behaag wat Hy nie self in ons en met ons gevorm het nie. Hieruit leer ons dat ons Hom nie kan dien as Hy nie ons tong, hande, en harte kan gebruik om uit Homself en Sy Gees in ons te doen wat Hy wil hê nie.

“As ek nie totaal hulpeloos wasnie, sou my goeie werke my eie gewees het, maar nou behoort dit geheel en al aan God, omdat dit uit Hom vloei deur Sy genade. Hy neem ons werk en heilig dit , en so word Hý deur ons werke vereer.

“Een van die basiese beginsels van ware godsdiens is om seker te maak jy mis nie een geleentheid om God te dien nie. Omdat hy nie fisies sigbaar is vir ons nie, dien ons Hom deur ons naaste, en Hy ontvang hierdie diens asof ons dit aan Hom as Persoon wat sigbaar voor ons staan, gedoen het.

“Wispelturigheid in mense, en aan-en-af diensskap kan God nie behaag nie. Niks is so behaaglik vir God as dit wat Sy onveranderlikheid weerspieël nie. Voortdurende pligsgetrouheid in die werk wat God aan ons toevertrou is ‘n bewys van standvastige vroomheid.

“Liefde vas wanneer dit kan, en soveel as wat dit kan. Dit lei na al God se verordeninge, en druk homself af op alle uiterlike werke waar dit moontlik is. Dit vaar as’t ware soos Elia op na God op Sy heilige berg.

“God is so groot dat Hy Sy grootheid bewys in die kleinste dingetjie wat in sy diens gedoen word.

“Gelukkig is hulle wat, omdat hulle die goeie werk gedoen het, siek geword of hulle lewe verloor het.

“God maak dikwels die deel wat Sy kinders in die bekering van andere gehad het onsigbaar. Tog kan ons met sekerheid sê dat die persoon wat voor God pleit vir die bekering van ‘n ander die hoof rede vir sy bekering is.

“Barmhartigheid kan eerstens nie reg beoefen word as ons nie as ons nie dadelik reageer wanneer God ons die nood wys nie, en tweedens as ons nie oombliklik na die tyd dit in

nederige dankbaarheid aan God opdra nie. Waarom dit in dankbaarheid opdra? Vir die volgende drie redes: Eerstens, omdat ons aan Hom moet gee wat Hom toekom. Tweedens, sodat ons die versoeking wat uit hierdie goeie werke kan ontstaan, kan vermy. Derdens, Sodat ons ons met God kan verenig in gebed, en in die goeie gawes wat ons ontvang het. Sodoende verkry ons die nodige krag om die negatiewe gevolge wat hierdie goeie werke in ons mag veroorsaak, teen te staan., Ons moet gebruik maak van die teenmiddels wat God vir hierdie gif aan ons voorsien. Die enigste manier waarop ons opnuut gevul kan word met die rykdom van Sy genade, is om geheel en al daarvan ontledig te word. Sonder hierdie hervulling is dit baie moeilik om nie moeg en mat in die goeie werke te word nie.

“Goeie werke kan net volmaak word die oomblik wat dit homself as’t ware in God verloor, asof dit ‘dood gaan’. Dit ook ‘n sinnebeeld van ons liggame wat nie sy hoogste lewensvorm, dit wil sê sy onsterflikheid, kan bereik alvorens hy homself verloor in God se glorie - die glorie waarmee Hy ons vervul, nie. Al wat goeie werke verloor by hierdie geestelike dood, is die sterflike en aardse deel daarvan.

“Vuur is die simbool van liefde, en die liefde van God is die fondasie, en die einddoel van al ons goeie werke. Die vuur van liefde het hierdie voordeel bo fisiese vuur dat dit weer na die Bron kan uitstrek en weer opvlam met al die goeie werke wat dit voortbring. Op hierdie manier kan dit die besoedeling voorkom wat vloei uit trots, of ydelheid, of enige ander bose konkoksie. Dit kan egter op geen ander manier gedoen word as wanneer hierdie goeie werke op ‘n geestelike wyse in diepe dankbaarheid, in God sterf nie.  Dit mag voel asof die siel oor ‘n donker afgrond stort wanneer dit ontledig word van al die voltooide goeie gawes en werke, wat Hom alleen toekom. Maar net soos die rivier homself in die see uitstort moet hulle ook terugkeer na die Bron, en hulle self weer in Hom uitstort.

“Wanneer ons enige guns van God ontvang, moet ons onttrek in die binnekamer, in ons harte, en sê: ‘Ek kom, Here, om terug te gee wat U gegee het, en ek laat los dit vryelik om weer in my eie nietigheid te te verkeer. Wat is selfs die mees volmaakte skepsel anders as leegheid wat net deur U en U alleen gevul kan word, net soos die duister deur die lig van die son gevul word wat dit onttrek om weer die volgende dag dir diuster te hervul met lig. Daar is niks in die lug wat hierdie lig kan weerstaan of aanvul nie. O, gee my die vermoë om op dieselfde manier U genade en goeie werke te kan ontvang. Dis U genade en U goeie werke want U is die Bron waaruit dit vloei, nie ek nie.

# HOOFSTUK 6

## Eerw. Wesley se samevatting

26. In die jaar 1764 het ek die onderwerp (van Christelike Volmaaktheid – Red.) weer in oënskou geneem, en 'n kort opsomming gemaak van my gevolgtrekkings: —

"(1.) Daar is so iets soos volmaaktheid want dit word keer op keer in die Skrif genoem.

"(2.)Dit gebeur nie so vroeg as regverdigmaking nie, dwant ie skrif sê regverdiggemaaktes moet 'na die volmaaktheid voortgaan.' (Heb.6:1.)

"(3.) Dit gebeur nie tydens dood nie, want Paulus praat van lewende mense wat volmaak was. (Phil. 3:15.)

"(4.) Dis nie absolute volmaaktheid nie. Absolute volmaaktheid behoort aan geen mens of engel nie, maar aan God alleen.

"(5.) Dit maak 'n mens nie onfeilbaar nie. Niemand is onfeilbaar in aardse die liggaam nie.

"(6.) Is dit sondeloos? Dis nie nodig om hieroor te kibbel nie, die term is 'verlossing van sonde'.

"(7.) Is dit volmaakte liefde?' (1Joh 4:18.) Dit is die wese van Christelike volmaaktheid. Die eienskappe of onlosmaaklike vrugte daarvan is ewige blydskap, bid sonder ophou, dankbaargeid in alles. (1Thess. 5:16vv)

"(8.) Kan dit groei? Dit is so ver verwyder van die onmoontlikheid van groei, dat iemand wat in liefde volmaak geword het baie vinniger in genade sal groei as voorheen.

"(9.) Is dit moontlik om dit te verloor? Ons het verskeie voorbeelde hiervan, en tog is ons eers vyf of ses jaar gelede hiervan oortuig.

"(10.) Dit word voortdurend deur geleidelike werk voorafgegaan, en opgevolg.

"(11.) Is dit op sigself oombliklik of nie? Om hierdie vraag te oorweeg, kom ons loop stap vir stap:

- "'n Oombliklike verandering het in die lewens van sommige gelowiges plaasgevind. Niemand kan dit ontken nie.
- "Vandat daardie veranderingplaasgevind het, ervaar hulle volmaakte liefde. Hulle ervaar alleenlik die volgende: hulle is 'altyddeur bly', hulle 'bid sonder ophou', en hulle is 'in alles dankbaar.' (1Thess. 5:16vv) Dit is al wat ek bedoel met volmaaktheid, so daar is getuienis van die volmaaktheid wat ek preek.
- "'Maar in sommige mense was die verandering nie oombliklik nie.' Hulle het nie 'n oomblik ervaar of waargeneem wat God die verandering in hulle lewens gemaak het nie. Dis soms baie moeilik om die oomblik te bepaal wanneer iemand gesterf het, maar daar is oomblik wanneer lewe ophou. Net so met sonde. As sonde dan ophou, moet daar 'n laaste oomblik wees wat dit bestaan, en 'n eerste oomblik van verlossing daarvan.

- "'Maar as hulle hierdie liefde ontvang het, kan hule dit weer verloor.' Hulle mag dalk, maar hulle hoef nie. En of hulle dit verloor of nie, hulle het dit nou, hulle ervaar dit wat ons leer. Nou is hulle algehele liefde, hulle is altyddeur bly, hulle bid, en hulle loof God sonder ophou.
- "'Alhoewel, sonde in hulle is net dormant gemaak, dis nog nie vernietig nie.' Noem dit dan maar wat jy wil. Hulle is daagliks vol liefde, en hulle bekommer hulle nie oor die dag van more nie.'
- "'Hierdie leer is egter al baie misbruik.' Net so ook die leer van heiligmaking en regverdigmaking deur die geloof. Tog is daar geen rede om enige van hierdie, of enige ander skrifgebaseerde leer op te gee nie. Soos die spreekwoord sê: 'Moenie die baba saam met die badwater uitgooi nie.'
- "'Maar die wat dink dat hulle van sonde verlos is sê hulle het nie die voordele van Christus nodig nie.' Inteendeel, hulle sê presies die teenoorgestelde. Hulle sê" 'Elke oomblik Here, smag ek na die voordele van U kruisdood!' Hulle het nooit voorheen so 'n diep oortuiging ervaar van die noodsaaklikheid van Christus se volkome werk soos nou in hulle lewe nie.
- "Therefore, all our Preachers should make a point of preaching perfection to believers constantly, strongly, and explicitly; and all believers should mind this one thing, and continually agonize for it."

27. Ek het gedoen wat ek beoog het. Ek het 'n maklik verstaanbare verduideliking gegee oor hoe ek oorspronklik die leer van Volmaaktheid ontvang het, en die manier waarop ek dit ontvang het, en hoe ek dit tot vandag toe ontvang en leer. Ek het dit duidelik gemaak wat ek bedoel met daardie skrifgefundeerde uitdrukking. Ek het dit duidelik uitgespel sonder om enigiets te verdoesel of weg te laat. Nou kan ek aan enige onpartydige persoon vra: 'Wat is so vreesaanjaend hieromtrent? Wat is die rede vir al die bohaai wat al die afgelope twintig jaar deur die hele koninkryk hieroor gemaak word, so asof die Christendom hierdeur vernietig is, en die godsdiens heeltemal ontwortel is? Hoekom wil Christene nie eens die woord 'Volmaaktheid' sê nie? Waarom is dit so plofbaar en walglik asof dit een of ander vreeslike kettery bevat? Waarom word die predikers wat dit preek soos honde verjaag en verskreeu, selfs deur manne wat God vrees en hulle kinders, sommige wat hulle self in die evangelie verwek het! Wat is die rede hiervoor, of wat word voorgegee. Daar is geen sprake van gesonde redenasies nie. Hoe kan daar wees? Daar is wel allerhande voorvendsels, Wat se grondige rede is daar hiervoor? Ek dink daar is wel grondige rede om te dink dat vir sommige dit net 'n voorwendsel is om ons te vervolg. Dit is net 'n bewys van wat werklik in hulle harte aangaan, van begin tot einde.

Hulle het rede gesoek om my te vervolg en rede gevind. "Dis Mnr. Wesley se leerstelling! Hy preek volmaaktheid! Hy doen dit wel, maar dis nie sy leer nie, net so min as wat dit julle s'n

is, of enigiemand anders wat ‘n Leraar van Christus is nie. Want dit is Sy leerstelling, spesifiek en onomwonde, Syne; Dit is die leerstelling van Jesus Christus. Dit is Sy woorde, nie myne nie: ‘Esesthe oun teleioi, hosper ho pater hymon ho en tois ouranois teleios esti,— “Ye shall therefore be perfect, as your Father who is in heaven is perfect.”

Wie is daar wat dit kan ontken – ten minste tot die siel die liggaam verlaat? Dis die leestelling van die Apostels Paulus, Jakobus, Petrus, en Johannes, net so ook Mnr. Wesley en enige ander een wat die Evangelie suiwer en volkome verkondig. Ek stel dit duidelik waar ek dit gekry het. Ek het dit in die oorlegginge van God, in die Ou- en Nuwe Testament gekry, toe ek gelees het met geen ander doel as om my eie siel te red nie. Maar wie se leer dit ookal is, wys tog vir my wat se skade daarin kan lê? Bestudeer dit weer van voor af, van voor tot agter, van begin tot einde, en met ernstige aandag.

Uit een oogpunt is dit suiwerheid in voorneme, om die hele lewe aan god toe te wy. Dis om die hele hart aan God te gee, dis een begeerte wat ons hele wese oorheers. Dit is om die hele liggaam, siel en wese in totaliteit aan God toe te wy.

Uit ‘n ander oogpunt is dit die hele gesindheid wat in Christus was, wat ons die vermoë gee om te wandel soos Christus Hy gewandel het. Dis die besnydenis van die hart – die verwydering van alle onreinhied, alle innerlike sowel as uiterlik besoedeling. Dis ‘n hart wat vernuwe is in die hele beeld van God, in algehele gelykenis van Hom wat dit geskape het.

Uit nog ‘n ander oogpunt is dit om God met jou hele hart lief te hê, en jou naaste soos jouself.

Neem dit aan volgens enige van die oogpunte (daar is geen wesenlike verskil nie) en dit bly steeds die algehele en enigste volmaaktheid, soos wat hierdie geskrewe werk bewys. Dit is wat ek vir veertig jaar geglo en verkondig het, van die jaar 1725 tot die jaar 1765.

28. Laat hierdie volmaaktheid sigbaar word in sy ware vorm, en wie sou dan daarteen kon beswaar maak? Sal enigiemand dit waag om iets teen ‘om God met jou hele hart lief te hê, en jou naaste soos jouself’ te sê? Teen die vernuwing van die hart, nie net gedeeltelik nie maar algeheel na die beeld van God? Wie is die een wat sy mond sal oopmaak om iets teen ‘die reiniging van alle besoedeling van die vlees en gees’, of teen ‘om die gesindheid te hê wat in Christus was’ te sê?; Watter mens wat homself ‘n Christen noem kan so hardekoejawel wees dat hy nie alles, siel, liggaam, sy hele wese, aan God toe wil wy nie? Water nugterdenkende mens sal teëstribbel teen om die hele hart aan God te gee sodat Hy ons hele wese kan regeer?

Ek sê dit weer, laat volmaaktheid in volheid verskyn, en niemand sal dit kan teenstaan nie. Dit moet onkenbaar gemaak word alvorens dit teengestaan kan word. As dit met ‘n beervel

oordek word sal mens en dier dalk daardeur afgeskrik word. Wat ookal gebeur, mag die kinders van God ophou om teen die beeld van God te stry. Laat niemand wat in Christus is, dit meer waag om enigiets teen die gesindheid wat in Christus was te sê nie. Mag diegene wat waarlik vir God leef ophou om algehele toewyding van lewens aan God teen te staan. Waarom sal enigiemand in wie se hart die die liefde van God uitgestort is deur die Heilige Gees weier om sy hele hert aan God te gee? Roep alles in jou nie uit: 'Kan hy wat liefhet nie nog meer lief hê nie?' Dis so hartseer dat hulle wat waarlik smag na om God tevrede te stel , dit op enige ander manier probeer bereik! Soveel te meer nog, dat hulle bevrees sal wees en dit as 'n dodelike dwaling en 'n gruwel in God se oë sien om hierdie een strewe te hê wat jou hele wese vul. Hoekom sou toegewyde mense bang wees om hulle hele siel, liggaam, en gees aan God toe te wy? Hoe kan hulle wat Christus liefhet dink dit is 'n verdoemende flater om te dink dat ons die gesindheid kan hê wat in Christus was? Ons glo dat ons sonder verdienste geregverdig is in die geregtigheid en bloed van Jesus Christus. Hoekom is julle dan so gekant daarteen dat ons op dieselfde manier verwag om ook algeheel deur Sy Gees heilig gemaak te word? Ons verwag geen gunste van hulle wat openlik die sonde dien, of van hulle wat net die skyn van godsdiens het nie.

Hoe lank nog sal julle wat God in gees dien, wat "besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie," teen hulle werk wat streef na 'n algehele besnydenis van die hart, hulle wat smag daarna om van alle 'besoedeling van die vlees en die gees' gereinig te word en die 'heiligmaking in die vrees van God volbring'. Is ons nou julle vyande net omdat ons smag na die volle bevryding van 'wat die vlees bedink', wat 'vyandskap teen God is'. Nee, ons is julle broers, julle medewerkers in God se wingerd, julle metgeselle in die koninkryk en geduld van Jesus. Ons erken dat ons, (al is ons dwaas hierin, verdra ons) streef om God lief te hê met ons hele hart, en ons naaste soos ons self. Ons glo dat Hy in hierdie wêreld ons so die gedagtes van ons hart kan reinig deur die inspirasie van Sy Heilige Gees, dat ons Hom volmaak kan liefhê en Sy heilige Naam kan groot maak.

**Laaste gedagtes oor Christelike volmaaktheid**

‘n Paar gedagtes rakende Christelike Volmaaktheid en die wyse waarop en tyd wanneer dit ontvang word, het vanoggend by my opgekom. Ek glo dis belangrik genoeg dat ek dit moet byvoeg.

1. Met volmaaktheid bedoel ek die nederige, sagmoedige en geduldige liefde vir God en my naaste wat my wese, my woorde en my handelinge beheer. Ek ontken nie die moontlikheid om gedeeltelik of ten volle daarvan afvallig te raak nie. Daarom het ek sekere uitdrukkings wat so ‘n onmoontlikheid ondersteun uit ons gesange verwyder. Ek ondersteun nie die term ‘sondeloos’ nie, alhoewel ek dit nie ontken nie.

2. Rakende die wyse van ontvangs. Ek glo dat hierdie volmaaktheid word altyd in een oomblik in die siel gewerk deur ‘n eenvoudige geloofstap. Maar ek glo oog dat ‘n geleidelike werk van die gees daardie oomblik voorafgaan, en ook opvolg.

3. Rakende die tyd. Ek glo dat die oomblik van ontvangs normaalweg die doodsoomblik is, wanneer die siel die liggaam verlaat. Maar ek glo ook dat dit tien, twintig, of veertig jaar vroeër kan gebeur. Ek glo dit gebeur gewoonlik baie jare na regverdigmaking, maar dat dit ook binne vyf jaar, of vyf maande daarna kan gebeur. Ek het geen afdoende bewys van die teendeel nie. As dit baie jare na regverdigmaking moet wees, sal ek graag wil weet hoeveel. *_Pretium quotus arroget annus?_ [Hierdie aanhaling van Horace is as volg deur Boscawen vertaal:—“How many years give sanction to our lines?” en ons kan dit in Afrikaans so stel: hoe lang tydperk sal lank genoeg wees? — Red.]* en hoeveel jare kan ‘n mens verwag tussen volmaaktheid en die dood? Hoe ver vanaf regverdigmaking moet dit wees, en hoe na aan die dood?

LONDON, Jan. 27, 1767.

# Lys van Skrifverwysings


Deuteronomium 6:5 30:6

Psalms 130:8

Jeremia 31:31

Esegiël 36:25 36:25 36:26 36:29 36:29

Sagaria 12:8

Mattheus 5:48 12:37

Markus 16:6 16:7

Lukas 1:69

Johannes 7:39 14:12 17:20-23

Romeine 7:4 8:3 8:4 8:4 8:16 10:4 13:9 13:10 13:10

1 Korinthiërs 2:12 9:21 12:25 13 13

2 Korinthiërs 1:22 7:1

Galasiërs 5:5

Efesiërs 1:13 3:14 4:30 5:25-27

Fillipense 1:29 3:15

1 Thessalonisense 5:16 5:16 5:23

1 Timotheus 1:5

Titus 2:11-14

Hebreërs 6:1 8:10 10:14 10:29

1 Petrus 1:11

1 Johannes 2:15 3:8 4:17 4:18 5:19

**Woordverklarings en ander verduidelikings**

1. Lees meer oor die besnydenis van die hart in Rom 2:29 en Kol 2:11.
2. Die term 'Metodis' verwys na die spotnaam wat eerw. Wesley en sy vriende gekry het a.g.v. hulle metodiese en gedissiplineerde leefwyse. Dit verwys nie na die Metodistekerk van vandag nie.
3. Dis net so in die oorspronklike antieke Engels behou. Die skoonheid van 'n gedig of lied gaan meestal verlore gaan as daar probeer word om dit in 'n ander taal weer te gee. Lees dit gerus met 'n oop gemoed in die oorspronklike antieke Engels.
4. Waar die '33/'53 Afrikaanse vertaling die woord 'struikeling' gebruik, praat die KJV van 'offences' d.w.s. oortredings.
5. Eerw. Wesley haal 2 Kor 6:15 aan. Strongs se woordverklaring wys 'Bélial' as 'n ander naam vir die Bose.
6. Die Engelse redaksie wys hierdie nota die eerste keer in 1765 bygevoeg is.
7. 'Apologetiek' word deur die Nasionale Woordeboek beskryf as 'Die Wetenskap van geloofsverdediging'. Dit verwys dus nie na 'verskoning maak', soos ons normaalweg na 'apologie' verwys nie, maar na die wetenskaplike bekragtiging van die Teologie.
8. Gaston de Renty was 'n Franse mistikus wat heiligmaking nagestreef het, maar gefouteer het deur dit deur fisiese dade te probeer bereik, soos om 'n ystergordel te dra. (Lees meer by www.allcreatures.org).
9. Dit kon nie bepaal word wat eerw. Wesley met hierdie sin wou tuisbring nie – Red.
10. Hierdie twee verwysings kon nie opgespoor word nie, alhoewel dit duidelik is dat eerw. Wesley iemand aangehaal het. – Red.)
11. 'n Nota ter verduideliking: die *Mosaiëse bedeling* verwys na die hele politieke/ kulturele/godsdienstige sisteem van wat om die Pentateug gebou is. Die Pentateug verwys na die eerste vyf boeke van die Bybel wat aan Moses toegeskryf word – vandaar die term.
12. Eerw. Wesley gebruik die woord 'enthusiasm' om iemand te beskryf wat op loop gaan met 'n opinie – wat boonop meestal verkeerd is. Die beste woord waarmee ons in Afrikaans vorendag kon kom is 'heethoofdigheid'.
13. Ons het dit goed gedink om hierdie gedeelte onder 'n aparte opskrif te plaas aangesien dit so waardevol vir geestelike groei is.
14. Antinomianisme glo dat Christene deur die genade nie meer onder verpligting staan om etiese of morele wette te onderhou nie. Kyk gerus na Rom 3:31.
15. Gaan lees Rig 12.
16. Solifidianisme glo dat geloof sonder werke genoeg is om redding te verseker, dit kom van die Latyns 'Sola Fide'.